HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

University Free State
34300000971618
Universiteit Vrystaat

# `N PSIGO-OPVOEDKUNDIGE ONDERSOEK NA NEURO-LINGUïSTIESE PROGRAMMERING AS PSIGOTERAPEUTIESE MODEL

C.M. VORSTER

# `N PSIGO-OPVOEDKUNDIGE ONDERSOEK NA NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING AS PSIGOTERAPEUTIESE MODEL

*deur*

CATHARINA MARGARETHA VORSTER

(B.Prim.Ed., B.Ed., M.Ed.)

*Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad*

**Philosophiae Doctor**

in die

**FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE**

**DEPARTEMENT PSIGO-OPVOEDKUNDE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**

**BLOEMFONTEIN**

**PROMOTOR: PROF. JOHANN DU PLOOY**

**NOVEMBER 2001**

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

- 9 MAY 2002

UOVS SASOL BIBLIOTEEK

# Verklaring

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad Philosophiae Doctor aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir `n graad aan `n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van outeursreg op die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

**C.M. VORSTER**

November 2001

Opgedra aan:

*Wikus*

*en*

*my ouers*

# Bedankings

Bewus van my eie beperkinge, is ek diep dankbaar en erkentlik teenoor my Hemelse Vader wat my deur Sy krag en genade in staat gestel het om hierdie studie te kon voltooi. Aan Hom alléén die eer.

Aan alle persone wat meegehelp het om hierdie studie af te handel, my opregte dank. Teenoor die volgende persone is ek veral veel verskuldig:

- prof. Johann du Plooy, my promotor, vir sy voortdurende motivering en rigtinggewende leiding;
- mev. Annetjie Mostert vir die keurige tegniese versorging en mev. Hannemarie Bezuidenhout vir die deeglike taalversorging van hierdie proefskrif;
- Wikus, vir al sy onbaatsugtige opofferings, aanmoediging en ondersteuning gedurende my studie;
- my ouers, vir voortdurende belangstelling en bemoediging tydens my studie. Ek het 'n groot waardering vir al die geleenthede wat hulle vir my moontlik gemaak het; en
- vriende en kollegas, vir volgehoue ondersteuning en belangstelling.

**C.M. Vorster**
November 2001

# Inhoudsopgawe

Bladsy

ALGEMENE ORIëNTERING ... 1

## Artikel 1:

NEURO-LINGUïSTIESE PROGRAMMERING: 'N HISTORIESE OORSIG

1.1 INLEIDING ... 2

1.2 PROBLEEM- EN DOELSTELLING ... 3

1.3 BEGRIPSOMSKRYWING ... 4

1.4 HISTORIESE AGTERGROND VAN NLP AS PSIGOTERAPEUTIESE MODEL ... 5
1.4.1 Milton H. Erickson ... 9
1.4.1.1 Pasaangewing en afleiding van die dominante hemisfeer van die brein ... 10
1.4.1.2 Linguïstiese onderskeidings in en die gebruikmaking van die dominante hemisfeer van die brein ... 11
1.4.1.3 Toegang tot die nie-dominante hemisfeer van die brein ... 12
1.4.1.4 Nie-verbale patrone in die hipnotiese werk van Erickson ... 13
1.4.2 Virginia Satir ... 14
1.4.2.1 Die insameling van inligting ... 15
1.4.2.2 Transformasie van die sisteem en konsolidasie van veranderings ... 17
1.4.2.3 Die belangrikste vooronderstellings in gesinsterapie ... 17
1.4.2.4 Gespesialiseerde tegnieke ... 18
1.4.3 Fritz Perls ... 18
1.4.3.1 Die persoonlikheidsteorie ... 19
1.4.3.2 Psigoterapeutiese doelstellings ... 19
1.4.3.3 Eienskappe van gestaltterapie ... 20
1.4.3.4 Werkwyses in gestaltterapie ... 21
1.4.4 Samevattende perspektiewe ... 22

1.5 GEVOLGTREKKINGS ... 23

1.6 SAMEVATTING ... 24

BIBLIOGRAFIE ... 25

Bladsy

## Artikel 2:

'N PSIGO-OPVOEDKUNDIGE ONDERSOEK NA DIE KONSEPTE ONDERLIGGEND AAN DIE NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERINGSMODEL


| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | **INLEIDING** | 28 |
| **2.2** | **PROBLEEM- EN DOELSTELLING** | 29 |
| **2.3** | **ALGEMENE OORSIG VAN NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING** | 29 |
| 2.3.1 | Die verband tussen NLP en ander vakgebiede | 30 |
| 2.3.2 | Die studie van uitnemendheid en die subjektiewe ervaringstruktuur | 30 |
| 2.3.3 | Die ervaringsaard van NLP | 31 |
| **2.4** | **VOORONDERSTELLINGS VAN DIE NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERINGSMODEL** | 32 |
| 2.4.1 | Vooronderstellings aangaande die verwerking van gedagtes | 33 |
| 2.4.2 | Vooronderstellings aangaande menslike gedrag/reaksies | 34 |
| 2.4.3 | Vooronderstellings aangaande kommunikasie | 34 |
| 2.4.4 | Leer-Keuse-Veranderingsvooronderstellings | 35 |
| **2.5** | **BELANGRIKSTE KONSEPTE ONDERLIGGEND AAN DIE NLP-MODEL** | 36 |
| 2.5.1 | Modellering | 36 |
| 2.5.2 | Voorstellings (modelle) van die wêreld | 37 |
| 2.5.3 | Die meta-model in psigoterapie | 38 |
| 2.5.4 | Voorstellingsisteme | 41 |
| 2.5.4.1 | Predikate | 45 |
| 2.5.4.2 | Toegangsaanduidings | 46 |
| 2.5.4.3 | Die sleutelkomponente van voorstellingsisteme | 47 |
| 2.5.4.3.1 | Submodaliteite | 47 |
| 2.5.4.3.2 | Strategieë | 48 |
| **2.6** | **GEVOLGTREKKINGS** | 49 |
| **2.7** | **SAMEVATTING** | 50 |
| **BIBLIOGRAFIE** | | 51 |

Bladsy

## Artikel 3:

**'N PSIGO-OPVOEDKUNDIGE PERSPEKTIEF OP DIE ALGEMENE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE VAN NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING**

**3.1 INLEIDING** ..... 54

**3.2 PROBLEEM- EN DOELSTELLING** ..... 54

**3.3 ALGEMENE NLP-VAARDIGHEDE EN -TEGNIEKE** ..... 56
3.3.1 NLP-vaardighede ..... 57
3.3.1.1 Pasaangewing, leiding en rapportskepping ..... 57
3.3.1.2 Weerspieëling ..... 58
3.3.1.3 Uitlokkingstrategieë deur predikate ..... 59
3.3.1.4 Oogbewegings en ander nie-verbale toegangsaanduidings ..... 59
3.3.1.4.1 Oogbewegings ..... 59
3.3.1.4.2 Gebare as toegangsaanduidings ..... 62
3.3.1.4.3 Asemhalingsveranderings ..... 62
3.3.1.4.4 Liggaamshouding, spiertonusveranderings en liggaamsbou ..... 62
3.3.1.4.5 Velkleurverandering ..... 63
3.3.1.5 Kalibrering ..... 63
3.3.2 NLP-tegnieke ..... 64
3.3.2.1 NLP-kommunikasietegnieke ..... 65
3.3.2.1.1 Modellering ..... 65
3.3.2.1.2 Ankering ..... 66
3.3.2.1.3 Die "Swish"-patroon ..... 68
3.3.2.1.4 Die gebruikmaking van metafore ..... 69
3.3.2.2 NLP-esoteriese tegnieke ..... 70
3.3.2.2.1 Verandering van persoonlike geskiedenis ..... 70
3.3.2.2.2 Herkadering ..... 71
3.3.2.2.3 Visueel-kinestetiese dissosiasie (ontbinding of skeiding) ..... 72
3.3.2.2.4 Pragmagiese tegnieke ..... 73

**3.4 GEVOLGTREKKINGS** ..... 74

**3.5 SAMEVATTING** ..... 75

**BIBLIOGRAFIE** ..... 76

Bladsy

## Artikel 4:

**'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE TOEPASSING VAN NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING OP KINDERS IN DIE SUID-AFRIKAANSE TERAPEUTIESE KONTEKS**

4.1 INLEIDING ..... 78

4.2 PROBLEEM- EN DOELSTELLING ..... 79

4.3 NAVORSINGSONTWERP ..... 81
4.3.1 Ondersoekgroep ..... 81
4.3.2 Navorsingsinstrument ..... 81
4.3.3 Ontleding van data ..... 82

4.4 RESULTATE ..... 82
4.4.1 Verwerkingstrategie ..... 82
4.4.2 Bevindings ..... 84
4.4.2.1 Beskrywende statistiek ..... 84
4.4.2.2 Inferensiële (afleidende) statistiek ..... 90

4.5 BESPREKING VAN BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS ..... 95

4.6 SAMEVATTING ..... 98

BIBLIOGRAFIE ..... 99

Bladsy

## Artikel 5:

**NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING: 'N KRITIESE EVALUERING**


5.1 INLEIDING ....101

5.2 PROBLEEM- EN DOELSTELLING ....102

5.3 GRONDLIGGENDE STROMINGE VAN DIE NLP-MODEL ....102
5.3.1 Die postmodernisme ....103
5.3.2 Die neo-gnostisisme ....103
5.3.3 Die diepte-psigologie van Jung ....105
5.3.4 Die pragmatisme ....107

5.4 KRITIESE EVALUERING VAN NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING ....108
5.4.1 Evaluering van NLP-tegnieke ....108
5.4.1.1 NLP-kommunikasietegnieke ....108
5.4.1.2 NLP-esoteriese tegnieke ....110
5.4.2 Positiewe toepassingswaarde van NLP ....111
5.4.2.1 Die uitdaging van NLP ....113
5.4.2.2 NLP as konstruktivistiese model ....113
5.4.2.3 Merkbare resultate binne 'n kort tyd ....114
5.4.3 Algemene kritiekpunte teen NLP ....115
5.4.4 Perspektiewe op navorsingsliteratuur aangaande die NLP-model ....117
5.4.4.1 Voorstellingsisteme ....120
5.4.4.2 Predikate en oogbewegings as toegangsaanduidings ....121
5.4.4.3 Samevattende perspektiewe ....122

5.5 GEVOLGTREKKINGS ....123

5.6 SAMEVATTING ....124

BIBLIOGRAFIE ....124

BYLAE A: VRAELYS ....129

OPSOMMING ....150
*ABSTRACT* ....152
SLEUTELTERME / *KEY CONCEPTS* ....154

# Lys van tabelle

Bladsy

## Artikel 2:

Tabel 2.1: Maak sin (betekenis) uit die wêreld ........ 32

Tabel 2.2: Gedragskenmerke waardeur die primêre voorstellingsisteme van leerders geïdentifiseer kan word ........ 43

Tabel 2.3: Lys van predikate ........ 46

## Artikel 4:

Tabel 4.1: Frekwensie-ontleding van biografiese data van respondente (N = 168) ........ 84

Tabel 4.2: Frekwensie-ontleding van die algemene bekendheid van Suid-Afrikaanse sielkundiges met NLP as psigoterapeutiese model ........ 86

Tabel 4.3: Frekwensie-ontleding van die NLP-tegnieke en -vaardighede wat oor die algemeen die meeste in terapie met kinders vereis (aangewend) word ........ 87

Tabel 4.4: Frekwensie-ontleding van hoe gereeld NLP in terapie met kinders gebruik word ........ 87

Tabel 4.5: Frekwensie-ontleding van die ouderdomme van kinders op wie sielkundiges NLP-tegnieke die meeste toepas ........ 88

Tabel 4.6: Frekwensie-ontleding van die probleme by kinders wat die vinnigste en positiefste deur die gebruikmaking van NLP-tegnieke opgelos word ........ 88

Tabel 4.7: Frekwensie-ontleding van waarom die NLP-model in terapie verkies word ........ 89

Tabel 4.8: Frekwensie-ontleding van waarom die NLP-model nie in terapie met kinders verkies word nie ........ 89

Tabel 4.9: Die verband tussen die kategorie waarin respondente as sielkundiges geregistreer is en die algemene bekendheid met NLP ........ 91

Tabel 4.10: Die verband tussen die kategorie waarin respondente as sielkundiges geregistreer is en die toepassing van NLP in terapie met kinders ........ 91

**Bladsy**

Tabel 4.11:Die verband tussen die kategorie waarin respondente as sielkundiges geregistreer is en of hulle NLP-opleiding ondergaan het........92

Tabel 4.12:Die verband tussen die kategorie waarin respondente as sielkundiges geregistreer is en die hoogste NLP-kwalifikasie wat verwerf is........93

Tabel 4.13:Die verband tussen of sielkundiges NLP-opleiding ondergaan het en die toepassing van NLP op kinders in terapie........93

# Algemene oriëntering

Hierdie proefskrif is aan die hand van Regulasie B5.19 van die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat gedoen wat bepaal dat 'n proefskrif alternatiewelik ook in vyf verbandhoudende artikels oor 'n goedgekeurde navorsingsonderwerp in publikasiegereed formaat voorgelê kan word.

Soos op die titelblad aangedui, is die oorkoepelende titel van hierdie proefskrif die volgende: *'n Psigo-opvoedkundige ondersoek na Neuro-linguïstiese Programmering as psigoterapeutiese model.* Die inhoud van die proefskrif bestaan uit vyf temas wat in die volgende artikels weerklank vind:

| | |
|---|---|
| Artikel 1: | Neuro-linguïstiese Programmering: 'n Historiese oorsig |
| Artikel 2: | 'n Psigo-opvoedkundige ondersoek na die konsepte onderliggend aan die Neuro-linguïstiese Programmeringsmodel |
| Artikel 3: | 'n Psigo-opvoedkundige perspektief op die algemene vaardighede en tegnieke van Neuro-linguïstiese Programmering |
| Artikel 4: | 'n Empiriese ondersoek na die toepassing van Neuro-linguïstiese Programmering op kinders in die Suid-Afrikaanse terapeutiese konteks |
| Artikel 5: | Neuro-linguïstiese Programmering: 'n Kritiese evaluering |

Die opsomming, wat heel agter in hierdie proefskrif verskyn, dien ook as samevatting van die bevindings en gevolgtrekkings waartoe die navorser in elke artikel gekom het.

*Artikel 1*

# NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING: 'N HISTORIESE OORSIG


***Opsomming***

*Die Neuro-linguïstiese Programmeringsmodel (NLP-model) het sy ontstaan te danke aan twee Amerikaanse psigoloë, Richard Bandler en John Grinder, in die vroeë 1970's. Hierdie twee grondleggers van NLP wou hoofsaaklik patrone identifiseer wat deur uitstaande terapeute aangewend word. Vir hierdie doel het Bandler en Grinder 'n intensiewe studie uitgevoer waarin hulle hoofsaaklik die werkwyses van deskundiges in die psigologie ondersoek het. Dié werkwyses is in patrone neergeskryf en uiteindelik is die sogenaamde NLP-model ontwikkel wat vandag op 'n wye verskeidenheid terreine, waarvan psigoterapie met kinders en die onderwys enkeles is, gebruik word. In hierdie bespreking van die historiese ontwikkeling van NLP sal die fokus eerstens op die oorsprong van die grondliggende patrone van die NLP-model val. Tweedens sal ook gepoog word om vas te stel of die NLP-model relevansie vir die psigo-opvoedkunde besit.*


## 1.1 INLEIDING

Volgens Bodenhamer en Hall (1999:xii) het die getal mense wat by Neuro-linguïstiese Programmering (NLP) betrokke is na die ontstaan van die model dramaties toegeneem. NLP word vandag wêreldwyd aangewend en daar bestaan NLP-institute regoor die wêreld. Alhoewel NLP moontlik nog oor die algemeen 'n relatief nuwe verskynsel in Suid-Afrika is, beweer Steyn (1999:113,119) dat dit ook in Suid-Afrika toenemend deur sielkundiges (terapeute) in terapeutiese sessies aangewend word, asook deur privaatonderwysers wat van NLP-tegnieke gebruik maak. Childers (1989:204) verklaar dat NLP veelvuldige toepassingsmoontlikhede op kinders in terapie, en ook in die onderwys, het. Die aanname kan dus gemaak word dat NLP nie net op volwassenes in die Suid-Afrikaanse terapeutiese konteks toegepas word nie, maar ook op kinders. Alhoewel die mate waarin NLP deur Suid-Afrikaanse sielkundiges toegepas word, nog tot op hede onbekend was, sal die resultate van 'n empiriese studie waarin bepaal is tot watter mate sielkundiges NLP spesifiek op kinders in Suid-Afrika toepas, in 'n volgende artikel aandag verdien (vergelyk Artikel 4).

## 1.2 PROBLEEM- EN DOELSTELLING

Alhoewel die NLP-model al vir 'n paar dekades lank in oorsese lande (in terapie met kinders, in die onderwys en op vele ander terreine) aangewend word, blyk dit asof die bewuswording en die latere gebruikmaking van NLP in terapie en op ander terreine eers in die afgelope dekade in Suid-Afrika opgang begin maak het. As een van die redes vir hierdie aanname kan aangevoer word dat daar maar eers onlangs in 2000 'n NLP-instituut in Suid-Afrika gestig is, naamlik *The Southern African Association of NLP* (McIntosh, 2001:1). Na aanleiding van 'n soektog wat deur die NRF (*National Research Foundation*) op die *Nexus*-databasis (lopende en afgehandelde Suid-Afrikaanse navorsing) uitgevoer is, is vasgestel dat geen proefskrif/verhandeling nog oor NLP in Suid-Afrika voltooi is nie. Die relatiewe nuutheid van NLP in Suid-Afrika spreek voorts uit die feit dat 'n deeglike literatuurstudie aan die lig gebring het dat daar in 'n beperkte mate artikels aangaande hierdie onderwerp in Suid-Afrikaanse tydskrifte verskyn het (vergelyk Steyn, 1999; Bester, Nainaar & Roodt, 2000). Geen ondersoek is egter nog in Suid-Afrika oor die historiese onstaan van die NLP-model uitgevoer nie.

Die navorsingsprobleem van hierdie artikel spruit uit die relatiewe nuutheid van die NLP-model in Suid-Afrika, sowel as uit die bewerings dat Suid-Afrikaanse sielkundiges dit toenemend aanwend en ook sekerlik op kinders toepas. As vertrekpunt in hierdie reeks van artikels aangaande die NLP-model, is dit gevolglik noodsaaklik dat die volgende probleemvrae (as navorsingsprobleem) aangaande NLP ook deur plaaslike psigo-opvoedkundige navorsers verken, verklaar en beskryf word, naamlik: Wie is die grondleggers van NLP en wat was hul beweegredes vir die ontwikkeling van die NLP-model? Wat is die oorsprong van die grondliggende patrone van die NLP-model? Besit die NLP-model relevansie vir die psigo-opvoedkunde? Die feit dat daar nie 'n vaste ontwikkeling van NLP bestaan nie en dat dit steeds ontwikkel, bemoeilik egter die taak om 'n historiese oorsig in die ware sin van die woord te gee. Tog sal daar as vertrekpunt, na aanleiding van 'n deeglike literatuurstudie, aandag aan 'n begripsomskrywing sowel as die grondleggers van NLP gegee word.

Hoewel hierdie studie binne die psigo-opvoedkunde uitgevoer word en NLP dus vanuit 'n psigo-opvoedkundige hoek beskou word, is dit noodsaaklik dat 'n breër perspektief op NLP (weens die omvattende aard daarvan) gegee word. Die doel van hierdie artikel is tweeledig:

Eerstens, om binne die groter psigoterapeutiese geheel 'n historiese perspektief op NLP te verskaf. In die psigo-opvoedkundige konteks blyk bogenoemde doel nie vreemd te wees nie, aangesien die psigo-opvoedkunde inderdaad met die psigologie (sielkunde) verband hou. Die verskil is dat, waar die psigologie op die psigiese lewe van mense oor die algemeen fokus, die psigo-opvoedkunde bloot "wil deurdring tot die wese van die kind wat opgevoed word in sy ontwikkelingstadia op weg na volwassenheid. Dit het as studieterrein al daardie probleme wat uit die opvoedingsgebeure na vore kom en wat van oorwegend sielkundige aard is" (Pretorius, 1982:7). Tweedens is die doel om, aangesien die psigo-opvoedkunde volgens Mwamwenda (1996:4) spesifiek op die psigiese lewe van kinders fokus, te poog om (waar moontlik) die toepassingsmoontlikhede van die NLP-model in hulpverlening in psigoterapie aan kinders uit te wys. Aangesien die geskiedenis van die ontstaan van NLP in oënskou geneem word, val dit nie binne die bestek van hierdie artikel om 'n kritiese evaluering van die NLP-model te gee nie (vergelyk Artikel 5 vir 'n kritiese evaluering).

## 1.3 BEGRIPSOMSKRWYING

Derks en Hollander (2000:34,40-41) gaan van die standpunt uit dat NLP deur drie definisies beskryf kan word wat in wisselwerking tot mekaar staan, naamlik:

- NLP is die studie van die struktuur van die subjektiewe ervaring;
- NLP is modellering, wat die proses insluit waardeur die suksesvolle handelinge en gedrag van ander persone waargeneem en nageboots word; en
- NLP is 'n kommunikasietegnologie ('n samehangende geheel van onderskeidings, houdings, vaardighede en tegnieke) wat wyses bied waardeur persone die effektiwiteit van hul kommunikasie kan verhoog. Effektiewe kommunikasie is oor die algemeen, maar spesifiek ook byvoorbeeld in terapie met kinders onontbeerlik, aangesien dit gaan om die verkryging van inligting oor 'n kind se subjektiewe ervaring. Sonder effektiewe kommunikasie bemoeilik dit die taak om 'n ander persoon te modelleer.

Vervolgens word op die betekenis van die drie letters, *NLP*, gelet. Deur middel van *Neuro* (afgelei van die Griekse *neuron*, wat senuwee beteken), in die NLP-titel, word die fundamentele idee erken dat alle gedrag van mense (insluitend kinders) uit die neurologiese prosesse van sig, gehoor, reuk, smaak, tas en gevoel spruit. Die neurologiese elemente van NLP verwys na die innerlike ervaring wat geaktiveer word deur impulse van die sentrale senuweestelsel. *Linguïsties* (afgelei van die Latynse woord *lingua*, wat taal beteken) dui op

die feit dat taal gebruik word om denke en gedrag te orden en om met ander te kommunikeer. Die linguïstiese elemente van NLP kan opgesom word as 'n poging om die mens se innerlike ervaring in taal te beskryf (Dilts, Grinder, Bandler & DeLozier, 1980:2; O'Conner & McDermott, 1996:xi; O'Conner & Seymour, 1990:23; Steyn, 1994:27).

*Programmering* (as rekenaarwetenskaplike term) is afgelei van die woord *programma* wat "'n reeks van instructies die beskrijft hoe gegevens verwerkt moeten worden" beteken (Derks & Hollander, 2000:42). Hierdie term sluit in dat mense hulle subjektiewe ervarings só kan organiseer dat hulle 'n bepaalde effek kan bereik. 'n Nuwe organisasie van dieselfde sintuiglike indrukke lei tot 'n nuwe belewing en nuwe gedagte- en gedragsmoontlikhede. In NLP beteken hierdie programmering dat mense hul huidige denke en gedrag kan verander en organiseer na dít wat hulle graag wil, om sodoende resultate te verkry en 'n sekere doel te bereik (Andreas & Faulkner, 1998:27,34). Programmering het dus met die proses van gedragsmodifikasie te make. NLP is inderdaad 'n konsep wat te make het met die integrering van die drie belangrikste attribute in die verstaan van menslike persepsies, naamlik die senuweestelsel, taal en programmering (Steyn, 1995:1; 1999:114-115).

NLP kan ook bondig opgesom word as "'n subjektiewe waarneming, bestudering, kodering en modellering van uitnemende menslike gedragspatrone" (Steyn, 1994:27). NLP is die proses waardeur die bewuste en onbewuste subjektiewe ervaring van menslike sisteme gemodelleer word. Aangesien NLP met die struktuur van menslike subjektiewe ervaring te make het, sluit dit ook in hoe mense dít wat hulle sien, hoor en voel, organiseer, asook hoe hulle die buitewêreld deur hul sintuie filtreer (suiwer) en verwerk. NLP ondersoek hoe die mens bogenoemde in taal beskryf en hoe daar, intensioneel sowel as nie-intensioneel, te werk gegaan word om resultate te verkry (Dilts *et al.*, 1980:i). Voorts kan gestel word dat NLP volgens O'Conner en Seymour (1990:163) aanvanklik as psigoterapeutiese model ontwikkel is en deur sielkundiges aangewend is om veral die balans in kliënte (pasiënte) se lewensuitkyk te herstel. Later het die toepassingsmoontlikhede van die NLP-model egter uitgebrei en dit blyk dat NLP vandag ook op vele ander terreine toegepas word.

## 1.4 HISTORIESE AGTERGROND VAN NLP AS PSIGOTERAPEUTIESE MODEL

Twee Amerikaanse psigoloë, Richard Bandler en John Grinder het in die vroeë 1970's die NLP-model geïnisieer (Christensen, Levinson & Grinder, 1990:522; Johnston, 1998:6;

Turner & Andrews, 1994:123). Hul belangstelling in die wyse waarop taal verandering in mense teweeg kan bring, het as inspirasie gedien om 'n linguïstiese model (NLP) vir die terapeutiese proses te ontwikkel. Bandler en Grinder het van die standpunt uitgegaan dat alle vakgebiede hul eie deskundiges, wat deur ander gemodelleer kan word, oplewer (Hall & Bodenhamer, 1999:4). Hulle wou dus, volgens Rycroft (1995:16-17), uitvind wat sommige mense so uitnemend in hulle onderskeie gebiede maak. Die grondleggers van NLP wou nie 'n nuwe rigting in terapie inslaan nie, maar wou hoofsaaklik patrone identifiseer wat deur uitstaande terapeute aangewend word.

Vir hierdie doel het Bandler en Grinder 'n intensiewe studie uitgevoer waarin hulle hoofsaaklik drie deskundiges in die psigologie ondersoek het, naamlik Milton H. Erickson (hipnoterapie), Virginia Satir (gesinsterapie) en Fritz Perls (gestaltterapie). Alhoewel hierdie deskundiges uiteenlopende persoonlikhede gehad het, blyk dit dat hulle dieselfde onderliggende patrone in hul terapie gebruik het. Dié deskundiges se werkwyses is bestudeer en in patrone neergeskryf, oftewel, gemodelleer (Bandler & Grinder, 1979:3; O'Conner & Seymour, 1990:22; Singer & Lalich, 1996:169). Bandler en Grinder het uiteindelik, volgens Alder (1996:15), hierdie patrone verfyn en 'n model gebou wat effektiewe kommunikasie, versnelde leer, persoonlike verandering en prestasie in enige veld kan bevorder.

Bandler en Grinder het hulle nie met teorieë bemoei nie, maar wou hoofsaaklik modelle skep van die werkwyses van suksesvolle terapeute wat in die praktyk funksioneel is, of anders gestel, hulle wou hierdie werkwyses modelleer. Hulle het uiteindelik die NLP-(kommunikasie)model, wat aanvanklik in psigoterapie (met kinders sowel as volwassenes) gebruik is, geïmplementeer (Bodenhamer & Hall, 1999:xii). Voorts bestaan hierdie model uit gekombineerde metodes van die linguïstiek, neurologie, psigologie en sibernetika (kommunikasie binne komplekse sisteme, beide meganies en lewend), wat tot 'n nuwe en unieke geheel saamgevoeg is (Kruger, 1999:18; Steyn, 1994:26). Volgens Raudsepp (1993:28) het hierdie samevoeging 'n nuwe sisteem vir die verstaan en beïnvloeding van menslike gedrag tot gevolg gehad, asook strategieë wat mense sou help om ander meer noukeurig te "lees" en dus te verstaan.

Bandler en Grinder het hulle bevindings in vier boeke, wat tussen 1975 en 1977 gepubliseer is, opgeteken. In Bandler en Grinder se eerste werk (*The structure of magic 1 and 2*), word

die verbale en gedragspatrone van die uitnemende terapeute, Fritz Perls en Virginia Satir, geïdentifiseer. In hulle volgende werk (*Patterns of the hypnotic techniques of Milton H. Erickson 1 and 2*) bestudeer Bandler en Grinder die verbale en gedragspatrone van die bekende hipnoterapeut, Milton H. Erickson. Na aanleiding van hierdie werke en hul eie individuele bydraes, het Bandler en Grinder modelleringstegnieke gevorm wat daarna as "Neuro-linguïstiese Programmering" bekend sou staan. Die basis van die NLP-model word deur Bandler en Grinder in 'n reeks boeke beskryf, waarvan *Frogs into princes* (1979) en *Reframing* (1982) enkeles is (Dilts, 1999:1-2).

Daarna het baie literatuur oor NLP die lig gesien. Die skrywers Gregory Bateson (antropoloog en skrywer oor kommunikasie, sibernetika en sisteemteorie) en Paul Watzlawick (psigo-analis) het waardevolle bydraes tot NLP gemaak. In 1952 het Bateson 'n uitgebreide studie uitgevoer waarin hy onder andere die volgende ondersoek het: kommunikasie in hipnose, neurotiese kommunikasie, psigoterapie en gesinsterapie. In die 1970's het Bandler en Grinder by hierdie studie betrokke geraak en dit het verder bygedra tot die ontwikkeling van die NLP-model. In die ontwikkeling van die NLP-model het Bandler en Grinder ook die werke van taalkundiges soos Noam Chomsky en Alfred Korzybski bestudeer en daardeur hul kennis van taalpatrone uitgebrei (Knight, 1996:7; O'Conner & McDermott, 1996:xii; Zastrow, 1992:483).

NLP het vanaf die aanvanklike modelle in twee komplementêre rigtings ontwikkel: eerstens as proses om patrone van uitnemendheid in enige veld te ontdek, en tweedens, as die effektiewe wyses van denke en kommunikasie wat deur uitstaande persone aangewend word (O'Conner & Seymour, 1990:22-23). Daar is sedert die ontstaansjare van die NLP-model vaardighede en gereedskap ontwikkel, waardeur beter kommunikasie en verandering op 'n wye verskeidenheid terreine (ook buite die psigoterapeutiese raamwerk) bewerkstellig kon word, insluitende onderwys, berading, kommunikasie, kreatiwiteit, bestuur, geneeskunde, verkope, leierskap, sport, ouerskap en die regte (Bester *et al.*, 2000:46; Blackerby, 1996:189). Aangesien hierdie studie in die psigo-opvoedkunde uitgevoer word en dus op kinders in hulle opwegwees na volwassewording gefokus word, word vervolgens kortliks aan één van die bogenoemde terreine, naamlik die onderwys, aandag gegee. Steyn (1999:113) het byvoorbeeld in Nederland bevind dat NLP-tegnieke ook as opvoedingsmetodes in skole en opvoedingsinstansies aangewend word. Sy is van mening dat daar moontlik vanuit die

Nederlandse situasie versigtig na die Suid-Afrikaanse onderwyskonteks ge-ekstrapoleer mag word.

Volgens sommige skrywers kan die toepassing van NLP-tegnieke tot doeltreffende identifisering van en hulpverlening ten opsigte van leerprobleme (soos byvoorbeeld disleksie, aandagtekort, asook leesprobleme) by kinders lei, aangesien negatiewe gevoelens van mislukking hierdeur by leerders in positiewe gevoelens van selfwaarde en bekwaamheid omskep kan word (Andreas & Andreas, 1987:x; Arnold & Swaby, 1984:833; Blackerby, 1996:151). Volgens Waldheim (1987:306) en Woerner en Stonehouse (1988:517) bied NLP 'n model vir leersukses waardeur leerders op alle vlakke gemotiveer en onderrig kan word. Volgens Cleveland (1987:147) kan onderwysers, en spesifiek ook remediërende onderwysers, NLP aanwend om negatiewe gesindhede soos byvoorbeeld toetsangs by leerders te verander in positiewe reaksies. Cleveland (1987:171-173) lig ook NLP-leerpatrone uit wat vir wiskunde, die herroeping van spelwoorde, om kreatief te skryf en om leerders te motiveer, gebruik kan word. Bloot op grond van bogenoemde voorbeelde wil dit blyk asof die NLP-model tog relevansie vir die psigo-opvoedkunde besit.

Ten laaste kan verklaar word dat daar sedert die ontstaansjare van die NLP-model (veral in die pas afgelope dekade) baie veranderings in dié model plaasgevind het. Eerstens het die grense van dít waarmee NLP-ers (hiermee word bedoel persone wat van NLP gebruik maak) hulle besig hou in die negentigerjare verskuif vanaf 'n klem op die vermoëns van 'n persoon in die rigting van spiritualiteit. In hierdie tyd het Robert Dilts, wat reeds waardevolle bydraes tot NLP gemaak het, die hiërargie van logiese vlakke ('n oorspronklike konsep van George Bateson wat slegs aangepas is om dit sodoende op leer, persoonlike verandering en kommunikasie van toepassing te maak) bekendgestel, naamlik spiritualiteit (besieling); identiteit (missie); oortuigings (waardes en motivering); vermoëns (rigting); gedrag (aksie) en omgewing (reaksie). Die hoër vlakke organiseer die inligting op die onderliggende vlakke. In NLP word geen prinsipiële besware ervaar ten opsigte van 'n wêreldmodel waarin spirituele entiteite voorkom nie (vergelyk Alder, 1996:46-47; Derks & Hollander, 2000:19,532,599,679; Knight, 1996:166-170; O'Conner & McDermott, 1996:3-4; O'Conner & Seymour, 1990:88-90). Volgens O'Conner en Seymour (1990:88) voorsien hierdie logiese vlakke 'n raamwerk waarbinne daar oor NLP-tegnieke besin kan word, asook vir die

organisering en insameling van inligting, sodat die terapeut die beste tyd kan identifiseer om in te gryp om die verlangde verandering te bewerkstellig.

'n Verdere verandering was dat daar, volgens Hall (2000:1), byvoorbeeld sedert die laat negentigerjare ten opsigte van die NLP-model 'n beweging in die rigting van Neuro-semantiek plaasgevind het ("a new NLP is emerging"). Neuro-semantiek kan as 'n verlengstuk van NLP beskou word, aangesien dit wil voorkom asof dit ten volle op NLP geskoei is. Hoewel dit nie binne die strekking van hierdie artikel val nie, kan as aanbeveling vir verdere navorsing gestel word dat die omvang en toepassing van Neuro-semantiek oor die algemeen, maar ook in die besonder in Suid-Afrika, ondersoek moet word.

Aangesien die werkwyses van die drie deskundiges, Erickson, Satir en Perls, as die grondliggende patrone van die NLP-model beskou kan word, is die doel met die volgende afdelings om die belangrikste patrone in hul werke uit te lig. Vanuit 'n psigo-opvoedkundige raamwerk moet vervolgens in gedagte gehou word dat die begrippe *mens(e), persoon(e)* en *kliënt(e)* telkens ook kinders, en nie net volwassenes nie, insluit.

### 1.4.1 Milton H. Erickson

Milton H. Erickson (1901-1980) word, as grondlegger en vader van moderne hipnose, internasionaal erken as een van die die toonaangewendste praktisyns met die toepassing van hipnose in mediese, sowel as terapeutiese konteks (O'Conner & McDermott, 1996:117; Zastrow, 1992:484). Erickson het, volgens Mills en Crowley (1986:49), kinders sowel as volwassenes suksesvol in sy terapie behandel, aangesien hy geglo het dat dieselfde beginsels wat in terapie met volwassenes gebruik word, ook in terapie met kinders toegepas kan word.

Sommige outeurs is van mening dat die linker- en regterhemisfere van die brein unieke funksies verrig, terwyl ander 'n soort koöperatiewe interaksie tussen die twee hemisfere voorstel (Kolb & Whishaw, 1996:204). Erickson het (in navolging van die eersgenoemde groep) in sy beoefening van hipnoterapie van die standpunt uitgegaan dat die twee hemisfere afsonderlike gespesialiseerde take uitvoer. Hiervolgens het die linkerhemisfeer (dominante hemisfeer) te make met taal-, analiserings-, organiserings- en opeenvolgingsfunksies, terwyl die regterhemisfeer (nie-dominante hemisfeer) onder andere te make het met nie-verbale en ruimtelike bewustheid, visuele beelde en patroonherkenning (Cleveland, 1987:61; O'Conner

& Seymour, 1990:123). Om groter lig op die bespreking wat volg te werp, is dit verder noodsaaklik om te vermeld dat Erickson na die onbewuste deel van die verstand as die nie-dominante hemisfeer verwys. Die algemene NLP-idee dat die onbewuste (oorspronklik 'n begrip van Jung wat die menslike psige onderskei in 'n bewuste en 'n onbewuste deel) 'n kreatiewe krag met baie moontlikhede is, is van Erickson afkomstig (Derks & Hollander, 2000:15). Vervolgens sal grondliggende patrone van Erickson se oorkoepelende strategie, wanneer hy hipnose op kinders en volwassenes toegepas het (asook die verband daarmee met NLP), uitgewys word:

**1.4.1.1 Pasaangewing en afleiding van die dominante hemisfeer van die brein**

Erickson het van die vooronderstelling uitgegaan dat die mens oor al die hulpbronne (vermoëns) beskik wat nodig is om 'n gewenste verandering te ondergaan. Hierdie vooronderstelling hou in dat mense klaarblyklik gelei kan word om bewus te word van hulle innerlike hulpbronne en hoe om dit te organiseer (Derks & Hollander, 2000:100,676,543). Hierdie siening sou later prominent as 'n vooronderstelling in die NLP-model figureer.

Erickson was tydens hipnoterapeutiese sessies 'n meester in die opbou van goeie kontak (wat volgens NLP-terme as rapportskepping bekend staan) met kinders en volwassenes. Hierdie sogenaamde goeie kontak kan volgens Erickson bereik word deurdat hipnoterapeute 'n sensitiwiteit moet openbaar vir die besondere wyses waarop kliënte hul ervarings organiseer. Hipnoterapeute se vermoëns om kliënte se besondere wêreldmodelle of -voorstellings te identifiseer en te gebruik, sal in 'n groot mate hulle vermoëns bepaal om die pas suksesvol vir kliënte aan te gee. Ter verduideliking kan gestel word dat Erickson geglo het dat elke mens deur 'n model of kaart ('n voorstelling) van wat geglo word die wêreld is, opereer. Persone interpreteer alles wat rondom hulle gebeur op 'n unieke wyse deur hul sintuie (Alder, 1997:13; Bandler & Grinder, 1975b:15). Een van die vooronderstellings van NLP berus ook op die Ericksoniese siening dat elke persoon se besondere wêreldmodel in die terapeutiese ontmoeting gerespekteer moet word. Indien kinders in terapie byvoorbeeld voel dat hulle aanvaar en gerespekteer word, sal hulle meer ontvanklik wees vir die terapeutiese proses. Aangesien kinders ook volgens hulle eie "kaarte" funksioneer, sal hulle inligting op unieke wyses verwerk (Bodenhamer & Hall, 1999:75). In navolging van Erickson is die NLP-model op die beginsels van nougesette waarneming van kliënte se psigologiese prosesse gebaseer. Spesifieke tegnieke is ontwikkel wat gebaseer is op die kennis van hoe mense hul innerlike

ervarings skep en struktureer. Beide (Ericksoniese hipnose en NLP) is gebaseer op die feit dat mense nie die werklikheid direk en volkome ervaar nie, maar dat hulle eerder hul eie interpretasies van die werklikheid het. Een van die vooronderstellings van die NLP-model is dan gebaseer op die uitgangspunt dat "die kaart nie die gebied is nie", waar daar 'n verskil bestaan tussen die wêreld self en hoe mense die wêreld beleef (Curreen, 1995:51-52; Dilts & Green, 1982:216).

Vanuit 'n NLP-oogpunt voer Bodenhamer en Hall (1999:224) aan dat pasaangewing die proses beskryf waardeur (hipno)terapeute hul kliënte se wêreldmodelle betree en hulle aansluit by kliënte se wêreldbeskouings. Erickson het gepoog om, in sy aanvaarding van die kliënt se wêreldmodel, sy pas in ooreenstemming met hierdie model te bring. Pasaangewing is deel van Erickson (sowel as die NLP-model) se algemene strategie om met die dominante hemisfeer van die brein om te gaan, waardeur 'n hipnotiese toestand dan gevestig kan word. Die hipnotiese toestand word soos volg in Bandler en Grinder (1975b:146) beskryf: "Deep hypnosis is that level...that permits the subject to function adequately and directly at an unconscious level of awareness without interference by the conscious mind".

### 1.4.1.2 Linguïstiese onderskeidings in en die gebruikmaking van die dominante hemisfeer van die brein

Erickson het van die volgende linguïstiese onderskeidings, wat ook later in die NLP-metamodel opgeneem is, gebruik gemaak om op die dominante hemisfeer van 'n kliënt se brein te fokus:

- frases, stellings en woorde wat oor geen verwysingsaanduiding of -leidraad beskik nie, om kliënte se nie-waarneembare ervarings (wat byna die onmoontlike blyk te wees) te beskryf (Bandler & Grinder, 1975b:152-153);
- die beperkte skendingstegniek wat beskryf kan word as 'n swak gevormde sin wat gevoelens aan 'n dier of lewelose voorwerp toeken (Bodenhamer & Hall, 1999:210). 'n Voorbeeld hiervan is die volgende: "...die tamatieplant kan goed voel...". Kliënte kan moontlik in hulle onbewuste 'n sin soos die volgende begin verstaan: "...jy (die kliënt) kan goed voel..." (Bandler & Grinder, 1975b:226);
- metafore wat Erickson in sy talle stories wat hy aan kliënte vertel het, verweef het om sodoende die leerproses te bevorder. Hy het baie van sy metafore op kliënte se

persoonlike lewenservaring, waarin die huis, skool en werk 'n rol gespeel het, gebaseer (Derks & Hollander, 2000:417; Mills & Crowley, 1986:17);

- weglating wat inhou dat daar weglatingspatrone tussen die volle linguïstiese voorstelling en die werklike sinne wat deur die mens gekommunikeer word, bestaan (vergelyk Bandler & Grinder, 1975b:20 vir voorbeelde);
- nominalisering wat die voorstelling van 'n selfstandige naamwoord behels, byvoorbeeld "...'n sekere gevoel...". Die selfstandige naamwoord "gevoel" is die resultaat van die linguïstiese nominaliseringsproses, naamlik die transformasie van 'n predikaat "voel" na 'n selfstandige naamwoord. Hierdeur verdwyn die inligting oor wie het 'n gevoel ervaar en wat die gevoel is. Luisteraars kan hierdie frase dus op hulle eie ervarings van toepassing maak (Bandler & Grinder, 1975b:20-21);
- ongespesifiseerde predikate wat dikwels met die tegniek van gedagtelees gekombineer is. Erickson het daarop aanspraak gemaak dat hy kennis sou hê van die interne, nie-waarneembare ervaring van die kliënt sonder om die proses waardeur hy tot hierdie kennis gekom het, te spesifiseer. Die volgende is 'n voorbeeld van hierdie tegniek: "...Ek weet dat jy wonder..." (Bandler & Grinder, 1975b:22,213-214);
- taalmodelleringsbeginsels soos afgeleide betekenisse waarin twee klasse onderskei kan word, naamlik vooronderstellings en gesprekstellings of -postulate (Bandler & Grinder, 1975b:22-23,174-177);
- die patroon van kleiner ingeslote strukture waar drie kategorieë onderskei kan word, naamlik ingeslote vrae, ingeslote bevele en ook aanhalings (Bandler & Grinder, 1975b:24,171-172); en
- bogenoemde tegniek is met die tegniek van analogiese merking gekombineer. Deur middel van "merking" word spesifieke woorde of frases beklemtoon. Erickson het byvoorbeeld sy stemtonaliteit of liggaamsposisie verander om klem op spesifieke woorde en frases te plaas (Bodenhamer & Hall, 1999:213).

#### 1.4.1.3 Toegang tot die nie-dominante hemisfeer van die brein

Erickson het daarin geslaag om tegnieke te ontwikkel om toegang tot en kommunikasie met die nie-dominante hemisfeer van die menslike brein te bewerkstellig. Hy het drie toegangstegniekklasse gebruik waardeur hy toegang tot hierdie hemisfeer van die brein verkry het, naamlik die visuele, melodie- en die taaltoegangstegniekklasse. As voorbeeld kan genoem word dat Erickson kinders deur middel van die visuele toegangstegniek visuele

beelde in hul geestesoog laat skep het. Die hipnoterapeut kan die verskuiwing van kontrole van die dominante hemisfeer na die nie-dominante hemisfeer deur middel van hierdie tegniek bewerkstellig (vergelyk Bandler & Grinder, 1975b:179,185-186,191-193,194-196 vir verdere voorbeelde). Op grond hiervan is ook in NLP tegnieke ontwikkel, soos byvoorbeeld tydlynterapie, wat volgens Matzken (1996:50-51) gebruik kan word om toegang tot die onbewuste van kliënte te verkry. Alhoewel hierdie tegniek vir buitestaanders vreemd mag klink, word persone (ook kinders) klaarblyklik met tydlynterapie in 'n ligte hipnotiese toestand gelei en aangemoedig om "buite" hulle liggame te tree en sodoende langs hulle eie tydlyne te beweeg. Vanuit 'n psigo-opvoedkundige oogpunt moet die toepassing van hipnose op kinders egter deur terapeute met groot verantwoordelikheid hanteer word om enige versteurings in kinders se persoonlikhede te voorkom.

### 1.4.1.4 Nie-verbale patrone in die hipnotiese werk van Erickson

Erickson het 'n model daargestel waarin hy van die "fourtuple (4-tuple)"-model gebruik gemaak het om effektiewe hipnotiese kommunikasie te bewerkstellig. Dié model is 'n manier om persone se primêre ervarings op enige tydstip volledig visueel voor te stel deur 'n beskrywing van hul visuele, kinestetiese, ouditiewe en reuk- en smaakervarings (Grinder, De Lozier & Bandler, 1977:11; Zastrow, 1992:490).

Wanneer mense inligting aangaande hulle eksterne wêrelde verwerk, word dit in terme van die vyf sensoriese sisteme gekodeer. Gepaardgaande hiermee besit die meeste mense ook 'n primêre sensoriese sisteem, wat in 'n spesifieke konteks meer as enige ander sisteem gebruik word om hul ervarings te organiseer (Bandler & Grinder, 1975b:10; Grinder, DeLozier & Bandler, 1977:21). In die geval van NLP word daar na die sensoriese sisteme as *voorstellingsisteme*, en na sisteme wat persone meer as ander gebruik, as *primêre voorstellingsisteme* verwys. Volgens Mills en Crowley (1986:107) kan hierdie voorstellingsisteem vinnig geïdentifiseer word deur onder andere na die predikate in enige persoon (insluitend kinders) se taalgebruik te luister. Bandler en Grinder (1975b:10-11) voer aan dat kinders met 'n primêre voorstellingsisteem wat byvoorbeeld visueel is, hulle ervarings met predikate wat 'n visuele sisteem veronderstel, sal beskryf. Dieselfde sal geld vir kinders wat oorwegend ouditief-, kinesteties-, reuk- of smaakgeoriënteerd is. Erickson het voorts van toegangsaanduidings, soos byvoorbeeld kliënte se oogbewegings, asemhalingspatrone, tempo van spraak en liggaamsbewegings as nie-verbale metodes in 'n hipnoterapeutiese situasie

gebruik gemaak om hul primêre voorstellingsisteme af te lei (Grinder *et al.*, 1977:34). Die gebruikmaking van predikate en toegangsaanduidings is ook belangrike komponente van die NLP-model. Vanuit 'n psigo-opvoedkundige oogpunt, het Steyn (1999:120) byvoorbeeld bevind dat persone wat NLP toepas die rigting van oogbewegings en gebruik van predikate (as NLP-kommunikasietegnieke en -vaardighede) ook by kinders as aanduidings gebruik om te verstaan hoe hulle inligting verwerk en herroep, terwyl Cleveland (1987:60) bevind het dat veral oogbewegings en asemhalingspatrone goeie aanduidings is van kinders se primêre voorstellingsisteme.

Erickson (en die NLP-model) maak egter 'n onderskeid tussen die sisteem wat kliënte aanvanklik gebruik om toegang te verkry tot inligting wat versoek word en die sisteem wat hulle gebruik om inligting in die bewussyn te bring. Eersgenoemde sisteem word die leidende sisteem (toonaangewende sisteem), wat die leiding neem om toegang tot inligting te verkry, genoem en die laasgenoemde sisteem is die primêre voorstellingsisteem. In NLP kan die voorstellingsisteme van persone veral afgelei word van die predikate wat hulle gebruik, terwyl die leidende sisteem op grond van toegangsaanduidings geïdentifiseer kan word (Grinder *et al.*, 1977:40).

Erickson het drie modelle in sy hipnoterapie toegepas, wat dan later ook in die NLP-model opgeneem is: Die eenvoudigste model is waar (hipno)terapeute hul kliënte direk, in 'n enkele stap van hul huidige toestande na die verlangde toestande neem. By die tweede model, die opeenvolging van "4-tuples", word van hipnoterapeute vereis om bereidwillig te wees om hul kliënte se ervarings deeglik genoeg te ondersoek om hulle van die huidige toestand na die verlangde toestand te lei. 'n Derde model behels 'n samestelling van "4-tuples" wat inhou dat die nuwe keuse/ervaring, waarvoor die kliënt na die hipnoterapeut gegaan het, nie in die verlede bestaan het nie. Daarom moet die hipnoterapeut toegang verkry tot 'n reeks vorige verskillende "4-tuples" in die persoonlike geskiedenis van die kliënt, wat elkeen 'n element van die "4-tuple" insluit en waaraan die kliënt en die hipnoterapeut werk (Grinder *et al.*, 1977:89,91,93-94,97).

### 1.4.2 Virginia Satir

Virginia M. Satir (1916-1988) was as maatskaplike werker 'n deskundige wat veral op die gebied van gesinsterapie gewerk het. Sy het verskeie artikels en boeke oor gesinsterapie

geskryf, waarvan *Peoplemaking* (1972) een is. Satir het 'n model vir kommunikasie en gesinsterapie, bekend as *Conjoint Family Therapy* (1967), ontwikkel. Hierin verklaar Satir dat effektiewe gesinsfunksionering die kern van geestesgesondheid en kommunikasie uitmaak. Sy beklemtoon in haar terapie die nadelige verhoudings tussen mense, wat daartoe lei dat groei en ontwikkeling aan bande gelê word. Satir spreek haar ook duidelik uit oor ouerlike verantwoordelikheid in die ontwikkeling van die kind se selfbeeld (Cottone, 1992:199).

Bandler en Grinder het na aanleiding van Satir se besondere werk geïnteresseerd geraak in die emosionele betrokkenheid (kontak) tussen terapeut en kliënt, wat die basis vir terapeutiese verandering vorm. Satir het (soos Erickson) kontak in terapie hoog aangeskryf en het 'n besondere vermoë gehad om kontak in terapie tot stand te bring (Derks & Hollander, 2000:13; Satir, 1967:160). Bandler en Grinder het die linguïstiese patrone, soos deur Satir in terapeutiese konteks aangewend, bestudeer en ook begin modelleer. Die resultaat van hierdie samewerking met Satir het gelei tot die publikasie van die boek, *Changing with Families* (Bandler, Grinder & Satir, 1976). In hierdie boek word 'n model vir gesinsterapie, gebaseer op Bandler en Grinder se modellering van Satir se sukses met gesinsterapie, aangebied. Vervolgens sal dié fases in Satir se gesinsterapiemodel wat met die ontwikkeling van die NLP-model verband hou, kortliks bespreek word:

**1.4.2.1 Die insameling van inligting**

Volgens Satir bestaan dié eerste fase in gesinsterapie uit die volgende belangrike dele, naamlik die voorbereiding van die gesinslede om 'n ervaring te skep wat as model kan dien vir hulle verdere gedrag, asook die bepaling van die verlangde sowel as die huidige toestande van die gesin (Bandler *et al.*, 1976:15-17,20,122,136). Gesinslede hou normaalweg hul idees wat hulle vir hulself en hul gesin wil hê in die vorm van nominaliserings (wat volgens die NLP-model die taalprosesse van weglating, gebrek aan verwysingsaanduidings en ongespesifiseerde werkwoorde insluit) voor. Baie kinders in gesinne wat vir terapie aanmeld, sal byvoorbeeld verklaar dat hulle meer liefde, ondersteuning en respek wil hê. Noodsaaklike inligting word egter uitgelaat, byvoorbeeld wie wil hierdie kinders liefhê of wie wil hierdie kinders hê moet hulle liefhê. Nadat gesinsterapeute die nominaliserings geïdentifiseer het, moet hulle die woorde van die gesinslede met dít wat hulle werklik wil hê, verbind. Een van die grootste take van gesinsterapeute is afgehandel wanneer hulle daarin geslaag het om elke

lid van die gesin se taal met ervaring te verbind (denominaliserings) (Bandler *et al.*, 1976:126-128,130).

Net soos wanneer NLP in terapie aangewend word, win gesinsterapeute inligting aangaande die huidige toestande van gesinne in deurdat gesinslede waardevolle inligting aan die terapeut bied deur middel van verbale (woorde) en nie-verbale boodskappe (byvoorbeeld gesigsuitdrukkings, liggaamsposisies, spiertonusse, asemhalingstempo's en stemtone) (Bandler *et al.*, 1976:130-131; Satir, 1972:60). Satir (1982:18) het geleer om in gesinsterapie aandag te gee aan die diskrepansie wat meestal tussen 'n persoon se verbale en nie-verbale kommunikasie bestaan. As kommunikasiemodel is die NLP-model ook op die feit gebaseer dat daar ooreenstemming moet bestaan tussen wat verbaal en nie-verbaal gekommunikeer word.

Satir het vier kommunikasiekategorieë geïdentifiseer, wat mense wat onder spanning verkeer, gewoonlik aanneem, naamlik versoeners, blameerders, berekenaars en afleiers. Elke kategorie word gekenmerk deur besondere liggaamshoudings, gebare, gepaardgaande liggaamsgewaarwordings en sintaksis. Die terapeut moet help om hierdie kategorieë in gesinslede te identifiseer en moontlikhede te bied van hoe dit verander kan word. Die gebruik van enige van die kategorieë sal noodwendig tot 'n lae selfbeeld in die individu lei (vergelyk Bandler *et al.*, 1976:60-70; Grinder & Bandler, 1976:47-53, Satir, 1972:63-71). In teenstelling met bogenoemde kategorieë, verskaf Satir egter ook 'n vyfde kategorie, naamlik van gelykmakers, waardeur wankommunikasie uitgeskakel kan word. In dié geval word al die dele van die boodskap in dieselfde rigting gerig, naamlik die stem sê woorde wat pas by die gesigsuitdrukking, liggaamsposisie en stemtoon. Gevolglik moet die gesinsterapeut gesinslede help om gelykmaking in hul kommunikasie toe te pas (Bodenhamer & Hall, 1999:239-240; Satir, 1972:72-73). Die hoofdoel met die toepassing van NLP is ook om wankommunikasie tussen mense, byvoorbeeld tussen terapeute en kliënte, uit te skakel.

Grinder en Bandler (1976:130) verklaar dat dit volgens Satir (en in navolging hiervan ook met die toepassing van NLP in terapie) die taak van die (gesins)terapeut is om elke lid van die gesin se primêre voorstellingsisteem te identifiseer sodat daarby aangepas kan word. Gepaardgaande hiermee beweer Bandler *et al.* (1976:121,122,124) dat 'n belangrike uitkoms

van die terapeut se bekwame gebruik van voorstellingsisteme en die deel van inligting, is dat vertroue en begrip tussen terapeut en kliënt toeneem.

### 1.4.2.2 Transformasie van die sisteem en konsolidasie van veranderings

Indien gesinsterapeute genoegsame inligting ingesamel het om die huidige en verlangde toestande van die gesin te verstaan, sal hulle in staat wees om gesinne in terapie te help. Die gesin moet leer om op nuwe en meer bevredigende wyses te kommunikeer. Die terapeut se taak is om die gesinslede toe te rus om hul eie probleme sonder enige toekomstige hulp op te los. Die gesinsterapeut moet 'n omgewing voorsien waarin gesinslede kan leer aangaande die keuses en hulpmiddels waaroor hulle reeds beskik om enige spesifieke probleme op te los. In aansluiting hierby is die NLP-model ook gebaseer op die feit dat persone reeds die nodige hulpbronne in hulself besit om verandering te kan bewerkstellig. In die finale fase is die doel van die gesinsterapeut om die gesinslede by te staan om die nuwe vaardighede wat aangeleer is, te verstewig. Die basis vir die selfvertroue om risiko's te neem, om te verander en te groei, is reeds geskep (Bandler *et al.*, 1976:137,166-172; Grinder & Bandler, 1976:159-161).

### 1.4.2.3 Die belangrikste vooronderstellings in gesinsterapie

Alhoewel selfwaarde en kommunikasie vir Satir die belangrikste aspekte in terapie was, het sy ook van sekere vooronderstellings (waarop NLP ook gegrond is) uitgegaan. Satir, en gevolglik later die NLP-model, het die volgende aannames gemaak:

- Alle persone doen wat hulle geleer het en dít is die beste wat hulle ken. Onderliggend aan elke handeling is 'n aanvaarbare motief.
- Alle persone is geneesbaar en die terapeutiese proses lei tot genesing.
- Die verstand, liggaam, denke en emosie van die mens is deel van dieselfde sisteem. Daar bestaan dus vir Satir 'n definitiewe verband tussen fisiese lewenskrag en emosionele welstand.
- Self-agting en effektiewe kommunikasie is wedersyds insluitend. Net soos die NLP-model, is Satir se aktiwiteite ook by uitstek kommunikasie-georiënteerd (Woods & Martin, 1984:6-7).

#### 1.4.2.4 Gespesialiseerde tegnieke

Alhoewel Satir vele tegnieke aangewend het, word enkele van haar tegnieke, waarvan die meeste ook aangepas is in die NLP-model, vervolgens (soos in Cottone, 1992:206-208 en Woods en Martin, 1984:9-10 aangedui) kortliks opgesom:

- Verbalisering van vooronderstellings: Satir het hierdie tegniek gebruik om sekere vooronderstellings wat die gesin maak, te verbaliseer.
- Denominalisering: Dit behels dat spesifieke gedragsbeskrywings van woorde, soos liefde en respek, verkry word. Met behulp van hierdie tegniek wou Satir presies by persone weet wat gedoen moet word sodat hulle sal voel dat hulle byvoorbeeld gerespekteer word. Ingevolge die NLP-model hou die antwoord hierop normaalweg verband met persone se primêre voorstellingsisteme (byvoorbeeld visueel, ouditief of kinesteties).
- Gesinsvorming: Hierdie tegniek dui op 'n artistieke en terapeutiese wyse om verwante sake in die gesin te konkretiseer. Satir het dikwels van vorming gebruik gemaak deurdat sy die ander gesinslede bygestaan het om een lid van die gesin, wat 'n fisiese houding in terapie inneem, te beoordeel. Sy het, soos reeds gemeld, vier basiese houdings gedefinieer. Hierdeur het Satir gehoop om taal met ervaring te integreer. Laasgenoemde is ook 'n belangrike oogmerk met die toepassing van NLP.
- Ankering (later 'n belangrike NLP-tegniek): Volgens Dilts en Green (1982:220) kan ankering gedefinieer word as "the learned association between a stimulus and a response or between one response and another. When the stimulus or initiating response is triggered, the associated response will be elicited".
- Herkadering: Hierdie tegniek behels die proses van herdefiniëring. Satir het hierdie tegniek meestal aangewend om gedrag van negatiewe na positiewe interpretasies te herdefinieer. In navolging hiervan bied herkadering as NLP-tegniek vandag die geleentheid om die verwysingsraamwerk rondom 'n ervaring te verander en sodoende 'n ander betekenis daaraan te gee.

### 1.4.3 Fritz Perls

Bandler en Grinder het ook 'n intensiewe studie van Frederick (Fritz) S. Perls (1893-1970), as een van die grondleggers van gestaltterapie, gedoen. Hul taalsisteembenadering van die individu toon ooreenkomste met dié van Perls se gestaltterapeutiese benadering (Korb, Gorrell & Van de Riet, 1989:22). Perls het in meer as een opsig baanbrekerswerk ten opsigte van gestaltterapie gedoen. Hy het verskeie gestalt-institute gestig en ook werke oor gestaltterapie

gepubliseer, waarvan die volgende die belangrikste was: *Gestalt Therapy Verbatim* (1969) en *The Gestalt Approach and Eye Witness to Therapy* (1973) (Aronstam, 1992:630).

### 1.4.3.1 Die persoonlikheidsteorie

Die volgende aspekte, wat deur Bandler en Grinder by die NLP-model geïntegreer is, vorm die grondslag van Perls se gestaltterapeutiese persoonlikheidsteorie:

- Homeostase: Hierdie proses beheer alle lewe en gedrag en enige fisieke wanbalans in die mens (organisme) kan deur hierdie proses herstel word (Perls, 1980:5).
- Holistiese beskouing: Perls het volgens Clarkson en Mackewn (1994:35) geglo dat die liggaam, siel en verstand as geheel funksioneer. NLP gaan ook van hierdie belangrike vooronderstelling uit, aangesien alle dele van die mens georganiseer is om in volle samewerking met ondersteuning van die ander en die hele mens te funksioneer.
- Die kontakgrens: Mense is nie selfgenoegsaam nie en moet altyd in kontak met hul omgewing gesien word. Ten spyte van hierdie verband, het mense egter ook grense, wat nodig is om hulle van hul omgewings te onderskei. Die deurdringbaarheid van hierdie grense moet egter van so 'n aard wees dat voldoende uitruiling tussen mense en hul omgewings kan plaasvind (Perls, 1980:16; Yontef & Simkin, 1989:332).
- Bewustheid: Dit is volgens Yontef en Simkin (1989:333) "a form of experience that may be loosely defined as being in touch with one's own existence".

### 1.4.3.2 Psigoterapeutiese doelstellings

Korb *et al.* (1989:95) voer aan dat die doelstellings van gestaltterapie tweevoudig is, naamlik die bewuswees en erkenning van persoonlike ervaring, ongeag die inhoud daarvan, sowel as die aktivering van die selfondersteuningsisteem van die kliënt deur middel van bewuste en verantwoordelike keuses, waardeur goeie kontak bewerkstellig kan word. Soos reeds genoem, word goeie kontak ook in die NLP-model hoog aangeskryf. Perls (1969:17) beklemtoon die belangrikheid van bewuswees deur daarop te wys dat, "awareness *per se* - by and of itself - can be curative".

Selfondersteuning kan ook as 'n moontlike doelstelling van gestaltterapie voorgehou word. Volgens Perls (1980:44) meld die mens (dus ook kinders) vir terapie aan omdat, "he feels that the psychological needs with which he has identified himself, and which are as vital to him as breath itself, are not being met by his present mode of life". Laastens word volwassewording,

as die hoofdoel van gestaltterapie, volgens Perls (1969:28) omskryf as, "transcendence from environmental support to self-support". Vanuit 'n psigo-opvoedkundige perspektief is selfondersteuning en volwassewording veral ook belangrike dryfvere vir die toepassing van NLP op kinders in die psigoterapeutiese konteks.

### 1.4.3.3 Eienskappe van gestaltterapie

Die belangrikste eienskappe van gestaltterapie wat vir die NLP-model van waarde is, is die volgende:

- Hier-en-nou-oriëntasie: Alhoewel Perls die hede as die belangrikste beskou het, het hy nie die werking van die verlede en toekoms ontken nie. Tog bestaan kliënte vir gestaltterapeute in die hede en is die hier-en-nou dít wat hulle ervaar (Clarkson & Mackewn, 1994:45). Aangesien gestaltterapie op die hede konsentreer, gee die gestaltterapeut (so ook wanneer NLP in terapie gebruik word) aandag aan die individu se verbale sowel as nie-verbale kommunikasie soos asemhaling, houding, gebare, aanwendsels en gesigsuitdrukkings (Gilliland, James & Bowman, 1994:156).
- Kontak: Die "Ek-Jy"-verhouding word as die doeltreffendste vorm van kontak in terapie beskou. Hierdie verhouding sluit 'n opregte ontmoeting tussen die terapeut en kliënt in. Die "Ek-Jy"-interaksie behels, ook met die toepassing van NLP, dat die terapeut die unieke persoonlikheid van die kliënt onvoorwaardelik moet aanvaar en respekteer (Clarkson, 1989:16-17; Congress, 1996:341-342).
- Ervaring en ontdekking: In die terapeutiese konteks kan direkte ervaring beskou word as die enigste soort ervaring waardeur suksesvolle leer kan plaasvind (Aronstam, 1992:640).
- Vermyding en fokus op bewustheid: Deurdat mense bewustheid vermy, verloor hulle kontak met hulself en kan hulle nie behoeftebevrediging ervaar nie. Gevolglik moet kliënte gelei word om voortdurend hul fokus van kontak te behou deur aandag aan alles wat hulle ervaar, te gee (Aronstam, 1992:640-641).
- Frustrasie en ondersteuning: Kliënte (ook kinders) wat vir terapie aanmeld, ervaar gewoonlik 'n onvermoë om hul eie vermoëns te bevredig. Hulle bring ook hul gewone wyses van manipulasie saam en hul soeke na ondersteuning om andere sover te kry om verantwoordelikheid vir hulle te aanvaar. Perls het egter op 'n bedrewe wyse die kliënt se manipulasies frustreer en geleenthede gebied om sonder manipulasie die kliënt se behoeftes te bevredig (Clarkson & Mackewn, 1994:108).

- Verantwoordelikheid en keuse: Gestaltterapie (en NLP) is gebaseer op die siening dat persone self verantwoordelik is vir die ervarings en keuses in hul eie lewens (Clarkson, 1989:24; Yontef & Simkin, 1989:334).

### 1.4.3.4 Werkwyses in gestaltterapie

Net soos met die aanwending van NLP in terapie, moet gestaltterapeute ook in staat wees om kliënte se "wêrelde" te betree. Daar word van gestaltterapeute verwag om, na aanleiding van die "Ek-Jy"-verhouding, 'n oop, persoonlike verhouding met hul kliënte te hê. Gestaltterapeute kan 'n verskeidenheid strategieë of tegnieke op kliënte toepas, maar die keuse van tegnieke (ook volgens die NLP-model) berus by die gesondheid en gereedheid van kliënte (Congress, 1996:347,350). Alhoewel Perls baie meer gestaltterapeutiese tegnieke gebruik het, word slegs die volgende belangrike tegnieke aangebied waarop NLP-tegnieke ook gebaseer is:

- Die vraagtegniek: Perls (1980:75) het veral van vyf soorte vrae gebruik gemaak, aangesien kliënte hulle alleenlik kan beantwoord tot die mate wat hulle vlakke van bewustheid dit toelaat, naamlik "Wat is jy besig om te doen?"; "Wat wil jy hê?"; "Wat voel jy?"; "Wat verwag jy?" en "Wat vermy jy?" Net soos met die toepassing van NLP-tegnieke in terapie, moet daar volgens Perls op kliënte se totale reaksie (verbaal en nie-verbaal) op 'n vraag gelet word. Voorts verklaar Perls (1980:77) dat "hoekom"-vrae veral vermy moet word, aangesien dit beperkte terapeutiese waarde het. Hierdie vrae bied aan kliënte die geleentheid om na redes en verskonings te soek vir hul gedrag, sonder om hul eie verantwoordelikheid te erken.
- Dialoog: Perls het ook die "leë stoel"-tegniek gebruik waar kliënte vervreemde dele van hulself of ander persone in 'n leë stoel (wat voor hulle staan) plaas en hulle dan 'n dialoog met hierdie dele voer (Cottone, 1992:145). Tydens hierdie proses moet die gestaltterapeut (en NLP-er) weer eens aandag skenk aan die kliënt se verbale sowel as nie-verbale kommunikasie.
- Semantiese opklarings: Perls het woordgebruik beklemtoon en die kliënt gereeld versoek om sekere woorde te vervang of te beklemtoon. Hy het veral voornaamwoorde beklemtoon en kliënte gevra om meer persoonlik en spesifiek in hulle kommunikasie te wees (Aronstam, 1992:643).

### 1.4.4 Samevattende perspektiewe

Met die ontstaan van NLP het Bandler en Grinder dus persone, in die besonder op die gebied van kommunikasie en verandering, wat hulle as uitnemend beskou het, bestudeer. Bandler en Grinder (1975a:18) het bevind dat, alhoewel Erickson, Satir en Perls moontlik verskillende tegnieke in hul terapie aangewend het, hulle sekere gemeenskaplikhede besit het (hierdie gemeenskaplikhede is ook deel van die vooronderstellings en konsepte waarop die NLP-model berus):

- Al drie was meesters op die gebied van verandering en het gepoog om verandering in hul kliënte se wêreldmodelle te bewerkstellig. By alle vorme van suksesvolle terapie moet kliënte op die een of ander manier verander deurdat hulle ervarings verryk en verbeter word. Hierdeur word meer gedragsmoontlikhede aan kliënte toegelaat (Grinder & Bandler, 1976:14).
- Bandler en Grinder het ontdek dat hierdie deskundiges elkeen 'n model, 'n meta-model ('n voorstelling van die voorstelling van iets of 'n model van 'n model), gehad het van hoe hulle hul kliënte se wêreldmodelle verander het. Hierdie model het hulle toegelaat om hul kliënte se wêreldmodelle effektief uit te brei. Derks en Hollander (2000:12) verklaar dat die eerste produk van Bandler en Grinder se samewerking 'n terapeutiese meta-model was. Hierdie model, wat hoofsaaklik geïnspireer is deur transformasionele taalkundiges, waaronder Noam Chomsky, sluit 'n reeks taalkundige patrone in waarmee kliënte tydens psigoterapie gestimuleer kan word om hulle wêreldmodelle te verander.
- Hulle het geglo dat terapeute vertroue by kliënte moet inboesem, sodat kliënte bereid sal wees om hulself bloot te stel in die terapeutiese ontmoeting (Grinder & Bandler, 1976:14). Daar moet dus in enige terapeutiese situasie wedersydse respek tussen die terapeut en die kliënt bestaan.
- Hulle het voortreflike wyses gebruik om die kliënt in terapie te "lees", wat later in NLP bekend sou staan as kalibrering (Sterman, 1990:13). Hierdie terapeute het oor die vaardighede beskik om hul kliënte baie fyn waar te neem en na hulle te luister.
- Bandler en Grinder (1975a:19) verklaar dat hierdie terapeute hoofsaaklik hul kliënte leer ken en verstaan het deur taal. Hulle het hul kliënte se verbale sowel as nie-verbale kommunikasie in die terapeutiese situasie van groot belang geag.
- Dié deskundiges se werke het ook tot 'n groot mate dieselfde opeenvolging van patrone besit, byvoorbeeld om aan die begin van terapeutiese sessies die huidige en verlangde toestande van kliënte te bepaal (Bandler & Grinder, 1979:8).

Deurdat die grondleggers van NLP verstaan het hoe hulle eie taalpatrone hul denkpatrone voorstel, was hulle in staat om verskillende keuses te maak van hoe hulle hul werk kon voortsit (Knight, 1996:7). Na afloop van Bandler en Grinder se ondersoek het hulle die uitgangspunt gehuldig (wat later 'n verdere belangrike NLP-vooronderstelling sou word) dat byna alles moontlik is, want indien een persoon iets kan doen, kan enige ander persoon deur middel van modellering leer om dit te doen (Andreas & Faulkner, 1998:35).

Bandler en Grinder se spesiale aanleg was die vermoë om die kommunikasiepatrone van uitnemende terapeute waar te neem, en dan in detail te beskryf wat hulle doen en hoe hulle kliënte help om positiewe veranderings te maak. Hierdie beskrywings maak dit vir ander moontlik om te leer hoe om dieselfde prosedure na te volg en dieselfde resultate te verkry (Zastrow, 1992:484). Aangesien taal een van die primêre wyses is waarop alle mense hul ervarings modelleer, het Bandler en Grinder (1975a:19) ook hul aanvanklike werk op die taal van psigoterapie gefokus. Volgens Derks en Hollander (2000:122-123) het Bandler en Grinder, tydens hulle modellering van hierdie deskundiges as persone wat effektief en doelgerig kon kommunikeer, die volgende beginsels (wat ook later in die NLP-model geïntegreer is) wat noodsaaklik is vir effektiewe kommunikasie in hul werke gevind, naamlik:

- Doelgerigtheid: Mededelers weet wat hulle by hul gespreksgenote wil oproep.
- Waarnemingsvermoë: Hulle sien/hoor/voel in hoeverre hulle oproep wat hulle wil oproep en pas hul gedrag op grond van hierdie inligting aan.
- Buigsaamheid ten opsigte van gedrag: Indien 'n bepaalde soort gedrag nie werk nie, probeer mededelers iets anders.
- Weergawe-buigsaamheid: Hulle besit buigsame voorstellingsvermoëns wat hulle gedrag ondersteun.
- Vashouding aan die doel: Hulle is buigsaam wat die middele betref, maar gaan nie te vinnig daartoe oor om die doel te verander nie.
- Respek: Mededelers het respek vir die wêreldmodelle van ander en pas hul eie kommunikasie daarby aan.

## 1.5 GEVOLGTREKKINGS

Die eerste twee probleemvrae wat aan die begin van die artikel genoem is, is beantwoord, naamlik die grondleggers van NLP en hulle beweegredes vir die ontwikkeling van die NLP-

model, asook die oorsprong van die grondliggende patrone van die NLP-model, is blootgelê. Bandler en Grinder se oorspronklike bevindings het tegnieke voorsien wat daartoe bygedra het dat die studie van NLP gegroei het. Hulle het die patrone wat deskundiges in hul terapie aangewend het, gemodelleer en die NLP-model daaruit saamgestel. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat Bandler en Grinder aanvanklik die mees effektiewe tegnieke van die drie deskundiges gemodelleer het om hoofsaaklik goeie kontak, effektiewe kommunikasie, insameling van inligting en verandering in psigoterapie te bewerkstellig.

As verdere beantwoording van die laaste probleemvraag kan gestel word dat, alhoewel Bandler en Grinder nêrens spesifiseer dat hulle die NLP-model spesifiek vir gebruikmaking op kinders in terapie ontwikkel het nie, daar tot die gevolgtrekking gekom kan word uit die voorafgaande (en 'n gepaardgaande literatuurstudie) dat die NLP-model ook toepassingswaarde vir kinders in terapie het. Terselfdertyd kon afgelei word dat NLP tans nie meer net as psigoterapeutiese model gebruik word nie, maar dat dit ook oor toepassingsmoontlikhede vir terreine soos byvoorbeeld die onderwys beskik. Aangesien onderwys (net soos terapie) in die konteks van interpersoonlike verhoudings afspeel, voer Childers (1989:204) byvoorbeeld aan dat NLP in die onderwys aangewend kan word om onderwysers sowel as leerders se kommunikasievaardighede te verbeter. Vanuit 'n psigo-opvoedkundige oogpunt wil dit voorkom asof NLP aangewend kan word om kinders in hul opwegwees na volwassewording te help. Alhoewel dit blyk asof die NLP-model relevant is vir die psigo-opvoedkunde, word aanbeveel dat die mate van relevansie nog in verdere navorsing vasgestel moet word.

## 1.6 SAMEVATTING

Derks en Hollander (2000:20-21) verklaar dat die unieke karakter van NLP in werklikheid ontstaan het weens die *wisselwerking tussen* die idees van Erickson, Satir en Perls as uitnemende terapeute en nie soseer *deur* hulle idees as sulks nie. Volgens Cleveland (1987:viii) leer die NLP-model wat Bandler en Grinder ontwikkel het, mense onder andere om nie-verbale en verbale aanduidings te gebruik om beter kommunikasiemetodes te ontwikkel. Persone kan leer om terugvoering te bewerkstellig, inligting in te samel en om by die kommunikasiemetodes wat ander persone verkies, aan te pas.

## BIBLIOGRAFIE


Alder, H. 1996. *NLP for managers: How to achieve excellence at work.* Reprinted. London: Judy Piatkus Publishers.

Alder, H. 1997. *Neuro-linguistic Programming: The new art and science of getting what you want.* Reprinted. London: Judy Piatkus Publishers.

Andreas, S. & Andreas, C. 1987. *Change your mind – and keep the change: Advanced NLP submodalities interventions.* Moab, UT: Real People Press.

Andreas, S. & Faulkner, C. (Eds). 1998. *NLP: The new technology of achievement.* Reprinted. London: Nicholas Brealey Publishing.

Arnold, D.G. & Swaby, B. 1984. Neurolinguistic applications for the remediation of reading problems. *The Reading Teacher,* 37(9):831-834.

Aronstam, M. 1992. Gestaltterapie. In: Louw, D.A. (red.). *Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag.* Eerste uitgawe, derde druk. Kaapstad: Southern Boek-uitgewers Beperk.

Bandler, R. & Grinder, J. 1975a. *The structure of magic, Volume I: A book about language and therapy.* Palo Alto, CA: Science and Behaviour Books.

Bandler, R.. & Grinder, J. 1975b. *Patterns of the hypnotic techniques of Milton H. Erickson, Volume I.* Cupertino, CA: Meta Publications.

Bandler, R. & Grinder, J. 1979. *Frogs into princes: Neuro-linguistic Programming.* Moab, UT: Real People Press.

Bandler, R. & Grinder, J. 1982. *Reframing: Neuro-linguistic Programming and the transformation of meaning.* Moab, UT: Real People Press.

Bandler, R., Grinder, J. & Satir, V. 1976. *Changing with families: A book about further education for being human.* Palo Alto, CA: Science and Behaviour Books.

Bester, P.C., Nainaar, K. & Roodt, G. 2000. Die meting van Neuro-linguïstiese Programmering se verteenwoordigende stelsels: 'n Eksploratiewe studie. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde,* 26(1):46-54.

Blackerby, D.A. 1996. *Rediscover the joy of learning.* Oklahoma City, OK: Success Skills, Inc.

Bodenhamer, B.G. & Hall, L.M. 1999. *The user's manual for the brain: The complete manual for Neuro-linguistic Programming practitioner certificate.* Revised edition. Wales, United Kingdom: Crown House Publishing Limited.

Childers, J.H. 1989. Looking at yourself through loving eyes. *Elementary School Guidance and Counseling,* 23:204-209.

Christensen, J.F., Levinson, W. & Grinder, M. 1990. Applications of Neurolinguistic Programming to medicine. *Journal of General Internal Medicine,* 5:522-527.

Clarkson, P. 1989. *Gestalt counselling in action.* Reprinted. London: SAGE Publications.

Clarkson, P. & Mackewn, J. 1994. *Fritz Perls.* Reprinted. London: SAGE Publications.

Cleveland, B.F. 1987. *Master teaching techniques: Neuro-linguistic Programming.* Fourth edition. Lawrenceville, GA: The Connecting Link Press.

Congress, E.P. 1996. Gestalt theory and social work treatment. In: Turner, F.J. (Ed.). *Social work treatment: Interlocking theoretical qpproaches.* New York, NY: The Free Press.

Cottone, R.R. 1992. *Theories and paradigms of counseling and psychotherapy.* Needham Heights, MA: Allyn & Bacon.

Curreen, M. 1995. A simple hypnotically based NLP technique used with two clients in criminal justice. *Australian Journal of Clinical and Experiental Hypnosis*, 23(1):51-57.

Derks, L. & Hollander, J. 2000. *Essenties van NLP: Sleutels tot persoonlijke verandering.* Vijfde druk. Utrecht: Servire.

Dilts, R.B. 1999. *What is NLP?* [Online]. Available url: http://www.nlpu.com/whatnlp.htm [Date of access: 25 July 2000].

Dilts, R.B. & Green, J.D. 1982. Applications of Neuro-linguistic Programming in family therapy. In: Horne, A.M. & Ohlse, M.M. *Family counseling and therapy.* Itasca, IL: F.E. Peacock Publishers.

Dilts, R.B., Grinder, J., Bandler, R. & DeLozier, J. 1980. *Neuro-linguistic programming: Volume I, The study of the structure of subjective experience.* Cupertino, CA: Meta Publications.

Gilliland, B.E., James, R.K. & Bowman, J.T. 1994. *Theories and strategies in counseling and psychotherapy.* Third edition. Needham Heights, MA: Allyn and Bacon.

Grinder, J. & Bandler, R. 1976. *The structure of magic, Volume II.* Palo Alto, CA: Science and Behaviour Books.

Grinder, J., DeLozier, J. & Bandler, R. 1977. *Patterns of the hypnotic techniques of Milton H. Erickson, Volume II.* Cupertino, CA: Meta Publications.

Hall, L.M. 2000. *Playing the game of abundance in the new NLP. At least in Neuro-Semantics.* [Online]. Available url: http://www.neurosemantics.com/Articles/Abundancy.htm [Date of access: 15 January 2001].

Hall, L.M. & Bodenhamer, B.G. 1999. *Glossary of terms.* [Online]. Available url: http://www.neurosemantics.com/Articles/Glossary.htm [Date of access: 24 April 2000].

Johnston, C. 1998. See me, feel me, teach me. *The Times Educational Supplement*, 4298(November):6-7.

Knight, S. 1996. *NLP at work: The difference that makes a difference in business.* Reprinted. London: Nicholas Brealey Publishing.

Kolb, B. & Whishaw, I.Q. 1996. *Fundamentals of human neuropsychology.* Fourth edition, second printing. New York: W.H. Freeman Company.

Korb, M., Gorrell, J. & Van de Riet, V. 1989. *Gestalt therapy: Practice and theory.* Second edition. Elmsford, NY: Pergamon Press.

Kruger, J.A. 1999. *NLP practitioner certificate program.* Unpublished guide for workshops. Pretoria: Success Sciences.

Matzken, R.H. 1996. *Neuro-linguïstisch Programmeren in Bijbels perspectief.* Leiden: Uitgeverij J.J. Groen en Zoon.

McIntosh, O. 2001. *NLPSA - The Southern African Association of NLP's list group.* [Online]. Available url: http://groups.yahoo.com/group/NLPSA [Date of access: 29 May 2001].

Mills, J.C. & Crowley, R. 1986. *Therapeutic metaphors for children and the child within.* New York, NY: Brunner/Mazel Publishers.

Mwamwenda, T.S. 1996. *Educational psychology: An African perspective.* Reprinted. Isando: Heinemann Publishers.

O'Conner , J. & McDermott, I. 1996. *Principles of NLP*. London: Thorsons.

O'Conner, J. & Seymour, J. 1990. *Introducing Neuro-linguistic Programming: The new psychology of personal excellence*. London: Haper Collins Publishers.

Perls, F.S. 1969. *Gestalt therapy verbatim*. Moab, UT: Real People Press.

Perls, F.S. 1980. *The gestalt approach & eye witness to therapy*. Fourth printing. Palo Alto, CA: Science and Behaviour Books.

Pretorius, J.L. 1982. *Opvoedkundige sielkunde*. Tweede druk. Goodwood: Nasou Beperk.

Raudsepp, E. 1993. Neuro-linguistic Programming: Match this! *Machine Design*, 65(21):28-31.

Rycroft, M. 1995. The symposium: Conference 1995. *The South African Music Teacher*, 126(16-17).

Satir, V. 1967. *Conjoint family therapy: A guide to theory and technique*. Revised edition. Thirteenth printing. Palo Alto, CA: Science and Behaviour Books.

Satir, V. 1972. *Peoplemaking: Because you want to be a better parent*. Palo Alto, CA: Science and Behaviour Books.

Satir, V.M. 1982. The therapist and family therapy: Process model. In: Horne, A.M. & Ohlsen, M.M. *Family counseling and therapy*. Itasca, IL: F.E. Peacock Publishers.

Singer, M.T. & Lalich, J. 1996. *"Crazy" therapies. Wat are they? Do they work?* San Francisco, CA: Jossey-Bass Publishers.

Sterman, C.M. 1990. Neuro-linguistic Programming as a conceptual base for the treatment of alcoholism. In: Sterman, C.M. (Ed.). *Neuro-linguistic Programming in alcoholism treatment*. London: The Haworth Press.

Steyn, J. 1994. *Die New Age-beweging in die onderwys*. Post-doktorale Navorsingsverslag. Vanderbijlpark: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Steyn, J. 1995. *Neuro-linguistic Programming: Revelation or fallacy*. Paper presented at the Edufuturum Conference, Bloemfontein: University of the Free State.

Steyn, J. 1999. A critical analysis of Neuro-linguistic Programming in the classroom. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 35(1-2):113-124.

Turner, C. & Andrews, P. 1994. *One to one interpersonal skills for managers*. Briston: The Staff College.

Waldheim, G.P. 1987. Understanding how students understand: A prerequisite to planning effective teaching-learning methods. *Engineering Education*, February:306-308.

Woerner, J.J. & Stonehouse, H.B. 1988. The use of the Neuro-linguistic Programming model for learning success. *School Science and Mathematics*, 88(6):516-524.

Woods, M.D. & Martin, D. 1984. The work of Virginia Satir: Understanding her theory and technique. *The American Journal of Family Therapy*, 12:3-11.

Yontef, G.M. & Simkin, J.S. 1989. Gestalt therapy. In: Corsini, R.J. & Wedding, D. *Current psychotherapies*. Fourth edition. Itasca, IL: F.E. Peacock Publishers.

Zastrow, C. 1992. *The practice of social work*. Fourth edition. Belmont, CA: Wadsworth Publishing Company.

Artikel 2

# 'N PSIGO-OPVOEDKUNDIGE ONDERSOEK NA DIE KONSEPTE ONDERLIGGEND AAN DIE NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERINGSMODEL


***Opsomming***

*Neuro-linguïstiese Programmering (NLP) kan as kommunikasiemodel toegepas word om die kommunikasievermoëns van mense te verbeter en sodoende wankommunikasie, wat dikwels tussen mense voorkom, uit te skakel. Hierdie model is gebaseer op die feit dat mense inligting deur hulle sensoriese sisteme inneem en verwerk. Alhoewel individue al hulle sensoriese sisteme gebruik om innerlike voorstellings te maak, gee hulle normaalweg in 'n spesifieke situasie méér voorkeur aan een van hierdie sisteme en openbaar só, op 'n subtiele wyse, hoe hulle dink. Die doel met hierdie artikel is om meer lig op die belangrikste vooronderstellings en konsepte onderliggend aan die NLP-model te werp. Aangesien hierdie studie vanuit 'n psigo-opvoedkundige perspektief gedoen word, sal daar ook telkens gepoog word om op die toepassingswaarde van die NLP-konsepte vir kinders op weg na volwassewording (hetsy in terapie of in die onderwys) te fokus.*


## 2.1 INLEIDING

Volgens Steyn (1994:27) kan Neuro-linguïstiese Programmering (NLP) bondig gedefinieer word as "'n subjektiewe waarneming, bestudering, kodering en modellering van uitnemende menslike gedragspatrone". Daar bestaan reeds NLP-institute regoor die wêreld, en ook in Suid-Afrika. Alhoewel die NLP-model nog tot onlangs 'n relatief vreemde verskynsel in Suid-Afrika was, word dit volgens Steyn (1999:113,119) toenemend in Suid-Afrika deur hoofsaaklik sielkundiges (terapeute) in terapeutiese sessies aangewend, asook deur privaatonderwysers wat NLP-konsepte toepas. Ten spyte van die feit dat die oorkoepelende titel van hierdie reeks van artikels daarop dui dat NLP as psigoterapeutiese model vanuit 'n psigo-opvoedkundige perspektief ondersoek word, wil dit uit 'n vorige artikel blyk asof die NLP-model nie net op kinders in psigoterapie toegepas word nie, maar ook in die onderwys (vergelyk Artikel 1).

## 2.2 PROBLEEM- EN DOELSTELLING

Die navorsingsprobleem van hierdie artikel spruit uit die feit dat daar nog weinig navorsing oor die NLP-model in Suid-Afrika gedoen is, asook die bewerings dat dit toenemend deur veral sielkundiges in Suid-Afrika toegepas word. Aangesien aangeneem kan word dat NLP ook op kinders in die Suid-Afrikaanse terapeutiese konteks toegepas word, is dit noodsaaklik dat die NLP-model deur plaaslike psigo-opvoedkundige navorsers verken, verklaar en beskryf word. Alvorens Suid-Afrikaanse sielkundiges en ander persone NLP met gerustheid op kinders kan toepas, behoort psigo-opvoedkundige navorsers eers 'n grondige ontleding van die belangrikste NLP-vooronderstellings en -konsepte te doen. Cleveland (1987:18) beweer dat indien sielkundiges en onderwysers die werking verstaan van die konsepte en vooronderstellings waarop die NLP-model berus, hulle 'n beter begrip sal hê van hoe kinders leer en tot begrip kom. Aangesien hierdie studie binne die psigo-opvoedkunde uitgevoer word en dit dus gaan om die kind in die opvoedingsituasie, sal die toepassingswaarde van NLP-konsepte op kinders, hetsy in terapie of in die onderwys, ondersoek word. Gevolglik kan die navorsingsprobleem van hierdie artikel soos volg geformuleer word: Eerstens, watter vooronderstellings en konsepte vorm die grondslag van die NLP-model? Tweedens, in watter opsig is hierdie NLP-konsepte van toepassing op kinders (in terapie en in die klaskamersituasie)? Die oorkoepelende doel van hierdie artikel is dan om, deur middel van 'n deeglike literatuurstudie, die hoofkonsepte van die NLP-model deurgaans op kinders (op weg na volwassewording) van toepassing te maak.

Alhoewel dit nie binne die bestek van hierdie artikel val om 'n kritiese evaluering van NLP te gee nie, is dit tog noodsaaklik om te vermeld dat daar nie eenstemmigheid onder navorsers bestaan oor die geldigheid van NLP-konsepte en -vooronderstellings nie. Daar is navorsers wat die geldigheid van sommige NLP-konsepte en -vooronderstellings ernstig bevraagteken (vergelyk byvoorbeeld Fromme & Daniell, 1984:390; Petroski, 1985:1697; Sharpley, 1987:103). Weens 'n gebrek aan ruimte, sal in 'n latere artikel 'n kritiese evaluering van die NLP-model gegee word (vergelyk Artikel 5).

## 2.3 ALGEMENE OORSIG VAN NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING

Die NLP-model, wat 'n relatief nuwe dissipline verteenwoordig, het sy ontstaan in die vroeë 1970's te danke gehad aan Richard Bandler en John Grinder. Hierdie grondleggers van NLP

het 'n intensiewe studie uitgevoer waarin die werkwyses van drie deskundiges in die psigologie ondersoek en gemodelleer is, naamlik Milton H. Erickson (hipnoterapie), Virginia Satir (gesinsterapie) en Fritz Perls (gestaltterapie). Uiteindelik is die sogenaamde NLP-model saamgestel wat aanvanklik in psigoterapie aangewend is (O'Conner & Seymour, 1990:22). Van belang vir hierdie studie is die feit dat Cleveland (1987:viii) verklaar dat Bandler en Grinder later ook persone van ander vakgebiede wat oor uitnemendheid beskik het, gemodelleer het, soos byvoorbeeld onderwysers, en sodoende het die toepassingsmoontlikhede van die NLP-model uitgebrei. Vanuit 'n psigo-opvoedkundige raamwerk moet in gedagte gehou word dat die begrippe *mens(e)*, *persoon(e)* en *kliënt(e)* telkens ook kinders, en nie net volwassenes nie, insluit.

### 2.3.1 Die verband tussen NLP en ander vakgebiede

Die NLP-model bestaan uit gekombineerde kennis, ervaring en metodes van uiteenlopende vakgebiede, soos die linguïstiek, neurologie, psigologie en sibernetika wat tot 'n nuwe en unieke geheel saamgevoeg is (Steyn, 1994:26). Die waarde van NLP lê veral daarin dat dit verskillende soorte teorieë in 'n enkele struktuur saamvoeg. Alhoewel NLP aanvanklik as psigoterapeutiese model deur psigoterapeute gebruik is om die balans in kliënte (kinders sowel as volwassenes) se lewensuitkyk te herstel, word dit vandag op vele terreine toegepas (Dilts, 1998:3). NLP word in 'n verskeidenheid professies (wat uitnemendheid in menslike kommunikasie vereis) toegepas, waarvan onderwys, psigoterapie, geneeskunde, ekonomie, sport en die regte enkeles is (Bester, Nainaar & Roodt, 2000:46; Blackerby, 1996:189). Aangesien hierdie studie vanuit 'n psigo-opvoedkundige perspektief gedoen word, sal hoofsaaklik op die eersgenoemde twee terreine gefokus word.

### 2.3.2 Die studie van uitnemendheid en die subjektiewe ervaringstruktuur

In die boek, *Neuro-linguistic Programming, Volume I,* het die outeurs die volgende byskrif vir NLP gegee, "The Study of the Structure of Subjectivity" (vergelyk Dilts, Grinder, Bandler & DeLozier, 1980). Aangesien dit wil blyk asof NLP dan met die struktuur van menslike subjektiewe ervaring te make het, sluit dit in hoe mense dít wat hulle sien, hoor en voel organiseer, asook hoe hulle die eksterne wêreld deur hul sintuie filtreer en verwerk. NLP ondersoek hoe die mens (insluitend kinders) bogenoemde in taal (woorde) beskryf en hoe daar, intensioneel sowel as nie-intensioneel, te werk gegaan word om resultate te verkry (Dilts *et al.*, 1980:i; O'Conner & Seymour, 1990:23). Die NLP-model fokus op watter elemente

mense in hulle innerlike belewings kan onderskei, wat die eienskappe van dié elemente is en hoe dit met mekaar saamhang. Die kombinasie van hierdie elemente (wat 'n interaktiewe sisteem vorm) word in NLP die subjektiewe ervaringstruktuur genoem, naamlik: konteks, interne toestand, kriteria en waardes, interne weergawe, eksterne gedrag en oortuigings (vergelyk Derks & Hollander, 2000:35,217-218).

Hierdie subjektiwiteit waarop NLP fokus, sluit die mees uitnemende fasette van die menslike ervaring in, byvoorbeeld die hoogste vlak van kreatiwiteit, uitnemendheid en kundigheid. NLP bied klaarblyklik 'n model waardeur aangeleer kan word om uitnemendheid in persone te herken, hoe om hierdie uitnemendheid in komponente op te breek en dit sodoende in ander te vestig (Bodenhamer & Hall, 1999:xii; Rycroft, 1995:17). Hiervolgens kan onderwysers wat byvoorbeeld hul onderrig wil verbeter, uitnemende onderwysers modelleer. Johnston (1998:6) verklaar dat NLP "has a vision of a world in which there is no shortage of excellence and where education is about helping *everyone* to be outstanding".

### 2.3.3 Die ervaringsaard van NLP

Die NLP-model beklemtoon hoofsaaklik modellering, eksperimentering en toetsing, in teenstelling met teoretisering en hipotetisering. NLP-literatuur verklaar ook dat die beste wyse waarop NLP verstaan kan word, is om dit self te ervaar. Volgens die NLP-model kan persone hulle gevoelens verander deur veranderings aan te bring in hoe hulle hul ervarings innerlik voorstel. Alle mense besit ses primêre voorstellingsfunksies waardeur sin van die wêreld gemaak word: hulle skep voorstellings van prente, klanke (geluide), woorde, genereer gevoelens, reuk en smaak (Bodenhamer & Hall, 1999: xiii,xv,xvi). Mense versamel inligting deur hulle vyf sintuie en berg hierdie inligting om dit later weer te herroep. Indien inligting herroep word, sal dit op dieselfde wyse of in dieselfde formaat herroep word as waarin die ervaring geberg is (Grinder & Bandler, 1976:4; Zastrow, 1992:484).

Indien kinders byvoorbeeld inligting visueel berg, sal hulle dit in die vorm van prente herroep. Dié kodering of berging van inligting word 'n innerlike voorstelling genoem. Deur die kodering van ervarings te verander, kan kinders hulle gevoelens en innerlike gesteldheid verander en sodoende ook hul gedrag. NLP-praktisyns kan klaarblyklik, indien hulle bogenoemde proses verstaan, verandering in mense bewerkstellig deur alleen die kodering

van hulle ervarings te verander (Bodenhamer & Hall, 1999:xvi). Die bogenoemde proses word soos volg in Tabel 2.1 gedemonstreer:

**Tabel 2.1: Maak sin (betekenis) uit die wêreld** (vergelyk Bodenhamer & Hall, 1999:5)

| **Inkomende inligting** | **Interne inligting** | **Subjektiewe ervaring** |
|---|---|---|
| Vanaf eksterne wêreld (Inligting kom deur sintuie die mens binne) | Kom senuweestelsel binne en word geïnterpreteer as: | Inligting word saamgestel of herroep as: |
| Visueel (oë) | Prente | V - Visueel, Prente |
| Ouditief (ore) | Klanke | O - Klanke, Geluide |
| Kinesteties (vel/liggaam) | Gevoelens | K - Sensasies, Gevoelens |

## 2.4 VOORONDERSTELLINGS VAN DIE NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERINGSMODEL

Soos reeds genoem (vergelyk 2.3.3), beskou die NLP-grondleggers en -aanhangers NLP nie werklik as 'n teorie nie, maar eerder as 'n model. Waar 'n teorie 'n hipotese is wat poog om die redes te verduidelik waarom dinge met mekaar verband hou, is 'n model 'n patroon of nabootsing van reeds bestaande verskynsels wat (soos dit ontwerp is) nageboots of herskep kan word. 'n Model het slegs te make met dít wat waargeneem kan word (Zastrow, 1992:484; Zastrow, Dotson & Koch, 1987:30). Ter gedeeltelike beantwoording van die eerste probleemvraag waarop hierdie artikel gegrond is, kan verklaar word dat die NLP-model tog op verskeie vooronderstellings berus. Indien die Engelse woord *presupposition* ontleed word, kan gestel word dat, "presuppositions consist of all those essentials required for a statement to make sense in a person's reality" (Hall, 1996:77). Hierdie NLP-vooronderstellings is op teoretiese grondslae gebaseer wat in die sisteme wat gemodelleer is, gevind is, naamlik onder andere die gestaltpsigologie (Perls), gesinsisteemterapie (Satir), Ericksoniese hipnotiesmediese kommunikasie, algemene semantiek (betekenisleer), sibernetika, inligtingsisteme, transformasionele grammatika en kognitiewe-gedragspsigologie (Bodenhamer & Hall, 1999:63). Die belangrikste vooronderstellings van die NLP-model sal vervolgens kortliks genoem word:

### 2.4.1 Vooronderstellings aangaande die verwerking van gedagtes

- In navolging van Korzybski (1958:750), berus die NLP-model op die vooronderstelling dat "die 'kaart' nie die gebied is nie": Hieruit volg dat daar 'n verskil bestaan tussen die wêreld self en hoe mense die wêreld beleef (hulle modelle, "kaarte" of innerlike voorstellings van die wêreld) (vergelyk 2.5.2).
- Elke persoon se besondere wêreldmodel moet gerespekteer word: Aangesien persone volgens hulle eie "kaarte" funksioneer, sal hulle inligting op hul unieke wyses verwerk. Gevolglik sal innerlike voorstellings dus van persoon tot persoon verskil (Bodenhamer & Hall, 1999:75).
- Ervaring beskik oor struktuur: Indien die struktuur van 'n ervaring van 'n individu onderskei kan word, kan die struktuur (en gepaardgaande hiermee die ervaring self) verander word (Alder, 1996:28).
- Indien een persoon iets kan doen, kan enige persoon leer om dit te doen: Volgens Andreas en Faulkner (1998:35) hou dié idee in dat elke persoon van die vooronderstelling moet uitgaan dat alles moontlik is. Hierdie idee is egter een van die NLP-vooronderstellings wat normaalweg deur sommige navorsers bevraagteken word (Darling, 1988:40).
- Mense reageer ooreenkomstig hulle innerlike voorstellings: Na aanleiding van die kaart/gebied-onderskeiding, bepaal en beheer mense se "kaarte" (soos oortuigings, waardes, gesindhede, taal, herinneringe) hulle persepsies en reaksies. Individue reageer op die wêreld, nie soos dit werklik bestaan nie, maar volgens hul innerlike voorstellings daarvan (Bodenhamer & Hall, 1999:67-68). Voordat daar byvoorbeeld van kinders verwag kan word om hulle denke, emosies of reaksies te verander, moet hul innerlike voorstellings ("kaarte") eers verander.
- Betekenis funksioneer konteksgebonde: Aangesien woorde op sigself oor geen betekenis beskik nie, vereis alle woorde 'n spesifieke konteks voordat dit betekenisvol kan wees (Bodenhamer & Hall, 1999:68).
- Liggaam en gees beïnvloed mekaar: In navolging van die gestaltterapeutiese holistiese beskouing van die mens, kan binne die raamwerk van die NLP-model verklaar word dat gedagtes en liggaam onderling deel is van dieselfde biologiese sisteem en dat hulle mekaar wedersyds beïnvloed (Derks & Hollander, 2000:25).
- Individuele vaardighede funksioneer deur die ontwikkeling en opeenvolging van voorstellingsisteme: Hoe mense hulle voorstellingsisteme in hul handel en denke gebruik,

lei tot die ontwikkeling van hul vaardighede. Die menslike verstand neem nie alleen inligting deur sintuie in nie, maar verwerk en berg dit ook. Hierdie inligting (beelde, klanke, gevoelens en reuke) word dan gebruik om vaardighede te ontwikkel, wat dit weer moontlik maak om handelinge uit te voer (Bodenhamer & Hall, 1999:72).

### 2.4.2 Vooronderstellings aangaande menslike gedrag/reaksies

- Mense en hul gedrag kan as verskillende verskynsels beskryf word (mense is méér as hul gedrag): Die gedrag van persone bepaal nie die persone nie, maar dit druk byvoorbeeld net hulle norme en waardes uit (Bodenhamer & Hall, 1999:76).
- Alle gedrag is nuttig in 'n spesifieke konteks: In die NLP-konteks is die bedoeling hiervan dat daar onderliggend aan enige gedrag 'n positiewe bedoeling of doel is (Mackenzie, 1984:127).
- Gedrag en verandering word geëvalueer in terme van konteks en ekologie: Rooney verklaar (in Bodenhamer & Hall, 1999:78) dat ekologie na die volgende verwys: "the concern that any changes made at one point in a human system must be compatible with and adaptable to the other parts of the system". 'n Persoon se gedrag kom dus nie in 'n vakuum voor nie, maar in 'n sisteem van byvoorbeeld handelinge, idees en gevoelens.

### 2.4.3 Vooronderstellings aangaande kommunikasie

- Daar kan nie *nie* gekommunikeer word nie: Kommunikasie behels dat 'n "boodskap" aan iemand anders gestuur word. Selfs wanneer persone nie hulle gedagtes, gevoelens, idees, oortuigings of besluite in woorde omsit nie, kommunikeer hulle dit op verskeie nie-verbale wyses aan ander (Alder, 1996:27; Andreas & Faulkner, 1998:36).
- Die wyse waarop gekommunikeer word, beïnvloed persepsie en resepsie (ontvangs): Daar word nie slegs gekommunikeer deur *wat* gesê (verbaal) word nie, maar ook *hoe* iets gesê word (die nie-verbale aspekte, soos stemtoon, stemvolume, gesigsuitdrukkings, asemhaling en houding) (Bodenhamer & Hall, 1999:79). Hierdie vooronderstelling hou vir die psigo-opvoedkunde in dat daar egter ooreenstemming moet bestaan tussen wat kinders verbaal en nie-verbaal kommunikeer.
- Die betekenis van enige kommunikasie lê in die reaksie wat dit uitlok (ongeag die bedoeling van die mededeler): Persone moet in gedagte hou dat hulle in hul kommunikasie met ander persone moontlik één ding bedoel, maar dat ander dit nie altyd so verstaan nie (Johnston, 1998:6). Verantwoordelike kommunikasie beteken dat persone

die keuse het om veranderings in hulle kommunikasie te maak totdat hulle hul doelstellings bereik het. Sielkundiges wat byvoorbeeld nie in staat is om die gewenste reaksies van kinders in terapie te kry nie, moet hulle kommunikasiepatrone verander.

- Daar bestaan geen mislukking nie, slegs terugvoering: Wanneer dinge nie uitwerk soos 'n persoon gedink het dit behoort nie, word dit normaalweg as 'n mislukking beskou (Alder, 1997:17-18). In teenstelling hiermee behels die NLP-siening dat dít wat gebeur nie as goed of sleg beskou moet word nie, maar dat dit hoofsaaklik as inligting gesien moet word. Mense benodig inligting of terugvoering om hulself te verbeter.
- Die persoon met die meeste buigsaamheid oefen die meeste invloed oor die sisteem uit, sal meer keuses uitoefen en die beste kans op sukses hê. Hoe meer keuses persone het, hoe beter sal hulle 'n probleem kan oplos (Dilts & Green, 1982:223). Indien dít wat onderwysers doen, byvoorbeeld nie die gewenste uitwerking op hul leerders het nie en hul leerders moontlik verveel, moet hulle hul gedrag verander totdat hulle suksesvol is.
- Weerstand dui op die gebrek aan terugvoering: Somtyds sal 'n persoon een keer met 'n ander persoon praat, weerstand ervaar en nooit weer toenadering soek nie. Hierdie vooronderstelling verskuif egter die verantwoordelikheid na persone wat die weerstand van ander persone ervaar deurdat gekonsentreer word op *hoe* hulle dit hanteer (Bodenhamer & Hall, 1999:81). Die NLP-model kan klaarblyklik aangewend word om weerstand te oorkom.

### 2.4.4 Leer-Keuse-Veranderingsvooronderstellings

- Elke mens besit reeds die nodige innerlike hulpbronne (soos herinneringe, gedagtes, gevoelens en gedrag) om enige verlangde doelwitte te bereik, enige situasie te hanteer en enige verlangde verandering te bewerkstellig: Met behulp van NLP kan mense gelei word om bewus te word van hulle innerlike bronne en hoe om dit te organiseer (Derks & Hollander, 2000:125).
- Alle kommunikasie behoort 'n persoon se keuses te vermeerder: Oor hoe meer keuses persone beskik, hoe meer bevredigend sal hulle ervarings wees (Bodenhamer & Hall, 1999:83).
- Wanneer persone handelinge uitvoer, gebruik hulle die beste keuses wat hulle op daardie stadium tot hulle beskikking het: Indien beter keuses beskikbaar was, sou persone dit tog gebruik het (Blackerby, 1996:80). Vanuit 'n psigo-opvoedkundige oogpunt dui ongewenste gedrag, soos frustrasie by leerders wat byvoorbeeld probleme ondervind met

die oplossing van wiskundeprobleme, dat dit die beste keuse van gedrag vir leerders op dié tydstip is.

- Individue kan, as verantwoordelike persone, hulle breine beheer en kontrole oor die resultate wat hulle wil bereik, uitoefen: NLP bied neuro-linguïstiese prosesse waardeur persone hulle denkprosesse kan beheer (Bodenhamer & Hall, 1999:84).

## 2.5 BELANGRIKSTE KONSEPTE ONDERLIGGEND AAN DIE NLP-MODEL

Met die voorafgaande NLP-vooronderstellings as grondslag, sal die hoofkonsepte waarop die NLP-model basies berus, vervolgens bespreek word. Daar sal gepoog word om (ter beantwoording van die tweede probleemvraag waarop hierdie artikel berus) telkens die praktiese toepassingswaarde van hierdie NLP-konsepte op kinders in beide terapie en die onderwys uit te wys.

### 2.5.1 Modellering

`n Model is `n vereenvoudige beskrywing van `n komplekse entiteit of proses. Hierdie term is afkomstig van die Latynse stam *modus* wat `n wyse van doen beteken; dit wil sê `n metode, vorm, wyse, patroon, gewoonte of `n styl. Die woord *model*, en dus ook *modellering*, is meer spesifiek afgelei van die Latynse *modulus* wat `n "'small' version of the original mode" beteken (Dilts, 1998:28). Volgens Hall en Bodenhamer (1999:4) sluit modellering as NLP-konsep die proses in waardeur die suksesvolle, uitnemende handelinge en gedrag van ander persone waargeneem en nageboots word. Dilts (1998:29) verklaar dat NLP-modelleringsprosedures gebruik kan word om uit te vind hoe die brein ("neuro") funksioneer deurdat taalpatrone ("linguïstiese") en nie-verbale kommunikasie ontleed word. Die resultaat van hierdie ontleding word dan omgesit in stap-vir-stap strategieë of programme ("programmering") wat gebruik kan word om sekere vaardighede aan ander persone oor te dra.

Die essensie van modellering kan in die volgende drie woorde saamgevat word, naamlik waarneming (van uitnemende persone se gedrag, oortuigings en emosies), kodering (van die inligting van uitnemende persone in NLP-terme) en installering (waar persone hulle eie innerlike vermoëns aan dié van die deskundige gelyk maak). Die kernoortuiging van NLP is dat effektiewe strategieë deur enige individu wat daarin belangstel, gemodelleer en aangewend kan word. Gevolglik is die hoofdoel van NLP om uitsonderlike vermoëns te

modelleer en om te help om dit vir ander oordraagbaar te maak (Derks & Hollander, 2000:378-279; Dilts, 1998:30). Hiervolgens kan leerders wat byvoorbeeld 'n besondere vermoë om te spel besit, dus gemodelleer word. Alle uitnemende spellers het 'n gemeenskaplike eienskap, naamlik hulle spel die woord vanaf 'n baie duidelike interne beeld (prent) van die woord. Ander leerders kan ook aanleer om interne beelde van woorde te vorm (Alder, 1997:184). Danksy die beginsel van modellering groei NLP steeds, aangesien daar vanselfsprekend jaarliks wêreldwyd tientalle nuwe mense gemodelleer en nuwe NLP-modelleringstegnieke ontwikkel word.

### 2.5.2 Voorstellings (modelle) van die wêreld

Elke mens (kind sowel as volwassene) opereer deur 'n model of "kaart" ('n voorstelling) van wat geglo word die wêreld is. Mense interpreteer alles wat rondom hulle gebeur op 'n unieke wyse deur hul sintuie (Alder, 1997:13; Grinder & Bandler, 1976:4). Dilts en Green (1982:216) verklaar dat hierdie voorstellings wat mense gebruik om hulle ervarings van die wêreld te organiseer, egter nie die wêreld self is nie, maar dat dit neurologiese transformasies is wat akkuraat of selfs nie-akkuraat kan wees. Volgens die reeds genoemde vooronderstelling kan dus verklaar word dat "die kaart nie die gebied is nie" (vergelyk 2.4.1).

In die organisering van die mens se sintuiglike indrukke en herinneringe in 'n samehangende wêreldmodel, onderskei NLP-ers (hiermee word bedoel persone wat van NLP gebruik maak) drie belangrike modelleringsbeginsels, naamlik weglatings, vervormings en veralgemenings (Derks & Hollander, 2000:56-57). Die modelle wat die mens skep, sal dus in hierdie drie opsigte van die werklike wêreld verskil. Eerstens sal sekere dele van die menslike ervaring aan weglating onderworpe wees en dus nie in die model verteenwoordig word nie. Laasgenoemde is beide 'n noodsaaklike en soms uitputtende aspek van die modelleringsproses. Indien gepoog sou word om elke stukkie sintuiglike ervaring voor te stel, sal die mens met gegewens en eksterne prikkels oorweldig word. Weglating is die proses waardeur daar selektief aan sekere dimensies wat ervaar word, aandag gegee word en waar ander weer uitgesluit word (Bandler & Grinder, 1975a:15, 1975b:16; Kruger, 1999:79).

Tweedens is vervorming 'n modelleringsproses waardeur mense toegelaat word om verskuiwings in hulle eie ervarings van sensoriese gegewens te maak. Die mens sou sonder hierdie proses nie vir die toekoms kon beplan of drome werklikheid kon laat word het nie.

Die derde modelleringsproses staan as veralgemening bekend. Deur hierdie proses verteenwoordig een element van die wêreldmodel `n hele kategorie waarvan dit slegs `n voorbeeld is (Bandler & Grinder, 1975a:14-16; 1975b:8; Kruger, 1999:79-80). Wanneer kinders byvoorbeeld in aanraking sou kom met `n mes wat soos enige ander mes lyk, en alhoewel hulle nog nooit voorheen hierdie spesifieke mes gesien het nie, sal die aanname gemaak word dat dit op dieselfde wyse as messe wat voorheen gebruik is, sny. Veralgemenings in mense se wêreldmodelle laat hulle toe om meer doeltreffend te funksioneer.

Deur middel van hierdie drie algemene modelleringsprosesse skep mense dus modelle van die wêreld. Elke mens skep `n wêreldmodel wat van die wêreld, maar ook van ander persone se wêreldmodelle verskil (Bandler & Grinder, 1975a:7-8; 1975b:11; Kruger, 1999:79). Cleveland (1987:19) verklaar dat ook kinders se unieke ervarings hulle van hul eie persepsies/modelle van die werklike wêreld voorsien. As voorbeeld kan gestel word dat twee kinders verskillende persepsies/modelle kan hê aangaande `n glas wat half met water gevul is. Die een kind mag byvoorbeeld sê dat die glas halfvol water is, terwyl die ander kind kan sê dat dieselfde glas halfleeg is. In NLP-kringe word klaarblyklik geglo dat `n deeglike begrip van hoe kinders voorstellings van die wêreld waarin hulle woon, skep, tot voordeel van elke sielkundige, maar ook onderwyser in die klaskamersituasie, sal strek.

### 2.5.3 Die meta-model in psigoterapie

In NLP kan die meta-model gebruik word om bogenoemde weglatings, vervormings en veralgemenings (in taal) te ontknoop. Die NLP-meta-model is juis deur Bandler en Grinder ontwikkel om die ware betekenis van `n persoon se kommunikasie af te lei deur die uitdaging van hierdie drie elemente (Alder, 1997:160). Volgens Bodenhamer en Hall (1999:34,394) is die woord *meta* afgelei van `n Griekse woord wat *bo(kant)*, *buite*, *van* en *op `n hoër vlak* beteken. Die meta-model van NLP is *meta* (op `n hoër vlak) ten opsigte van wêreldmodelle; dit is `n eksplisiete model vir die verandering van wêreldmodelle.

Alhoewel Bandler en Grinder aanvanklik gepoog het om `n volledige, formele taaluitruilingsmodel in psigoterapie (met kinders en volwassenes) te bou, het die toepassingsmoontlikhede van die meta-model ook later na ander terreine uitgebrei, soos byvoorbeeld die onderwys (Bandler & Grinder, 1975b:8,10). Volgens Bandler en Grinder is

dit noodsaaklik dat die sielkundige (en ook ander persone soos onderwysers) besef dat elke sin van elke taal twee onderskeie voorstellings het: die voorstelling van hoe dit werklik klink, bekend as die oppervlaktestruktuur, asook die voorstelling van die betekenis daarvan, naamlik die dieptestruktuur (Knight, 1996:45). Wanneer 'n kind byvoorbeeld die volgende sin uiter, "Die glas het gebreek", is die oppervlaktestruktuur die voorstelling van die werklike klanke wat deur die kind gesê word. Die dieptestruktuur-betekenis hiervan is dat daar afgelei kan word dat hierdie voorval in die verlede plaasgevind het: dit was 'n komplekse gebeurtenis en daar het die aksie "breek" plaasgevind tussen die agent, die objek wat gebreek is en die instrument wat gebruik is om die glas te breek. Die hele proses wat 'n dieptestruktuur met die oppervlaktestruktuur verbind, word 'n afleiding genoem (Bandler & Grinder, 1975b:8-9,218-219; Grinder, DeLozier & Bandler, 1977:56-57). Sommige inligting gaan dus verlore in die transformasie van die dieptestruktuur na die oppervlaktestruktuur.

Die meta-model bestaan uit 'n aantal taalonderskeidings wat taalpatrone, waarvan die betekenis in kommunikasie deur weglatings, vervormings en veralgemenings vertroebel is, identifiseer. Bogenoemde sluit uitdagings in waardeur die heraansluiting van "swak gevormde" taal by sensoriese ervaring en die dieptestruktuur bewerkstellig kan word (Bodenhamer & Hall, 1999:394). Hierdie terapeutiese meta-model, soos oorspronklik deur Bandler en Grinder (1975a:40-53,59-107) saamgestel, sal vervolgens kortliks bespreek word:

- Weglating: In enige terapeutiese situasie is dit die taak van die sielkundige om uit te vind wat die kliënt se model van die wêreld is (met die besef dat weglatings die kliënt se model noodwendig verskraal). In hierdie geval is daar in die verbale beskrywing van die kliënt (die oppervlaktestruktuur) noodwendig sekere ontbrekende dele/ervarings vir die sielkundige. Indien hierdie verlore dele weer herstel kan word, kan die proses van verandering in die kliënt in werking begin tree.
- Vervorming (proses na gebeurtenis): Een van die wyses waarop mense gekortwiek word, is deurdat 'n proses in 'n gebeurtenis omgesit word. Wanneer 'n gebeurtenis verby is, kan niks gedoen word om dit te verander nie. Die linguïstiese meganisme waardeur 'n proses in 'n gebeurtenis omgesit word, word nominalisering genoem. Die sielkundige moet in staat wees om die vervormde dele van die kliënt se model, wat die voorstelling van prosesse as gebeurtenisse insluit, te herken en reg te stel om kliënte met hulle ervarings in kontak te bring.

- Dieptestruktuur: Die sielkundige het op hierdie stadium daarin geslaag om die kliënt te betrek by die herstel van die dieptestruktuur. Die volgende stap is om die kliënt se dieptestruktuur in so 'n mate uit te daag, dat dit verryk word.
- Uitdaging van veralgemenings: Indien kliënte se wêreldmodelle oor elemente van veralgemening beskik, sal dit ook hulle ervarings verskraal. Die doel van die uitdaging van kliënte se veralgemenings is om hulle modelle met hulle ervarings te herenig.
- Helderheid: Alhoewel die verlore dele van kliënte se dieptestrukture herstel is en hulle ervaringsmodelle meer volledig is, sal dit steeds onduidelik en ongefokus voorkom. Sielkundiges moet spesifieke vrae aan kliënte stel en voorstelle maak om groter duidelikheid aangaande hulle modelle toe te laat en om hulle meer betrokke by die proses te maak.
- Semantiese welgevormdheid: Sielkundiges moet kliënte lei om semantiese swak gevormde dele in hulle modelle te verander. Hier bestaan drie onderskeidings, naamlik, eerstens, oorsaak en gevolg, wat die siening insluit dat een persoon se handelinge emosies by 'n ander persoon veroorsaak en dat die een persoon geen keuse aan die ander persoon laat oor hoe om te reageer nie. Sielkundiges moet hul kliënte tot die besef lei dat hulle meer as een keuse het oor hoe om te reageer. Die tweede onderskeiding is gedagtelees wat verwys na die feit dat een persoon weet wat 'n ander persoon voel of dink sonder dat die tweede persoon direk daaroor kommunikeer. Op hierdie wyse kan wanvoorstellings vasgestel en reggestel word. Die laaste onderskeiding is dié van veralgemening, wat verwys na 'n stelling wat in die vorm van 'n veralgemening van die wêreld self is, eerder as 'n stelling wat aan sprekers se modelle van die wêreld behoort. Sprekers moet bygestaan word om op 'n gemaklike wyse hul eie reëls en opinies te verkry, terwyl die wêreld toegelaat moet word om hulle eie te hê.
- Vooronderstellings: Sielkundiges moet die vooronderstellings in kliënte se modelle verstaan om 'n duidelike beeld van hul modelle van die wêreld te hê. Vooronderstellings is gedeeltelik versluierd. Die doel van sielkundiges om vooronderstellings te identifiseer, is om kliënte te help om daardie basiese aannames wat hulle modelle beperk, te identifiseer.

Vanuit 'n psigo-opvoedkundige perspektief is die praktiese toepassingswaarde van die NLP-meta-model vir kinders in terapie en die onderwys dat hulle deur middel van die meta-model

gelei kan word om, indien nodig, hulle wêreldmodelle te verander met behulp van die uitdaging van die drie modelleringsprosesse van weglatings, vervormings en veralgemenings.

### 2.5.4 Voorstellingsisteme

Alle ervarings van die mens (byvoorbeeld herinneringe, vrese, waardes en besluite) is saamgestel uit die boustene van sensoriese ervarings. Wanneer mense inligting aangaande die wêreld om hulle verwerk, word dit in terme van die vyf sensoriese (sintuiglike) sisteme of ervaringsmodaliteite gekodeer: die visuele (sien - oë), ouditiewe (hoor - ore), kinestetiese (voel - vel), reuk- (ruik - neus) en smaaksisteme (proe - tong) (Andreas & Andreas, 1992:14; Zastrow, 1992:484).

Die NLP-term *voorstellingsisteem* is daarop gebaseer dat die mens inligting hoofsaaklik visueel (in prente of beelde), ouditief (in klanke of geluide) en kinesteties (denke word as gevoelens voorgestel) *voorstel.* Alhoewel die brein ook inligting gebruik waarvan reuk en smaak deel is, word dit in NLP-literatuur dikwels by die kinestetiese sisteem ingesluit. Die visuele, ouditiewe en kinestetiese sisteme word as die primêre voorstellingsisteme in die Westerse kulture gebruik om komplekse inligting te ontvang en te interpreteer (Andreas & Andreas, 1992:14; O'Conner & Seymour, 1990:44; Robbins, 1997:127). Mense maak op hul voorstellingsisteme staat om inligting van die eksterne wêreld in te samel, te berg en te kodeer. In die NLP-model doen hierdie voorstellingsisteme egter méér as om bloot inligting in te samel. Elke sisteem ontvang ook inligting en aktiveer die geheue om sodoende gedrag teweeg te bring. Wanneer mense inligting van hul voorstellingsisteme ontvang, kodeer die brein dit op dieselfde wyse as waarin dit ontvang is. Mense sal ook, wanneer hulle inligting berg en kodeer, heel waarskynlik meer as een voorstellingsisteem gebruik. Derks en Hollander (2000:237,238) verklaar dat 'n sintuiglike voorstellingsisteem uit 'n sintuig asook dié deel van die senuweestelsel bestaan wat primêr verantwoordelik is vir die verwerking van inligting deur dié besondere sintuig. Die woord *voorstelling* het dus in NLP betrekking op die prosesse in die mens se sentrale senuweestelsel wat deur waarneming van iets in die wêreld vergesel word. Inligting in die verskillende voorstellingsisteme word in verskillende dele van die sentrale senuweestelsel verwerk (vergelyk Tabel 2.1).

Die NLP-model is ook op die feit gebaseer dat die meeste mense oor 'n primêre voorstellingsisteem (PVS) beskik, wat (onbewustelik) meer as enige ander sisteem gebruik

word om in sekere situasies hul ervarings te organiseer (Grinder & Bandler, 1976:9). Die afkorting PVS sal vervolgens gebruik word. Tog is individue nooit ten volle visueel, ouditief of kinesteties nie, hoewel hulle heel waarskynlik voorkeur aan spesifieke voorstellingsisteme vir spesifieke gebeurtenisse sal gee. Die voorstellingsisteem wat gebruik word, sal afhang van die situasie en die konteks waarin die gebeurtenis plaasvind (Zastrow *et al.*, 1987:31-32).

Voorstellingsisteme hou ook verband met verskillende leerstyle en is gevolglik betekenisvol vir klaskamerleer. Leerteorieë stem ooreen dat leerders moet sien, hoor en ervaar wat hulle leer. Indien onderwysers bewus is van hulle eie PVS, sowel as van dié van hul leerders, word beweer dat klaskamerkommunikasie sal verbeter (Johnston, 1998:7; Steyn, 1999:116). Daar word voorgestel dat onderwysers (in aansluiting by die NLP-vooronderstelling dat buigsaamheid `n vereiste vir sukses is; vergelyk 2.4.3) `n onderwysmodel gebruik wat al drie die voorstellingsisteme insluit, om sodoende te verseker dat alle leerders leer. Indien onderwys `n multi-sensoriese ervaring is, sal dit meer interessant wees en ook voorsiening maak vir elke leerder se voorkeur deurdat van al die voorstellingsisteme gebruik gemaak word. Sogenaamde "stadige" leerders leer dikwels net anders en vind dat die huidige onderwysstyl nie vir hulle voorsiening maak nie (O'Conner & McDermott, 1996:67; Waldheim, 1987:307).

Ingenieurs, aptekers en kunsskilders is meer visueel-georiënteerd, terwyl atlete en dansers meer kinesteties-georiënteerd, en musikante en digters weer meer ouditief-georiënteerd is (Dilts, 1983:21). O'Conner en McDermott (1996:66) voer ook aan dat akademiese leer (veral by wetenskappe) van `n leerder die vermoë vereis om `n klomp inligting op een slag te verwerk. Om dít te kan doen, moet `n persoon die visuele sisteem gebruik. Kinders wat nie die visuele sisteem gebruik nie, vind formele skoolopleiding normaalweg moeilik en moet geleer word om te visualiseer. Volgens Cleveland (1987:29) verklaar bogenoemde ook waarom sommige leerders sekere leerareas makliker vind as ander. Die visuele leerder sal moontlik minder probleme met byvoorbeeld wiskunde hê as die leerder wie se PVS hoofsaaklik kinesteties is. Dilts *et al.* (1980:154-155) verklaar ook dat kinesteties-georiënteerde leerders dit moeilik vind in die gewone klaskamer, aangesien geskrewe toetse en die gewone klaskameromgewing oorwegend visueel- en ouditief-georiënteerd is.

Volgens Woerner en Stonehouse (1988:522) is een van die waardevolle NLP-strategieë om kinders te help om reeds op 'n vroeë ouderdom 'n vermoë te kweek om maklik toegang tot al die modaliteite te ontwikkel, asook om tussen dit te kan beweeg. Aktiwiteite in elk van die voorstellingsisteme is gekoppel aan verskillende waarneembare reaksies, met ander woorde, sielkundiges kan byvoorbeeld aan die *buitekant* van kinders sien watter voorstellingsisteme hulle op 'n gegewe moment innerlik gebruik. Vervolgens word 'n lys van die waarneembare kenmerke van elke PVS van leerders in tabelvorm uiteengesit (vergelyk Cleveland, 1987:30-31):

**Tabel 2.2: Gedragskenmerke waardeur die primêre voorstellingsisteme van leerders geïdentifiseer kan word**

| | Visueel | Ouditief | Kinesteties |
|---|---|---|---|
| **Leerstyl** | Leer deur te kyk; kyk na demonstrasies | Leer deur verbale instruksies van ander of die self | Leer deur te doen; direkte betrokkenheid |
| **Lees** | Hou van omskrywings; stop soms om te lees en staar in die lug om 'n toneel voor te stel - intense konsentrasie | Geniet dialoog; vermy lang beskrywings; onbewus van illustrasies; beweeg lippe of subvokaliseer wanneer gelees word | Verkies stories waar aksie reeds vroeg plaasvind; rusteloos wanneer gelees word; nie 'n gretige leser nie |
| **Spelling** | Herken woorde op sig; steun op konfigurasie van woorde | Gebruik 'n klankbenadering; besit ouditiewe woordvaardighede | Dikwels 'n swak speller; skryf woorde om te bepaal of dit reg "voel" |
| **Handskrif** | Handskrif is geneig om netjies te wees; spasiëring en grootte is goed; voorkoms is belangrik | Vind dit aanvanklik moeilik om te leer skryf; geneig om lig te skryf; hulle sê die dele wat hulle skryf | Aanvanklik goed, maar dit versleg namate die spasiëring kleiner word; druk harder op skryfinstrument |
| **Geheue** | Onthou feite, vergeet name; skryf dinge neer, neem notas | Onthou name, vergeet gesigte; onthou deur middel van ouditiewe herhaling | Onthou beter wat gedoen is, as dít wat gesien is of waaroor gepraat is |
| **Verbeelding** | Lewendige verbeelding; dink in beelde en visualiseer detail | Subvokalisering, dink in klanke; besonderhede minder belangrik | Verbeelding nie belangrik nie; beelde wat voorkom, word vergesel deur beweging |
| **Afleibaarheid** | Oor die algemeen onbewus van klanke; aandag word afgelei deur visuele wanorde of beweging | Maklik afleibaar deur klanke/geluide | Nie attent op visuele en ouditiewe aanbiedings nie; blyk dus afleibaar te wees |
| **Probleemoplossing** | Deeglike oorweging; beplan vooruit; organiseer denke deur dit te skryf; maak 'n lys van probleme | Praat probleem uit; probeer oplossing verbaal vind | Benader probleem fisies; impulsief; kies gewoonlik die oplossing wat die meeste aktiwiteit insluit |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Reaksie ten tye van passiwiteit** | Staar; kry iets om na te kyk | Mompel; praat met hulself of ander | Rusteloos; vind redes om te beweeg |
| **Reaksie op nuwe situasies** | Kyk rond; ondersoek struktuur | Praat oor situasie | Voel, vat, manipuleer |
| **Emosionaliteit** | Ietwat onderdruk; staar wanneer kwaad is; huil maklik, straal wanneer gelukkig is; gesiguitdrukking is goeie aanduiding van emosie | Skree van woede en geluk; druk gevoelens verbaal uit en deur veranderings in stemtoon en volume | Spring van vreugde, gee drukkies; stamp, spring wanneer kwaad is; die liggaam is 'n goeie aanduiding van emosie |
| **Kommunikasie** | Stil; praat nie baie nie; word ongeduldig wanneer hulle lank moet luister; gebruik soms woorde lomp; gebruik woorde soos *sien, kyk* | Geniet dit om te luister, maar kan nie wag om te praat nie; beskrywings is lank, maar herhalend; hou daarvan om ander en hulself te hoor praat; gebruik woorde soos *luister, hoor* | Gebare wanneer praat; luister nie goed nie; staan naby wanneer praat of luister; verloor vinnig belangstelling in verbale gesprekke; gebruik woorde soos *kry, vat* |
| **Algemene voorkoms** | Netjies en presies, hou van orde; mag kies om nie hulle voorkoms te verander nie | Bymekaar pas van klere nie so belangrik nie, kan keuse van klere bespreek | Netjies, maar klere kreukel sodra aktiwiteite begin |
| **Reaksie op kunste en kultuur** | Toon nie besondere reaksie op musiek nie; verkies visuele kunste; geen stemwaardering van enige soort kuns nie, maar kan diep geraak word deur visuele vertonings; fokus op detail en komponente, eerder as op die werk as 'n geheel | Hou baie van musiek; visuele kunste spreek nie so baie tot hulle nie, maar hulle sal dit eerder bespreek; sal wel betekenisvolle detail mis, maar waardeer die werk as 'n geheel; is in staat om verbale assosiasie vir alle kunsvorme te ontwikkel; spandeer meer tyd om te praat oor kuns as om daarna te kyk | Reageer op musiek deur middel van fisiese beweging; verkies beeldhouwerk; vat/raak aan skilderye en standbeelde; stop by daardie kunswerke waarby hulle fisies betrokke kan raak; lewer weinig kommentaar op enige vorm van kuns |

Benewens die feit dat aanbeveel word dat mense ál hulle voorstellingsisteme moet gebruik, het die meeste mense egter ook 'n toonaangewende of leidende sisteem, waarop hulle byna uitsluitlik ten tye van spanning en probleemoplossing staatmaak. Hierdie sisteem is die sintuiglike voorstellingsisteem waarmee persone op 'n innerlike ervaring fokus of 'n vorige ervaring waaraan hulle herinner word, opsoek (Alder, 1997:60; Bandler & Grinder, 1975b:10). Die verskil tussen die PVS en die toonaangewende sisteem kan soos volg verklaar word: "Just as we have a preferred representational system for our conscious thinking, so we also have a preferred means of bringing information into our conscious thoughts" (O'Conner & Seymour, 1990:49).

Voorts gaan NLP van die vooronderstelling uit dat persone se PVS onbewustelik op subtiele wyses deur hulle verbale (predikate) en nie-verbale (byvoorbeeld oogbewegings) gedrag weerspieël word (Williams & Jacobson, 1989:454,455). Bester *et al.* (2000:48) verklaar dat daar 'n duidelike verband is tussen die waarneembare aspekte van gedrag (verbaal en nie-verbaal) en die patrone van neurologiese aktiwiteite wat gedrag rig.

**2.5.4.1 Predikate**

Die PVS van persone kan maklik geïdentifiseer word deur na die sensories-gebaseerde woorde (byvoeglike naamwoorde, bywoorde en werkwoorde) in hulle taalgebruik te luister. Dié woorde staan in die NLP-literatuur as *predikate* bekend (Zastrow, 1992:485; Zastrow *et al.*, 1987:31). Bandler en Grinder (1975b:10-11) voer aan dat persone met 'n PVS wat byvoorbeeld visueel is, hulle ervarings met woorde wat 'n visuele sisteem veronderstel sal beskryf. Dieselfde sal geld vir persone wat oorwegend ouditief-, kinesteties-, reuk- of smaakgeoriënteerd is. Mense baseer egter nie net hul ervarings op verskillende voorstellingsisteme nie, maar ook hul kommunikasie. Bodenhamer en Hall (1999:5) verklaar dat bogenoemde ook inhou dat persone (soos onderwysers) wat inligting voor 'n klas weergee, daarop moet let dat hulle al drie die belangrikste voorstellingsisteme in hul aanbiedings gebruik. Indien onderwysers byvoorbeeld die meeste dinge visueel kodeer, sal hulle moontlik (onbewustelik) visuele terminologie gebruik en dit sal slegs 'n persentasie van die leerders pas. Hierdeur sal leerders wat inligting hoofsaaklik ouditief of kinesteties verwerk, uitgesluit word.

Indien NLP in 'n psigoterapeutiese situasie toegepas word, is dit vir die sielkundige noodsaaklik om die kliënt se PVS te identifiseer, daarop te reageer en daarby aan te pas. Indien sielkundiges volgens NLP verstaan hoe kliënte hulle ervarings in terme van hierdie voorstellingsisteme organiseer, kan dit slegs die terapeutiese situasie bevoordeel (Lichtenberg & Moffitt, 1994:544). Die eerste voorvereiste van NLP is dat sielkundiges die voorstellingsisteme wat kliënte gebruik, sal aflei en hulle woordeskat daarby sal aanpas. Bodenhamer en Hall (1999:6) noem hierdie aanpassing by die kliënt se voorstellingsisteem pasaangewing. Hierdie term behels dat die sielkundige genoeg buigsaamheid aan die dag moet lê om die kliënt se model van die wêreld te betree. Vervolgens word 'n lys van voorbeelde van hierdie predikate met kontrasterende ongespesifiseerde predikate, soos deur

Dilts en Green (1982:216) (vergelyk ook Kruger, 1999:43 vir meer besonderhede oor Afrikaanse predikate) saamgestel, verskaf:

**Tabel 2.3: Lys van predikate**

| *Visueel* | *Ouditief* | *Kinesteties* | *Reuk/Smaak* | *Ongespesifiseerd* |
|---|---|---|---|---|
| sien | hoor | voel | ruik | ken |
| kyk | luister | vasgryp | proe | dink |
| perspektief | geluide | aanraak | suur | onthou |
| fokus | toon | gryp | soet | kans |
| kleur (enige) | melodie | vashou | souterig | behoefte aan |
| helder | vertel | sag | stink | benodig |
| prent | hard | warm | bitter | ervaring |
| wys | geraas | aanraak | kruierig | besluit |
| verbeel | aanvul | grof | welriekend | onderhandel |
| waarneem | sê | glad | geurig | voorgee |

Taal is `n voorstelling van die mens se sensoriese voorstelling: `n kaart of model van `n ander kaart of model. In NLP word na taal as `n "sekondêre ervaring" verwys, aangesien die mens se primêre ervaring te make het met werklike gebeurlikhede en opgegaarde sensoriese persepsies van die wêreld wat deur sintuie verwerf is (Dilts & Green, 1982:216). Vervolgens word op toegangsaanduidings wat dikwels nie-verbaal is, gelet:

### 2.5.4.2 Toegangsaanduidings

Gepaardgaande met die bewustheid van `n persoon se woordgebruik, word ander aanduidings of gedrag ook in NLP gebruik om `n persoon se voorstellingsisteem af te lei, naamlik *toegangsaanduidings* (-tekens of -seine). Hierdie aanduidings dui aan tot watter voorstellingsisteem `n persoon op `n spesifieke tydstip toegang het (Bodenhamer & Hall, 1999:17-18). Oogbewegings, asemhalingstempo, asemhalingsposisie, velkleur, liggaamstemperatuur, hartklop, spiertonus en liggaamshouding is maar enkele voorbeelde van toegangsaanduidings van hoe `n persoon voel en ervaar. Kliënte sal ook dikwels bewustelik of onbewustelik die sintuie van die besondere voorstellingsisteme wat hulle gebruik, aanraak of daarna wys, hulle sal byvoorbeeld aan hul ore raak of met hulle vingers op hul neuse tik, as aanduiding watter sintuig betrokke is. Hierdie bewegings kan met of sonder verbaliserings voorkom (Dilts *et al.*, 1980:76,77).

Die toegangsaanduidings wat die maklikste waargeneem kan word, is oogbewegings. NLP-ers beweer dat wanneer persone se oogbewegings waargeneem word, onmiddellik afgelei kan word watter voorstellingsisteme hulle op 'n spesifieke tydstip gebruik. Hiervolgens beweeg mense dus hul oë in sekere rigtings, afhangende van hul spesifieke denkwyses. Hierdie oogbewegings staan as oogtoegangsaanduidings bekend (Alder, 1997:59; House, 1994:64; Mayers, 1993:54). Die volgende vraag kan as voorbeeld dien ter verduideliking van bogenoemde: "Wat was die kleur van die kersies op jou verjaarsdagkoek toe jy ses jaar oud was?" Indien hierdie tipe vraag byvoorbeeld aan kinders gestel word, word beweer dat die meerderheid opwaarts en na hul linkerkant sal kyk. Hierdie kant is die kant waar regshandige, en sommige linkshandige persone toegang tot visuele beelde verkry (Robbins, 1997:127). NLP is gebaseer op die feit dat inligting in verskillende dele van die brein geberg word. Die rigting van oogbewegings, beide vertikaal en sywaarts, kan geassosieer word met die aktivering van verskillende dele van die brein (Arnold & Swaby, 1984:832; O'Conner, 1987:15).

### 2.5.4.3 Die sleutelkomponente van voorstellingsisteme

Volgens Bodenhamer en Hall (1999:72) beskik voorstellingsisteme in die NLP-model oor twee sleutelkomponente, naamlik submodaliteite en strategieë:

#### 2.5.4.3.1 Submodaliteite

Voorstellingsisteme (ervaringsmodaliteite) is opgebou uit kleiner komponente/ onderskeidings, naamlik *submodaliteite.* Submodaliteite is die eienskappe van voorstellingsisteme wat elke ervaring bepaal. In die visuele modaliteit kan 'n kind byvoorbeeld 'n beeld as helder of dof, groot of klein, naby of ver sien. Alle mense is egter geneig om meer aandag te skenk aan 'n groot, helder, naby beeld as aan 'n klein, dowwe, veraf een. Deur die submodaliteite te verander, word in NLP beweer dat persone hul reaksies (ongeag of dit aangenaam of onaangenaam is) op situasies kan verander (Andreas & Andreas, 1992:14; O'Conner & McDermott, 1996:82).

Submodaliteite funksioneer in der waarheid as die "boustene" van voorstellingsisteme (dus ook van elke bewuste en onbewuste gedagte). Hierdie submodaliteite voorsien aan die brein en senuweestelsel die boodskappe of bevele van hoe om te voel en te reageer (Robbins,

1997:87). Woodsmall (in Bodenhamer & Hall, 1999:34) skryf die volgende aangaande submodaliteite: "If the mind/body is capable of making any distinction, then it must have some way of making that distinction; and the way it in fact does so is by differences in the submodalities by which the alternatives of the distinction are internally represented." Hierdie aanhaling beteken dat die brein die parameters van die mens se ervaring bepaal deur van hierdie submodaliteit-onderskeidings gebruik te maak. Die brein stel alle ervarings, emosies en selfs oortuigings voor deur die modaliteite (voorstellingsisteme) en veral die eienskappe van hierdie modaliteite (naamlik die submodaliteite). Pasztor (1998:78) verklaar dat submodaliteite 'n belangrike rol speel om die betekenis van 'n persoon se ervarings te bepaal.

In aansluiting by Derks en Hollander (2000:288-290) word vervolgens net enkele voorbeelde van moontlike dimensies van submodaliteite gegee:

- Visuele submodaliteite: groot/klein; naby/ver; lig/donker; kort/lank; helder/dof; horisontaal/vertikaal; hoog/laag.
- Ouditiewe submodaliteite: hard/sag; hoog/laag; vinnig/stadig; helder/dof; binne/buite.
- Kinestetiese submodaliteite: warm/koud; hard/sag; nat/droog (kinesteties ekstern); leeg/vol; swaar/lig; koud/warm; sterk/swak (kinesteties intern).
- Reuksubmodaliteite: swaar geur/skerp geur/ligte geur; fris/bedompig; vogtig/rokerig.
- Smaaksubmodaliteite: soet/suur; waterig/romerig; vars/bederf.

Voorstellingsisteme, toegangsaanduidings en submodaliteite blyk belangrike boustene van die struktuur van die mens se subjektiewe ervaring te wees. Aangesien hierdie boustene van mens tot mens verskil, is dit vanuit 'n psigo-opvoedkundige oogpunt geen wonder dat ook kinders verskillende "kaarte" van die wêreld het nie.

#### 2.5.4.3.2 Strategieë

Hierdie onderafdeling sluit by die vooronderstelling aan dat individuele vaardighede deur die ontwikkeling en opeenvolging van voorstellingsisteme funksioneer (vergelyk 2.4.1). Die wyse waarop mense hulle voorstellingsisteme in hul denke en gedrag gebruik, sal bepaal watter vaardighede ontwikkel word. Die inligting wat mense inneem, verwerk en berg, kan gebruik word in die ontwikkeling van sekere vaardighede. In die NLP-model word "strategieë" die opeenvolging van hierdie inligting genoem, wat dit vir die mens moontlik maak om sekere handelinge uit te voer. 'n Strategie beskryf die opeenvolging van

voorstellingsisteme, wat 'n ontwerp voorsien waardeur die mens 'n sekere uitkoms kan voortbring (Bodenhamer & Hall, 1999:72-73; Dilts, 1983:22).

Dilts *et al.* (1980:26) skryf die volgende: "All our overt behaviour is controlled by internal processing strategies." Elke kind beskik ook oor 'n spesifieke strategie om onder andere besluite te neem, om kreatief te wees en gemotiveerd te wees. 'n Kind is in staat om 'n strategie te gebruik, ongeag van die inhoud van die spesifieke situasie. 'n Strategie voorsien slegs die raamwerk waarbinne kinders betekenis gee aan die inhoud van hulle sensoriese ervarings.

## 2.6 GEVOLGTREKKINGS

Ter beantwoording van die eerste probleemvraag wat aan die begin van die artikel gestel is, is die vooronderstellings van die NLP-model en die belangrikste konsepte wat daaruit voortspruit (en die grondslag van die NLP-model vorm) uitgelig en bespreek. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die vooronderstellings en konsepte onderliggend aan die NLP-model, op só 'n wyse binne hierdie model figureer dat dit blyk asof doeltreffende kommunikasie deur middel van die toepassing daarvan bereik kan word. Alhoewel NLP-konsepte en -vooronderstellings meestal ook deel is van ander bestaande psigoterapeutiese konsepte en taalkundige beginsels, wil dit blyk asof hierdie konsepte en beginsels binne die NLP-model op 'n nuwe wyse georganiseer is.

In 'n poging om die tweede probleemvraag te beantwoord, is die toepassingswaarde van NLP-konsepte op kinders, hetsy in terapie of in die onderwys, deurgaans waar moontlik in die artikel uitgelig. Die gevolgtrekking kan op hierdie stadium gemaak word dat dit blyk dat NLP-konsepte toepassingswaarde vir die psigo-opvoedkunde het. Vanuit 'n psigo-opvoedkundige perspektief kan die volgende afleidings, wat volgens die NLP-model in hierdie artikel aan die lig gekom het, aangaande die toepassing van NLP-konsepte op kinders gemaak word:

- Kinders (net soos volwassenes) interpreteer alles wat rondom hulle gebeur op unieke wyses en hulle besit unieke modelle/voorstellings van wat geglo word die wêreld is. 'n Deeglike begrip van hoe kinders voorstellings van die wêreld skep, sal tot voordeel van elke sielkundige/onderwyser strek. Die modelle wat kinders skep, sal as gevolg van drie

modelleringsprosesse van die werklike wêreld verskil, naamlik weglatings, vervormings en veralgemenings.

- Die NLP-meta-model kan ook op kinders toegepas word in 'n poging om hulle, indien nodig, te help om hulle wêreldmodelle te verander. Hierdie model kan aangewend word om die ware betekenis van 'n kind se kommunikasie af te lei deur die uitdaging van die bogenoemde drie modelleringsprosesse.
- Kinders beskik oor voorstellingsisteme waardeur inligting visueel, ouditief en kinesteties ingesamel, geberg, verwerk en gekodeer word. Hulle het normaalweg ook 'n primêre voorstellingsisteem wat (onbewustelik) meer as enige ander sisteem gebruik word om hul ervarings in sekere situasies te organiseer. In 'n poging om vir alle kinders voorsiening te maak, moet sielkundiges/onderwysers in staat wees om al drie die voorstellingsisteme in hulle bemoeienis met kinders te kan gebruik. Indien sielkundiges/onderwysers byvoorbeeld bewus is van hulle eie primêre voorstellingsisteme, sowel as dié van die kinders waarmee hulle gemoeid is, sal dit kommunikasie bevorder.
- Kinders moet gehelp word om toegang tot al hul voorstellingsisteme te ontwikkel, asook om tussen dit te kan beweeg. Sodoende sal hulle makliker met ander kan kommunikeer en sal hulle op skool die verskillende leerareas makliker baasraak.
- Die woordgebruik (predikate), sowel as sensoriese toegangsaanduidings soos oogbewegings, asemhalingstempo, asemhalingsposisie, velkleur en liggaamshouding van kinders voorsien klaarblyklik inligting aangaande die voorstellingsisteme, asook die leerpatrone wat hulle gebruik. Aangesien bogenoemde aanduidings is van watter voorstellingsisteme kinders gebruik en dít vanuit 'n NLP-oogpunt op sigself baie belangrik is om kinders te verstaan, moet sielkundiges/onderwysers hierby aanpas in hulle bemoeienis met die kind. Sodoende wil dit vanuit 'n NLP-siening blyk asof kinders makliker leer en leer meer geniet.

## 2.7 SAMEVATTING

Petrini (1993:17) verklaar dat die NLP-model as kommunikasiemodel ten doel het om menslike gedrag beter te verstaan en dat dit ook 'n stel kommunikasie- en leertegnieke bied. Deur middel van die toepassing van die NLP-model word gepoog om wankommunikasie, wat dikwels tussen mense voorkom, uit te skakel. Vanuit 'n psigo-opvoedkundige perspektief blyk dit asof die NLP-model nie net in terapie met kinders deur sielkundiges aangewend kan

word nie, maar ook in die onderwyssituasie om onderwysers en leerders se kommunikasievaardighede te verbeter.

Daar moet egter, soos aan die begin van hierdie artikel genoem, in gedagte gehou word dat sommige navorsers die geldigheid van belangrike NLP-konsepte en -vooronderstellings ernstig bevraagteken. Gevolglik is dit van die grootste belang dat 'n kritiese perspektief op die NLP-model later in hierdie reeks van artikels gegee sal word.

## BIBLIOGRAFIE


Alder, H. 1996. *NLP for managers: How to achieve excellence at work.* Reprinted. London: Judy Piatkus Publishers.

Alder, H. 1997. *Neuro-linguistic Programming: The new art and science of getting what you want.* Reprinted. London: Judy Piatkus Publishers.

Andreas, S. & Andreas, C. 1992. Neuro-linguistic Programming. In: Budman, S.H., Hoyt, M.F. & Friedman, S. (Eds). *The first session in brief therapy.* London: The Guilford Press.

Andreas, S. & Faulkner, C. (Eds). 1998. *NLP: The new technology of achievement.* Reprinted. London: Nicholas Brealey Publishing.

Arnold, D.G. & Swaby, B. 1984. Neurolinguistic applications for the remediation of reading problems. *The Reading Teacher*, 37(9):831-834.

Bandler, R. & Grinder, J. 1975a. *The structure of magic, Volume I: A book about language and therapy.* Palo Alto, CA: Science and Behaviour Books.

Bandler, R.. & Grinder, J. 1975b. *Patterns of the hypnotic techniques of Milton H. Erickson, Volume I.* Cupertino, CA: Meta Publications.

Bester, P.C., Nainaar, K. & Roodt, G. 2000. Die meting van Neuro-linguïstiese Programmering se verteenwoordigende stelsels: 'n Eksploratiewe studie. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde*, 26(1):46-54.

Blackerby, D.A. 1996. *Rediscover the joy of learning.* Oklahoma City, OK: Success Skills, Inc.

Bodenhamer, B.G. & Hall, L.M. 1999. *The user's manual for the brain: The complete manual for Neuro-linguistic Programming practitioner certificate.* Revised edition. Wales, United Kingdom: Crown House Publishing Limited.

Cleveland, B.F. 1987. *Master teaching techniques: Neuro-linguistic Programming.* Fourth edition. Lawrenceville, GA: The Connecting Link Press.

Darling, M. 1988. A second look at NLP. *Training*, 25:38-42.

Derks, L. & Hollander, J. 2000. *Essenties van NLP: Sleutels tot persoonlijke verandering.* Vijfde druk. Utrecht: Servire.

Dilts, R.B. 1983. *Part 1: Roots of Neuro-linguistic Programming.* Cupertino, CA: Meta Publications.

Dilts, R.B. 1998. *Modeling with NLP.* Capitola, CA: Meta Publications.


115711159

U.O.V.S. BIBLIOTEEK

Dilts, R.B. & Green, J.D. 1982. Applications of Neuro-linguistic Programming in family therapy. In: Horne, A.M. & Ohlse, M.M. *Family counseling and therapy.* Itasca, IL: F.E. Peacock Publishers.

Dilts, R.B., Grinder, J., Bandler, R. & Delozier, J. 1980. *Neuro-linguistic programming: Volume I, The study of the structure of subjective experience.* Cupertino, CA: Meta Publications.

Fromme, D.K. & Daniell, J. 1984. Neurolinguistic Programming examined: Imagery, sensory mode, and communication. *Journal of Counseling Psychology,* 31(3):387-390.

Grinder, J. & Bandler, R. 1976. *The structure of magic, Volume II.* Palo Alto, CA: Science and Behaviour Books.

Grinder, J., DeLozier, J. & Bandler, R. 1977. *Patterns of the hypnotic techniques of Milton H. Erickson, Volume II.* Cupertino, CA: Meta Publications.

Hall, L.M. 1996. *The spirit of NLP: The process, meaning and criteria for mastering NLP.* Wales, United Kingdom: Crown House Publishers.

Hall, L.M. & Bodenhamer, B.G. 1999. *Glossary of terms.* [Online]. Available url: http://www.neurosemantics.com/Articles/Glossary.htm [Date of access: 24 April 2000].

House, S. 1994. Blending NLP representational systems with the RT counseling environment. *Journal of Reality Therapy,* 14(1):61-65.

Johnston, C. 1998. See me, feel me, teach me. *The Times Educational Supplement,* 4298(November):6-7.

Knight, S. 1996. *NLP at work: The difference that makes a difference in business.* Reprinted. London: Nicholas Brealey Publishing.

Korzybski, A. 1958. *Science and sanity: An introduction to non-Aristotelian systems and general semantics.* Fourth edition, second printing. Lakeville, CT: The International Non-Aristotelian Library Publishing Company.

Kruger, J.A. 1999. *NLP practitioner certificate program.* Unpublished guide for workshops. Pretoria: Success Sciences.

Lichtenberg, J.W. & Moffitt, W.A. 1994. The effect of predicate matching on perceived understanding and factual recall. *Journal of Counselling & Development,* 72(5):544-548.

Mackenzie, M.M. 1984. The metaskills model of sports counseling: Helping athletes achieve excellence. *Quest,* 36(2):122-133.

Mayers, K.S. 1993. Enhancement of psychological testimony with the use of Neurolinguistic Programming techniques. *American Journal of Forensic Psychology,* 11(2):53-60.

O'Conner, J. 1987. *Not pulling strings: A book about instrumental teaching and music education.* London: Lambent Books.

O'Conner, J. & McDermott, I. 1996. *Principles of NLP.* London: Thorsons.

O'Conner, J. & Seymour, J. 1990. *Introducing Neuro-linguistic Programming. The new psychology of personal excellence.* London: Haper Collins Publishers.

Pasztor, A. 1998. Subjective experience divided and conquered. *Communication & Cognition,* 31(1):73-102.

Petrini, C..M (Ed.). 1993. Training 101: The psychology of learning. *Training & Development,* 47(6):17-23.

Petroski, A. 1985. Representational systems in the Neurolinguistic Programming model. *Dissertation Abstracts International,* 46(05-B):1697-1698.

Robbins, A. 1997. *Unlimited power: The new science of personal achievement.* New York, NY: Simon & Schuster.

Rycroft, M. 1995. The symposium: Conference 1995. *The South African Music Teacher*, 126(16-17).

Sharpley, C.F. 1987. Research findings on Neurolinguistic Programming: Nonsupportive data or an untestable theory? *Journal of Counseling Psychology*, 34(1):103-107.

Steyn, J. 1994. *Die New Age-beweging in die onderwys.* Post-doktorale Navorsingsverslag. Vanderbijlpark: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Steyn, J. 1999. A critical analysis of Neuro-linguistic Programming in the classroom. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 35(1-2):113-124.

Waldheim, G.P. 1987. Understanding how students understand: A prerequisite to planning effective teaching-learning methods. *Engineering Education*, February, 306-308.

Williams, M.F. & Jacobson, W.H. 1989. Neurolinguistic Programming in orientation and mobility. *Journal of Visual Impairment and Blindness*, 83:454-456.November.

Woerner, J.J. & Stonehouse, H.B. 1988. The use of the Neurolinguistic Programming model for learning success. *School Science and Mathematics*, 88(6):516-524.October.

Zastrow, C. 1992. *The practice of social work.* Fourth edition. Belmont, CA: Wadsworth Publishing Company.

Zastrow, C., Dotson, V. & Koch, M. 1987. The Neuro-linguistic Programming treatment approach. *Journal of Independent Social Work*, 1(1):29-38.

# Artikel 3

# 'N PSIGO-OPVOEDKUNDIGE PERSPEKTIEF OP DIE ALGEMENE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE VAN NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING


***Opsomming***

*Die Neuro-linguïstiese Programmeringsmodel (NLP-model) bestaan nie bloot uit 'n stel tegnieke wat in isolasie aangewend kan word nie, maar al die NLP-komponente, -vaardighede en -tegnieke moet as verbandhoudende dele van 'n groter geheel gesien word. NLP-tegnieke kan verdeel word in NLP-kommunikasietegnieke en NLP-esoteriese tegnieke. Aangesien die meeste NLP-tegnieke oor elemente van beide kategorieë beskik, bemoeilik dit die definitiewe indeling van NLP-tegnieke in hierdie twee kategorieë. Sommige NLP-vaardighede word ook soms as NLP-kommunikasietegnieke bestempel. Na aanleiding van die bespreking van die belangrikste NLP-vaardighede en -tegnieke in hierdie artikel, sal ook op die toepassingswaarde hiervan vir die psigo-opvoedkunde gefokus word.*


## 3.1 INLEIDING

Steyn (1994:27) voer aan dat Neuro-linguïstiese Programmering (NLP) 'n konsep is wat te make het met die integrering van die drie belangrikste attribute in die verstaan van menslike persepsies, naamlik die senuweestelsel, taal en programmering. Die neurologiese elemente in NLP verwys na die innerlike ervaring wat geaktiveer word deur impulse van die sentrale senuweestelsel, terwyl die linguïstiese elemente poog om dié ervaring in taal te beskryf. Die programmeringselemente verwys na die organisering van ervarings om 'n sekere doel te bereik. Hoewel NLP aanvanklik as psigoterapeutiese model gebruik is, verklaar Childers (1989:204) vanuit 'n psigo-opvoedkundige oogpunt dat NLP ook veelvuldige toepassingsmoontlikhede, nie net vir kinders in terapie nie, maar ook vir die onderwys inhou.

## 3.2 PROBLEEM- EN DOELSTELLING

Die NLP-model word al vir 'n paar dekades in oorsese lande gebruik. Steyn (1995:1,5; 1999:113) het byvoorbeeld, na aanleiding van 'n studie wat in Nederland uitgevoer is, tot

sekere gevolgtrekkings aangaande NLP-tegnieke gekom. Sy het bevind dat sielkundiges verskillende NLP-tegnieke in psigoterapie met kinders aanwend en dat onderwysers in sommige skole die NLP-model gebruik. Na 'n deeglike beoordeling van NLP-tegnieke, is tot die gevolgtrekking gekom dat sommige NLP-tegnieke moontlik met positiewe resultate aangewend kan word, terwyl ander NLP-tegnieke op grond van negatiewe antropologiese kenmerke 'n skadelike invloed op die kind kan hê. Hierteenoor is die toepassing van NLP-tegnieke, volgens Kruger (1999:2,8) ('n internasionale NLP-opleier en kliniese sielkundige wat NLP in Suid-Afrika gebruik) egter van besondere waarde en kan dit met groot sukses in die terapeutiese proses aangewend word om doelgerigte kommunikasie, persoonlike groei en positiewe selfbelewing te bewerkstellig. Ook aan die positiewe kant, verklaar Cleveland (1987:18) dat NLP-vaardighede en -tegnieke aan sielkundiges en onderwysers die geleentheid bied om positiewe en hoë kwaliteitervarings in kinders teweeg te bring. Bogenoemde persone se sienings oor die waarde van die toepassing van NLP-tegnieke op kinders blyk dus uiteenlopend te wees. Hierdie teenstrydighede, sowel as die feit dat daar volgens Steyn (1999:113,119) bewerings bestaan dat NLP reeds deur Suid-Afrikaanse sielkundiges en privaatonderwysers gebruik word, noodsaak plaaslike psigo-opvoedkundige navorsers om NLP-tegnieke te verken, te verklaar en te beskryf. Suid-Afrikaanse sielkundiges, en selfs ook onderwysers, kan moontlik onwetend skadelike NLP-tegnieke op kinders toepas.

Die navorsingsprobleem wat in hierdie artikel aangespreek word, is die volgende: Eerstens, wat is die belangrikste vaardighede en tegnieke wat deel van die NLP-model uitmaak? Tweedens, watter toepassingswaarde hou die NLP-vaardighede en -tegnieke vir kinders in hul opwegwees na volwassewording in? Vir hierdie doel sal daar, na aanleiding van 'n deeglike literatuurstudie, 'n psigo-opvoedkundige perspektief op die belangrikste NLP-vaardighede en -tegnieke gebied word en sodoende sal die toepassingsmoontlikhede daarvan op kinders (hetsy in terapie of in die onderwys) uitgelig word. Alhoewel in hierdie studie meer op NLP as psigoterapeutiese model gefokus word, sal ook (waar moontlik) aandag aan die toepassing daarvan in die onderwys gegee word. Aangesien hierdie studie vanuit 'n psigo-opvoedkundige raamwerk gedoen word, moet in gedagte gehou word dat die begrippe *mens(e), persoon(e)* en *kliënt(e)* telkens ook kinders, en nie net volwassenes nie, insluit.

## 3.3 ALGEMENE NLP-VAARDIGHEDE EN -TEGNIEKE

NLP bestaan nie bloot uit `n stel tegnieke wat in isolasie aangewend kan word nie, maar al die NLP-komponente, -vaardighede en -tegnieke moet as verbandhoudende dele van `n groter geheel gesien word (Beaver, 1989:88). Gevolglik dien die voorafgaande artikels in hierdie reeks aangaande die NLP-model, en veral Artikel 3 aangaande die belangrikste konsepte waarop dié model berus, as agtergrond vir hierdie bespreking van NLP-vaardighede en -tegnieke. In Kamp (1996:35-40) word algemene elemente van die NLP-model uiteengesit wat deur die navorser aangepas is, aangesien dit ook algemene elemente is wat deel van elke NLP-tegniek uitmaak:

- Fisiologie: In NLP verleen die mens se fisiese toestand prominensie aan elke tegniek. Betekenisvolle verskille in mense se fisiologiese toestande voorsien onbewustelik aanwysers van hoe hulle verstandelik en emosioneel in spesifieke situasies op sekere tegnieke sal reageer.
- Taal: Die wyse waarop persone hulle denke rig, kan `n betekenisvolle uitwerking op hul gedrag hê. Daar bestaan woorde en frases, wat hoofsaaklik deel is van NLP-kommunikasietegnieke, wat persone duidelik ten opsigte van hul gedrag kan motiveer of demotiveer. In die keuse van NLP-tegnieke moet die feit dat dit `n positiewe uitwerking op persone moet hê, dus vanselfsprekend in ag geneem word.
- Ekologie: In die studie van uitnemendheid kan ekologiese bewustheid en balans as onderskeidende faktore geïdentifiseer word. Die begrip *ekologie* is gebaseer op die gedagte dat enige verandering in een deel van die sisteem `n uitwerking op die res van die sisteem sal hê. Hierdie "sisteem" kan mense self, hul verhoudings of die gemeenskap wees. Met die toepassing van NLP-tegnieke moet dus verseker word dat die spesifieke tegnieke `n voordelige effek op die "sisteme " wat betrokke is, sal hê.
- Uitkomste: Individue moet die uitkomste wat hulle wil bereik in soveel besonderhede as moontlik voorstel. Hierdeur word dit vir hulle meer werklik en stel dit die onbewuste in staat om te werk aan hoe hierdie uitkomste outomaties bereik kan word. Daar kan ook hierdeur verseker word dat die tegnieke wat aangewend word tot die uitwerking sal lei wat vooraf as mikpunt gestel is.
- Buigsaamheid: Dié element is baie belangrik om uitnemendheid te bewerkstellig, aangesien klem gelê word op die ontwikkeling van genoegsame buigsaamheid om (indien nodig) `n alternatiewe tegniek te gebruik om `n uitkoms te bereik.

- Terugvoer: Wanneer NLP-tegnieke gebruik word, word deurlopende kontrolering en terugvoering (verbaal en spesifiek nie-verbaal) vereis.
- Rapportskepping (goeie kontak): In dié geval beteken rapportskepping die vermoë om ander persone se wêrelde te betree en hulle te laat voel dat hulle verstaan word. Robbins (1997:230) verklaar dat die toepassing van elke NLP-tegniek afhanklik is van hierdie beginsel van goeie kontak om doeltreffendheid te verseker in die situasie waarin dit gebruik word. Vanuit `n psigo-opvoedkundige oogpunt kan gestel word dat onderwysers wat byvoorbeeld goeie kontak met hul leerders bewerkstellig, besef dat leerders makliker leer wanneer daar `n positiewe onderwyser-leerder-verhouding in die klaskamer teenwoordig is.

### 3.3.1 NLP-vaardighede

Persone wat van die NLP-model gebruik wil maak, moet oor die volgende algemeen geldende vaardighede (waarvan die meeste ook soms as NLP-kommunikasietegnieke geklassifiseer kan word; vergelyk 3.3.2.1) beskik. Vir die psigo-opvoedkunde hou dit in dat sielkundiges/onderwysers wat NLP gebruik, ook in staat moet wees om hierdie vaardighede te gebruik om sodoende te verseker dat hulle bemoeienis met die kind suksesvol sal verloop.

#### 3.3.1.1 Pasaangewing, leiding en rapportskepping

*Pasaangewing* kan gedefinieer word as "gaining and maintaining rapport with another by joining their model of the world, by matching their language, beliefs, values, current experiences, etc.; crucial to rapport building" (Bodenhamer & Hall, 1999:395). *Rapportskepping* (goeie kontak) hou vir die psigoterapeutiese situasie in dat daar `n verhouding van responsiwiteit en vertroue tussen die sielkundige en die kliënt (ook die kind in terapie) bewerkstellig moet word (O'Conner & McDermott, 1996:148). MacLean (1986:354) verklaar dat pasaangewing `n vinnige wyse is om rapportskepping te bewerkstellig deurdat sielkundiges hulle gedrag (asook wêreldmodelle) by kliënte, met wie hulle kommunikeer, aanpas.

Pasaangewing sluit in dat sielkundiges byvoorbeeld hulle oogbewegings, liggaamsbewegings, asemhalingspoed, stemspoed en verbale predikate by dié van kliënte sal aanpas (en, soos uit die volgende vaardigheid sal blyk, dit sal weerspieël) (Beaver, 1989:87; Cleveland, 1987:83). Gilliland, James en Bowman (1994:333) voer aan dat pasaangewing behels dat daar `n

sinchronisering tussen die kliënt en die sielkundige se verbale en nie-verbale gedrag moet wees. Sielkundiges kan sodra, hulle die pas effektief vir hul kliënte aangee, kliënte geleidelik na nuwe ervarings begin lei ("leiding"). Sodra kliënte dus aanvaarding toon, kan sielkundiges stadig hul eie houdings, gebare en taal verander in 'n poging om kliënte na meer positiewe en produktiewe toestande te lei.

Op grond van bogenoemde kan dit gestel word dat onderwysers ook van pasaangewing gebruik kan maak om byvoorbeeld leerders se leerstrategieë af te lei. Wanneer onderwysers die stappe aflei waardeur leerders nuwe inligting hulle eie maak en inligting op hierdie wyse aanbied, kan hulle leerders se leer beter fasiliteer (Dilts, Grinder, Bandler & DeLozier, 1980:152). Deurdat onderwysers inligting by die voorstellingsisteme waaraan leerders voorkeur gee, aanpas, maak hulle op die mees effektiewe wyse van die leerders se aangebore vaardighede en hulpbronne gebruik.

**3.3.1.2 Weerspieëling**

Wanneer die sielkundige by die kliënt se nie-verbale gedrag (soos oogbewegings, gebare, liggaamshoudings, asemhalingpatrone en gesigsuitdrukkings) aanpas, word dié spesifieke soort pasaangewing *weerspieëling* genoem. Die sielkundige word in hierdie geval 'n nie-verbale spieëlbeeld van die kliënt, aangesien die gedrag van die kliënt op 'n subtiele wyse nageboots word ten einde rapportskepping te bevorder of inligting in te samel (Derks & Hollander, 2000:103,691).

In die geval van weerspieëling word die onbewuste van kliënte betrek en word van 'n hipnotiese toestand (waar persone hulself oopstel om meer ontvanklik vir suggestie van ander te wees deur die uitskakeling van hulle eie bewussyn) gebruik gemaak. Aangesien sielkundiges in hierdie geval poog om die onbewuste patrone van kliënte te weerspieël, word kliënte se eie wêrelde betree en is hulle geneig om die voorstelle van sielkundiges makliker te aanvaar (Matzken, 1996:47,48-49). Volgens Cleveland (1987:82) kan leerders se nie-verbale gedrag ook subtiel deur onderwysers weerspieël word en sodoende kan kontak met leerders se besondere wêreldmodelle bewerkstellig word. Die navorser is egter van mening dat indien onderwysers wat van NLP gebruik maak leerders se nie-verbale gedrag wil weerspieël, hulle nie van hipnose gebruik kan maak nie. Die rede hiervoor is dat onderwysers, in teenstelling

met byvoorbeeld hipnoterapeute, nie opgelei is om hipnose toe te pas nie en dat moontlike onkunde 'n skadelike uitwerking op kinders kan hê.

**3.3.1.3 Uitlokkingstrategieë deur predikate**

Volgens MacLean (1986:350-351) praat mense oor wat hulle doen en openbaar sodoende watter voorstellingsisteem hulle gebruik om betekenis uit die wêreld te maak en hul ervarings te organiseer. Die klas woorde (in NLP bekend as *predikate*) is herleiers van die wyses waarop persone hulle ervarings voorstel. Hierdie predikate kan byvoorbeeld deur die sielkundige/onderwyser gebruik word om te identifiseer *hoe* kinders dink. Die vermoë om die predikate wat leerders gebruik, te identifiseer en daarby aan te pas, sal byvoorbeeld in die klassituasie tot effektiewe kommunikasie tussen leerders en die onderwyser lei. Leerders sal voel dat die onderwyser dieselfde "taal" as hulle praat. Tog is die verbale deel van 'n persoon se kommunikasie dikwels van minder belang en word 'n groot hoeveelheid inligting nie-verbaal, buite die meeste mense se bewussyn, oorgedra.

**3.3.1.4 Oogbewegings en ander nie-verbale toegangsaanduidings**

Toegangsaanduidings is ook subtiele aanduidings van die voorstellingsisteme wat persone in hulle denkprosesse aktiveer. Vanuit 'n psigo-opvoedkundige oogpunt dui die NLP-model daarop dat die sielkundige/onderwyser byvoorbeeld die vaardigheid moet ontwikkel om te kan aflei *hoe* 'n kind dink deur nie alleen na verbale aanduidings te luister nie, maar ook op nie-verbale aanduidings te let:

**3.3.1.4.1 Oogbewegings**

Deur met die toepassing van NLP na kliënte se oogbewegings te kyk, word beweer dat afgelei kan word watter sensoriese neurologiese sisteme hulle gebruik en dít dui dus vir sielkundiges aan hoe hulle moet reageer. Mills en Crowley (1986:129) stel pertinent dat die oogbewegings van kinders baie betekenisvol is, aangesien dit noodsaaklike inligting aangaande die voorstellingsisteme wat hulle gebruik, asook hulle probleme, aan sielkundiges/onderwysers kan verskaf. Gordon, Cameron-Bandler en Lebeau (1987:65-66) beweer dat daar hoofsaaklik sewe algemene oogtoegangsaanduidings in die NLP-model bestaan ("regs" en "links" is altyd die persoon se linker- of regterkant):

- *Opwaarts na regs* dui daarop dat 'n persoon toegang tot interne beelde (visuele saamgestelde beelde) verkry. In hierdie geval word beelde van voorwerpe of dinge gesien

wat nog nooit vantevore gesien is nie, of dit word anders gesien as wat dit vantevore gesien is. Gevolglik is hierdie beelde dikwels onduidelik, gefragmenteerd, abstrak en vanuit 'n derdepersoon-perspektief. Voorbeelde van saamgestelde beelde sal byvoorbeeld die volgende insluit: wanneer persone hulself voorstel waar hulle sit en lees, asook hoe 'n bok met vere lyk en hoe hulle hul tuine kan herrangskik (Gordon *et al.*, 1987:65). Voorbeelde van vrae wat visuele samestelling sal ontlok, is: "Hoe sal jou slaapkamer lyk met pienk muurpapier? Stel 'n pers driehoek binne-in 'n rooi vierkant voor. Hoe sou jy gelyk het as jy drie oë gehad het?" (O'Conner & Seymour, 1990:54; Robbins, 1997:128).

- *Opwaarts na links* dui daarop dat persone toegang verkry tot visuele beelde wat hulle onthou. In hierdie geval word beelde van voorwerpe/dinge gesien wat al vantevore gesien is, op dieselfde wyse as wat dit vantevore gesien is. Gevolglik is hierdie beelde dikwels duidelik met baie detail en is dit vanuit 'n eerstepersoon-perspektief. Daar kan gestel word dat dit byvoorbeeld 'n beeld kan insluit van 'n vriend se gesigsuitdrukking toe die persoon vir hom/haar 'n geskenk gegee het, of om te herroep hoe die vooraansig van 'n vriend se huis lyk (Gordon *et al.*, 1987:65). Vrae wat noodwendig visuele beelde insluit wat onthou word, is die volgende: "Watter kleur is jou voordeur? Hoe het jou eerste motor gelyk? Hoeveel vensters is daar in jou huis?" (Derks & Hollander, 2000:245; O'Conner & Seymour, 1990:53; Robbins, 1997:128).
- *Reguit na regs* dui op toegang tot ouditiewe saamgestelde klanke deurdat die oë horisontaal en na regs kyk. Hier voeg persone klanke en verbaliserings op 'n nuwe wyse saam wat nog nooit vantevore op hierdie wyse gehoor is nie. 'n Tipiese voorbeeld hiervan sal voorkom wanneer 'n persoon 'n deuntjie opmaak (Gordon *et al.*, 1987:65). Voorbeelde van vrae vir ouditiewe samestelling is: "Hoe hard sal dit klink indien tien mense gelyktydig skreeu? Hoe sal jou stem onder die water klink? Watter geluid sal 'n klavier maak indien dit van die tiende verdieping van 'n gebou afval?" (O'Conner & Seymour, 1990:54; Robbins, 1997:130).
- *Reguit na links* dui daarop dat toegang verkry is tot ouditiewe klanke of woorde wat onthou word en wat dus vantevore gehoor is. Persone sal dit doen wanneer hulle probeer om klanke/geluide te herroep, soos hul geliefkoosde deuntjies, of verbaliserings soos byvoorbeeld wat iemand 'n paar minute gelede aan hulle gesê het (Gordon *et al.*, 1987:66). Die volgende vrae kan gestel word: "Kan jy jou geliefkoosde stuk musiek in jou gedagtes hoor speel? Watter deur slaan die hardste in jou huis? Wat was die eerste

woord wat jy vandag gesê het?" (Derks & Hollander, 2000:246; O'Conner & Seymour, 1990:54; Robbins, 1997:128,130).

- *Afwaarts na regs* dui daarop dat persone primêr toegang tot kinestetiese gevoelens (en soms ook smaak en reuk) verkry. Deurdat afwaarts gekyk word, word toegang tot sekere gevoelens verkry, byvoorbeeld hoe dit voel om `n sneeubal in die hand te hê (Gordon *et al.*, 1987:65). Voorbeelde van vrae wat `n kinestetiese gevoel (insluitend smaak en reuk) betrek, sal die volgende insluit: "Hoe voel dit om nat sokkies aan te trek? Hoe proe dit om `n lepelvol baie sout sop te proe? Herroep die smaak/geur van jou geliefkoosde roomys? Watter mat in jou huis is die sagste?" (O'Conner & Seymour, 1990:54; Robbins, 1997:130).
- *Afwaarts na links* dui op interne ouditiewe verwerking waar persone met hulself praat. Dié oogbeweging sluit klanke of verbaliserings in en is byvoorbeeld algemeen wanneer mense na interne dialoog luister (Gordon *et al.*, 1987:65). Vrae om interne dialoog te begin, is: "Watter toonhoogte gebruik jy wanneer jy met jouself praat? Dra `n kinderrympie saggies voor. Waar kom die klank vandaan wanneer jy met jouself praat?" (O'Conner & Seymour, 1990:54; Robbins, 1997:130).
- *Reguit vorentoe en ongefokus:* Somtyds blyk dit asof persone nie hul oë beweeg of verskuif nie, en wil dit voorkom asof hulle oë ongefokus is. Alhoewel persone in hierdie geval na `n ander persoon kyk, word die ander persoon nie raakgesien nie, aangesien hulle na interne beelde (wat òf saamgestel òf onthou word) kyk (Gordon *et al.*, 1987:66).

Volgens Gordon *et al.* (1987:67,70) mag dit wees dat `n persoon se oogbewegings nie by die vasgestelde NLP-oogbewegings en -verduidelikings pas nie (wat die geval is by meer as die helfte linkshandige persone, maar ook by sommige regshandige persone). Daar moet egter nie gepoog word om `n persoon se oogbewegings by die algemene verduidelikings te laat pas nie. Wanneer persone ongewone oogbewegings toon, moet aan hulle gevra word om te verduidelik wat hulle op daardie stadium voel en dink. Op hierdie wyse kan uitgevind word waarom die spesifieke oogbewegings gemaak word. Volgens NLP-literatuur openbaar oogtoegangsaanduidings strukturele inligting aangaande `n persoon se voortgesette interne prosesse. Hierdie inligting help om sin te maak uit `n ander persoon se reaksies deurdat inligting verkry word van wat `n persoon ervaar en doen. Ander NLP-toegangsaanduidings sal vervolgens bespreek word.

#### 3.3.1.4.2 Gebare as toegangsaanduidings

Net soos oogbewegings, dui die gebare wat persone maak, grootliks aan *hoe* hulle dink en nie *wat* gedink word nie. Hierdie tekens kan as liggaamstaal, wat op 'n baie meer verfynde en subtiele vlak as normaalweg geïnterpreteer word, beskou word. As voorbeeld kan gestel word dat wanneer kinders die middellyne van hulle liggame met hul hande aanraak, dit op kinestetiese gewaarwordings dui. Kinders wat met interne dialoog besig is, sal dikwels hul koppe na een kant toe laat leun (gewoonlik na links) en dit op hulle hande laat rus ("telefoonposisie") (Dilts *et al.*, 1980:82; O'Conner & Seymour, 1990:55,56). Kinders sal ook dikwels (bewustelik of onbewustelik) met hul hande na spesifieke sintuie wys of daaraan vat as aanduidings van die spesifieke voorstellingsisteem wat hulle gebruik (MacLean, 1986:352-353).

#### 3.3.1.4.3 Asemhalingsveranderings

Volgens Dilts *et al.* (1980:83) is persone se asemhaling een van die mees direkte wyses om hul chemiese en biologiese toestande te verander, wat dan hul neurologie beïnvloed. Veranderings in asemhaling is, volgens die NLP-model, 'n belangrike aanduiding en toegangsmeganisme van spesifieke sensoriese toestande:

- 'n Persoon wat in beelde (visueel) dink se asemhaling sal vlakker en hoër in die bors wees (of sal vlugtig ophou).
- Kinestetiese toegang word gekenmerk deur diep asemhaling, laag in die omgewing van die maag.
- Persone wat ouditief dink, haal gelykmatig oor die hele borsgedeelte asem (Derks & Hollander, 2000:248; O'Conner & Seymour, 1990:55; Robbins, 1997:131).

#### 3.3.1.4.4 Liggaamshouding, spiertonusveranderings en liggaamsbou

Gepaardgaande met die bogenoemde asemhalingspatrone kan ook op die verskillende liggaamshoudings, spiertonusveranderings en liggaamsbou gewys word:

- Daar is dikwels by persone wat visueel dink 'n toename in spierspanning. Hierdie persone se skouers sal normaalweg hang en hulle koppe sal opgelig wees. 'n Maer, gespanne liggaam is ook kenmerkend van 'n visueel-georiënteerde persoon.
- Wanneer persone kinesteties dink, sal hul nekspiere relatief ontspanne voorkom en hulle koppe sal afwaarts gerig wees. Terwyl 'n atletiese, gespierde liggaam kenmerkend van 'n persoon is wat meer kinesteties- (tas en motories) georiënteerd is, dui 'n vol, sagte

liggaam op `n persoon wat meer geneig is om na binne georiënteerd te wees, betreffende die kinestetiese.

- Ouditiewe toegang word gekenmerk deur relatief gelykmatige spierspanning en klein ritmiese bewegings. Hierdie persone se skouers sal agteroor wees, alhoewel dit ietwat sal hang. Hul koppe sal goed gebalanseer wees op hulle skouers of effens skuins na die een kant toe asof hulle na iets luister. Die liggaamsbou van `n ouditief-georiënteerde persoon is geneig om tussen-in die bogenoemdes te lê (Dilts *et al.*, 1980:84,102; O'Conner & Seymour, 1990:55,56; Robbins, 1997:131).

#### 3.3.1.4.5 Velkleurverandering

Volgens Cleveland (1987:56) kan die velkleur van kinders en volwassenes se gesigte ook gebruik word (in samehang met die ander veranderings) om uit te vind hoe hulle inligting verwerk:

- Wanneer persone van `n visuele sensoriese sisteem gebruik maak, sal hulle gesigte geneig wees om bleker as normaalweg te vertoon.
- Betreffende velkleur word ouditiewe toegang gekenmerk deur `n verdiepte blos.
- Wanneer persone kinesteties dink, is hulle gesigte geneig om blosend voor te kom.

O'Conner en Seymour (1990:56) verklaar dat `n gesprek tussen `n persoon (sielkundige/onderwyser) wat byvoorbeeld visueel dink en `n kind wat in gevoel dink vir beide `n frustrerende ervaring kan wees. Visuele denkers sal byvoorbeeld hulle voete stamp van ongeduld, terwyl kinestetiese persone letterlik nie "kan sien" waarom die ander persone so haastig is nie. Beide sielkundiges en onderwysers moet in hulle bemoeienis met kinders by hul maniere van dink kan aanpas om beter resultate te verkry. Tog waarsku NLP-literatuur dat hierdie bloot veralgemenings is wat gekontroleer moet word deur waarneming en ervaring. Soos uit `n volgende artikel sal blyk, kan ook reeds hier genoem word dat daar nie eenstemmigheid onder navorsers bestaan oor die geldigheid van NLP-oogbewegingsrigtings en ander toegangsaanduidings nie (Sharpley, 1987:103).

### 3.3.1.5 Kalibrering

Kalibrering kan as NLP-vaardigheid gebruik word om van persone se uitdrukkingsgedrag/nie-verbale aanduidings kennis te neem en om hierdie gedrag met hulle innerlike reaksies te assosieer. Kalibrering is gebaseer op die assosiasie wat bestaan tussen persone se

uitdrukkingsgedrag en wat ander persone weet of kan uitvind van die persone se emosionele toestande op die tydstip wat hulle hulself uitdruk (Cleveland, 1987:87). Daar bestaan verskeie voorbeelde van uitdrukkingsgedrag (waarvan sommige reeds genoem is), naamlik:

- wat gesien kan word: velkleurveranderings, veranderings in gesigspierspanning, bewegings van die kop, skouers, arms, romp, voete en bene, liggaamshouding-veranderings;
- wat gehoor kan word: spraaktempo, spraakvolume, stemtoon;
- wat geruik kan word: parfuum, reuk van alkohol (by alkoholis), sweet; en
- wat gevoel kan word: velkleur, spierspanning, vogtigheid of droogheid van die vel (Gordon *et al.*, 1987:22-23).

Volgens Gordon *et al.* (1987:24) is die hoofdoel van kalibrering om kommunikasie tussen mense te bevorder. Vanuit `n psigo-opvoedkundige perspektief word sielkundiges/ onderwysers deur middel van kalibrering byvoorbeeld toegelaat om op kinders se kommunikasie in die geheel te reageer, eerder as om net op die woorde wat hulle gebruik, te reageer.

### 3.3.2 NLP-tegnieke

Dilts en DeLozier (2000:1395) verklaar vanuit `n NLP-perspektief dat tegnieke die prosedures is wat ten doel het om die hulpbronne wat nodig is om verandering in `n persoon te bewerkstellig, te identifiseer en toe te pas. Die toepassing van NLP-tegnieke het voorts ook ten doel om die bereiking van `n spesifieke uitkoms en die gepaardgaande uitwerking daarvan te ondersteun. Verder gaan Dilts en DeLozier (2000:1396) van die standpunt uit dat NLP-tegnieke nie bloot onbuigsame prosedures is nie, maar dat dit soms nodig is om die aspekte van `n spesifieke tegniek aan te pas om die behoeftes van verskillende kliënte en kulture te bevredig.

Soos blyk uit beskikbare NLP-opleidingskursusse en -literatuur, was daar die afgelope paar jare `n "ontploffing" van NLP-tegnieke. Tog moet daar in gedagte gehou word dat alle tegnieke op een grondige beginsel gebaseer is, naamlik dat dit `n hulpmiddel moet wees waardeur heling of verandering in `n toestand waarin daar `n tekort bestaan, bewerkstellig kan word (Curreen, 1995:55). Alhoewel daar dus baie méér NLP-tegnieke bestaan, word slegs enkele van die tegnieke wat veral deur sielkundiges (maar ook met aanpassing deur ander

persone, soos onderwysers) aangewend kan word, vervolgens bespreek. Bestaande NLP-tegnieke word ook voortdurend verbeter en verfyn, en nuwe tegnieke word ontwikkel (Dilts & DeLozier, 2000:1398). Volgens Knight (1996:10) moet egter in gedagte gehou word dat vele tegnieke nie heeltemal uniek aan NLP is nie, maar dat dit van ander terapeutiese modelle oorgeneem en in sommige gevalle bloot aangepas is.

Steyn (1999:115) gaan van die standpunt uit dat NLP-tegnieke in twee hoofgroepe ingedeel kan word, naamlik NLP-kommunikasietegnieke en NLP-esoteriese tegnieke.

### 3.3.2.1 NLP-kommunikasietegnieke

Steyn (1999:115-116) voer aan dat NLP-kommunikasietegnieke gedefinieer kan word as "a model that focuses on the verbal and non-verbal behaviour as well as on structures and processes of human subjectivity". In die onderwys is hierdie NLP-tegnieke oor die algemeen veral bruikbaar om leerprobleme te identifiseer en om leerders op alle vlakke te motiveer en te onderrig. Van die bogenoemde NLP-vaardighede (soos byvoorbeeld rapportskepping, pasaangewing en kalibrering) word ook soms, soos reeds genoem, as deel van die NLP-kommunikasietegnieke beskou. In die bespreking wat volg moet in gedagte gehou word dat, alhoewel NLP-tegnieke in hierdie artikel onder een van die twee groepe geklassifiseer is, die meeste egter elemente van beide groepe bevat wat gevolglik die klassifikasie daarvan bemoeilik.

#### 3.3.2.1.1 Modellering

Modellering van uitnemendheid kan as 'n "oorplanting" van die uitnemende dele van een persoon op 'n ander persoon beskou word. Leerders wat byvoorbeeld 'n besondere vermoë besit om te kan spel, kan gemodelleer word. Alle uitnemende spellers besit 'n gemeenskaplike eienskap, naamlik hulle spel die woord vanaf 'n baie duidelike interne beeld (prent) van die woord. Ander leerders kan dus aanleer om interne beelde van woorde te vorm (Beaver, 1998:117). Volgens Dilts (1998:58) kan die basiese stappe van die NLP-modelleringstegniek soos volg opgesom word:

- Besluit op deskundiges wat gemodelleer kan word en bepaal die kontekste waarin hulle die bekwaamheid wat gemodelleer gaan word, toepas.
- Voer die geskikte inligtingsversamelingsprosedures in die geskikte kontekste vanuit verskillende perseptuele posisies uit.

- Suiwer die resultate wat deur die inligtingsversamelingsprosedures verkry is vir relevante kognitiewe en gedragspatrone.
- Organiseer die patrone in 'n logiese, samehangende struktuur of "model".
- Toets die effektiwiteit van die model wat gekonstrueer is, deur die patrone in verskillende situasies te toets en verseker dat die verlangde resultate bereik kan word.
- Herlei die model na die eenvoudigste vorm wat steeds die verlangde resultate sal lewer.
- Identifiseer die beste prosedures om die vaardighede wat deur die modelleringsproses geïdentifiseer is, oor te dra.
- Bepaal geskikte instrumente waarmee die resultate van die model gemeet kan word (vergelyk ook Derks & Hollander, 2000:388-404).

### 3.3.2.1.2 Ankering

Na aanleiding van Ivan Pavlov ('n Russiese sielkundige) se stimulus-respons-reaksie (klassieke kondisionering), het Bandler en Grinder tot die gevolgtrekking gekom dat hulle ankers (stimuli) as meganismes kan gebruik om "ervarings" in tyd en ruimte te skuif. Ankering verwys in NLP na die natuurlike proses waardeur enige element van 'n ervaring (enige sensoriese modaliteitskomponent) die volledige ervaring kan herskep of herroep (Bodenhamer & Hall, 1999:248). Yeager (1985:184) definieer ankering as "...an exceptionally rapid means of establishing or utilizing a conditioned response using non-verbal or verbal language as the medium".

'n Anker is enige interne of eksterne voorstelling wat aanleiding gee tot 'n ander voorstelling; dit is aangeleerde assosiasies tussen 'n prikkel en 'n reaksie. Enige deel van 'n besondere ervaring kan as 'n anker gebruik word om toegang tot 'n ander deel van die ervaring te verkry. Om 'n anker te vestig, word 'n patroon vereis waar voorstellings in twee verskillende sensoriese kanale met mekaar geassosieer kan word. Alhoewel taal een van die mees algemene ankeringsisteme is, kan innerlike klanke, gevoelens, reuke en beelde ook as ankers dien. 'n Anker skep 'n brug tussen twee totaal verwyderde ervarings (MacLean, 1986:356-358). Gordon *et al.* (1987:84-85) noem die volgende stappe waardeur persone (byvoorbeeld ook ouer kinders) self-ankering kan toepas:

- Persone moet die toestand kies wat hulle wil hê of nodig het in 'n sekere situasie.

- Daarna moet hulle op die ankers wat hulle wil gebruik, besluit en gereedmaak om dit te gebruik.
- Hulle moet die tyd identifiseer waartydens hulle hierdie toestand intens ervaar het.
- Hulle moet terugtree in hierdie ervaring en die volgende vraag kan byvoorbeeld gevra word: "Wat hoor/sien/ruik ek?"
- Op hierdie stadium moet hulle werklik in die gevoel "insink", terwyl hulle al die gewaarwordings van hulle liggame hierby insluit en hierdeur moet hulle ook van die ankers waarop hulle besluit het, gebruik maak. Wanneer persone die intensiteit van die ervarings ten volle ervaar het, moet hulle die ankers laat gaan en hulself na die hede heroriënteer.
- Terwyl die persone om hulle in die kamer waarin hulle hulself bevind, kyk, moet hulle hul liggame skuif en ten volle tot die hede terugkeer. Persone kan ook hul ankers toets en genoeg tyd vir hulself toelaat om daarop te reageer. Indien dit die oorspronklike toestand anker, werk die anker en kan daar na die volgende stap oorgegaan word. Indien nie, moet die intensiteit van die ervaring vermeerder word (versterk dit visueel, ouditief en kinesteties) en moet herankering plaasvind.
- Daarna moet persone die volgende keer waar hulle in 'n situasie sal wees waarin hulle toegang tot hierdie ankertoestand wil hê of benodig, voorstel. Wanneer hulle hierdie situasie helder kan voorstel, moet hulle die anker op die punt waar hulle dit benodig, gebruik.

Gordon *et al.* (1987:85) voer aan dat dieselfde prosedure as by self-ankering gevolg word wanneer sielkundiges sekere toestande in ander persone wil anker. Die groot verskil is net dat die sielkundige nie binne-in die kliënt kan wees om te weet op watter stadium om van die anker gebruik te maak nie. Sielkundiges moet oor die vermoë beskik om te kan sien of hoor wanneer kliënte in 'n sekere toestand is, en dan van die anker gebruik maak, anders sal hulle nie weet wat hulle anker, wanneer om te anker en of die ankering effektief was nie. Volgens Thalgott (1986:350,352) kan ankering effektief aangewend word by persone wat angstoestande ervaar. Só kan dié tegniek byvoorbeeld nuttig aangewend word om kinders te help om 'n angsreaksie of gedagtestremming wat hulle ten opsigte van enige taak (byvoorbeeld wiskunde, lees of toetse) in die skool mag ervaar, te verminder.

### 3.3.2.1.3 Die "Swish"-patroon

Hierdie tegniek voorsien `n instrument om herinneringe uit te ruil of om die visuele beelde van uitgewiste herinneringe te vervang. `n Wye verskeidenheid ongewenste gewoontes of reaksies (beide emosionele en gedragsreaksies) kan ook met behulp van hierdie patroon uitgeskakel word (Andreas & Faulkner, 1998:335). Möller (2000:24) gaan van die standpunt uit dat hierdie tegniek besonder geskik is om hulp te verleen aan kinders wat aan verkragting, die moord op `n geliefde, `n kaping of enige ander traumatiese ervaring blootgestel is. Volgens Steyn (1999:116,120) kan die "Swish"-patroon ook gebruik word om, veral by onderpresteerders, hulle visuele persepsie in `n primêre voorstellingsisteem te ontwikkel om sodoende hul inligtingsverwerkingsmetodes te verbeter. Vervolgens word die basiese stappe wat in hierdie patroon aangewend word, uiteengesit (Bodenhamer & Hall, 1999:298-302; vergelyk ook Kruger, 1999:158-159):

- Identifiseer die spesifieke gedrag wat verander moet word: Hierdie prosedure kan ook gebruik word om ongewenste gewoontes soos ooreting en naelsbyt te verander.
- Bepaal die spesifieke aanduiding wat die ongewenste gedrag veroorsaak: byvoorbeeld by die byt van naels, sal dit die waarneming van die hand wat na die mond beweeg, insluit. Soos met die meeste NLP-tegnieke, werk hierdie tegniek die beste met visuele beelde. Vra byvoorbeeld die volgende: "Wanneer kom hierdie ongewenste gedrag voor? Skep `n groot, helder geassosieerde beeld van wat jy sien net voordat die ongewenste gedrag begin".
- Vorm `n beeld dat die uitkoms reeds bereik is: "Hoe sal jy jouself sien met die verlangde verandering? Maak `n gedissosieerde prent" (in NLP moet persone hulle met die huidige toestand assosieer en van die verlangde toestand dissosieer).
- Is `n ekologies-verlangde toestand geskep?: byvoorbeeld "Sal jou verlangde toestand in alle kontekste van jou lewe inpas? Watter hulpbronne sal jy benodig? Wat sal jy sien, hoor en voel wanneer jy jou uitkoms bereik het?"
- "Swish" die beelde deur van grootte en helderheid gebruik te maak: "Neem die beeld en maak dit helderder en groter. Assosieer hierdie beeld met die huidige toestand. In die laer, linkerkantste hoek van die prent moet dan `n klein, donker en gedissosieerde prent van die verlangde beeld geplaas word. Neem die groot, helder beeld en maak dit vinnig klein en donker. Maak terselfdertyd die klein, donker verlangde beeld groter en helder. Doen dit baie vinnig en herhaal die prosedure ten minste vyf keer".

- Voorsien toekomstige pasaangewing deur die resultate te toets: Vra die kliënt om aan die aanduiding te dink wat die ongewenste gedrag veroorsaak. Indien dit die nuwe beeld voortbring, is die proses voltooi. Indien nie, moet na die volgende stap gegaan word.
- Indien grootte en helderheid nie werk nie, kan afstand gebruik word: Dieselfde prosedure as bogenoemde moet dan gevolg word, maar in plaas van die klein, donker beeld in die hoek, moet afstand gebruik word. Neem die beeld van die ongewenste gedrag en sien hoe dit op die horison verdwyn totdat dit 'n swart kol word. Plaas 'n klein, swart en gedissosieerde beeld van die verlangde uitkoms op die horison. Die sielkundige moet dan die kliënt lei om die verlangde uitkoms op die horison in fokus te kry. Daarna moet dit ses keer herhaal en ook getoets word.

### 3.3.2.1.4 Die gebruikmaking van metafore

In hierdie geval, soos voorheen vermeld, moet in gedagte gehou word dat ook hierdie tegniek nie slegs in NLP aangewend word nie. NLP-ers (hiermee word bedoel persone wat van NLP gebruik maak) maak dikwels van metafore gebruik deur 'n boodskap in 'n verhaal te "verpak". Alhoewel persone dikwels nie die boodskap op 'n bewuste vlak verstaan nie, neem hulle onbewuste vlak dit op (Derks & Hollander, 2000:417,426-427,680; Hall, 1999:55). Volgens Angell (1996:488) word die metafore wat meestal op die kliënt se eie ervaring gebaseer is, as katalisators vir verandering gebruik deur die kliënt te lei om nuwe denk- en gedragwyses te soek. Vervolgens word die basiese stappe om 'n metafoor voort te bring (soos deur Bodenhamer & Hall, 1999:232-233 uiteengesit) kortliks genoem:

- Identifiseer die opeenvolging van gedrag en/of gebeure wat betrokke is: Dit kan byvoorbeeld wissel van 'n konflik tussen innerlike dele tot 'n fisiese siekte.
- Identifiseer die verlangde uitkomste en keuses: In NLP word gekommunikeer met 'n spesifieke uitkoms in gedagte. Metafore voorsien 'n unieke manier om dit te doen. Sielkundiges moet visuele beelde van die uitkoms in gedagte hou en die uitkoms toelaat om in hul onbewuste metafore vir die kliënt voort te bring.
- Verplaas die verwysingsaanduiding of -leidraad: Vestig die karakters in die storie wat uit enigiets kan bestaan, lewend of nie-lewend. Watter karakters ook al gekies word, is nie belangrik nie, indien dit net die karakterverhouding in stand hou. Sielkundiges sal in terapie met kinders dikwels die karakters van bekende sprokies en mites gebruik.

- Vestig 'n gelykvormigheid tussen die kliënt se situasie en gedrag, en die situasie en gedrag van die karakters in die storie: Stel die gedragseienskappe vas, soos strategieë en voorstellingseienskappe, wat parallel is met die kliënt se huidige situasie.
- Vestig nuwe hulpbronne in terme van die karakters en gebeure in die storie: Hierdie stap kan uitgevoer word binne die raamwerk van herkadering om hertoegang tot hulpbronne wat moontlik vergete is, te bewerkstellig.
- Gebruik dubbelsinnige en direkte aanhalings om opeenvolgings in die storie op te breek, indien enige weerstand bespeur word.
- Hou die oplossing dubbelsinnig, indien nodig, om sodoende die kliënt se onbewuste prosesse toe te laat om geskikte veranderings te maak: Bewuste begrip sal egter nie noodwendig met die metaforiese proses inmeng nie.
- Voorsien toekomstige pasaangewing indien moontlik.

### 3.3.2.2 NLP-esoteriese tegnieke

Volgens Steyn (1999:117) verwys die NLP-esoteriese tegnieke na metodes waarin die sielkundige wat van NLP gebruik maak "motions the person from the conscious mind to the subconscious mind", wat in sommige gevalle gelykgestel kan word aan esoteriese en okkultiese praktyke.

#### 3.3.2.2.1 Verandering van persoonlike geskiedenis

Volgens NLP vorm alle persone (ook kinders) se persoonlike geskiedenis die grondslag vir al hulle bekwaamhede, asook al hulle beperkings. Laasgenoemde kan dus 'n beperkende invloed op hul huidige ervarings en gedrag uitoefen. Deur die samestelling van nuwe moontlikhede waarin ankering ook aangewend kan word, kan persoonlike geskiedenis in der waarheid verander van 'n stel beperkings na 'n stel hulpbronne (Angell, 1996:490). Die stappe om persone se persoonlike geskiedenis te verander, verloop soos volg:

- Toegang tot 'n problematiese ervaring moet verkry word en hierdie ervaring moet dan geanker word.
- Gebruik hierdie anker om kliënte by te staan om terug te gaan in tyd om ander tye te vind waar hulle ook hierdie gevoel ervaar het.
- Heroriënteer kliënte, gebruik die anker en bring kliënte terug na die hede.

- Vra aan kliënte watter hulpbron in die verlede nodig was om 'n bevredigende ervaring te kon hê. Bewerkstellig toegang tot dié hulpbron en anker dit.
- Indien nodig kan daar op hierdie stadium ook 'n ander anker gebruik word, naamlik 'n tweede ervaring waar 'n persoon bevoegdheid kan ervaar.
- Gebruik die hulpbronanker en verander die problematiese ervaring met behulp van die nuwe hulpbron (indien die resultaat nie bevredigend is nie, moet die proses vanaf die vierde stap herhaal word).
- Toets: onthou ervarings wat in die verlede plaasgevind het sonder enige ankers.
- Toekomstige situasies: laat kliënte hulle die volgende keer wat hierdie situasie mag voorkom, voorstel, en herinner hulle daaraan om die hulpbron te gebruik (Bodenhamer & Hall, 1999:271-272).

#### 3.3.2.2.2 Herkadering

Herkadering bied die geleentheid om die verwysingsraamwerk rondom 'n gebeurtenis/ stelling/ervaring te verander en 'n ander betekenis daaraan te gee. Met behulp van herkadering word gepoog om die kliënt se negatiewe gedrag, denke en gevoelens in positiewe hulpbronne te omskep. Kinders wat hulself byvoorbeeld in probleemsituasies bevind, maak oor die algemeen ongewenste keuses en herkadering is 'n wyse om hulle te help om meer opbouende keuses te maak (Alder, 1997:492; Zastrow, 1992:492-493).

Herkadering sluit hoofsaaklik ses stappe in, naamlik:

- Identifiseer die ongewenste gedrag of simptome: Herkadering is nie alleen effektief vir die verandering van gedrag nie, maar ook vir fisiologiese simptome (soos aanhoudende hoofpyn of moegheid).
- Bewerkstellig kommunikasie met dié deel wat die ongewenste gedrag voortbring.
- Identifiseer en skei die positiewe intensie van die ongewenste gedrag.
- Persone moet dan kontak met die kreatiewe dele van hul persoonlikheid (as een van die hulpbronne waaroor hulle beskik) bewerkstellig en daaruit drie nuwe wyses om die positiewe intensie te bevredig, laat voortbring.
- Dié deel moet die nuwe gedrag en verantwoordelikheid aanvaar om hierdie nuwe wyses, wanneer dit benodig word, te kan voortbring.

- Ekologiese of omgewingskontrole (*ekologie* verwys na die verskillende dele van `n persoon se onderlinge verband en interafhanklikheid) - niks sal in werking tree indien elke deel nie tevrede gestel is nie. Indien dit nie die geval is nie, moet die proses vanaf die tweede stap herhaal word (Alder, 1997:140-142; Angell, 1996:491; Kruger, 1999:177-178; O'Conner & Seymour, 1990:136-138).

Blackerby (1996:99-100) verklaar dat indien leerders glo dat hulle nie in die skool kan leer of presteer nie, hulle gewoonlik probleme het om te leer. Met behulp van herkadering kan leerders ook gehelp word om hulle gedagtes van "ek kan nie leer nie" na "ek kan leer" te verander.

**3.3.2.2.3 Visueel-kinestetiese dissosiasie (ontbinding of skeiding)**

Wanneer persone beelde en gevoelens van mekaar kan skei, word dit in NLP-terme uitgedruk dat hulle visueel-kinesteties dissosieer. Hierdie persone kan byvoorbeeld angsvolle tonele vir hulself voorstel, sonder dat dit hulle emosies aangryp. Sodoende kan hulle met emosioneel-gelaaide herinneringe en situasies omgaan. Wanneer kinders byvoorbeeld probleme het wat met heftige emosies, fobiese reaksies of trauma gepaardgaan, kan hierdie tegniek van visueel-kinestetiese dissosiasie as hulpmiddel gebruik word. Visueel-kinestetiese dissosiasie word aangewend wanneer gevoelens oorweldigend is (byvoorbeeld in die geval van trauma, woede, haat, angs en verdriet) of by die aanwesigheid van `n fobie (byvoorbeeld toets- en prestasiefobie) (Blackerby, 1996:45; Derks & Hollander, 2000:189,193). Volgens Andreas en Faulkner (1998:185) is `n gedissosieerde toestand `n innerlike toestand waardeur individue byvoorbeeld `n onaangename situasie wat hulle beleef het, herleef asof hulle waarnemers is.

Vervolgens word bloot op `n verkorte wyse, in ooreenstemming met MacLean (1986:359-360) aan hierdie tegniek aandag gegee:

- Vestig `n sterk anker: Die sielkundige moet tydens hierdie proses opdragte aan kliënte gee om hulle sodoende te help om verandering te bewerkstellig, byvoorbeeld "Ek gaan jou vra om terug te gaan in die tyd en om terselfdertyd die druk op my gewrig te vermeerder wanneer jy dit op enige stadium nodig vind om aan jou eie krag en bevoegdheid herinner te word".
- Kliënte moet die ankers gebruik en `n jonger weergawe van hulself op `n foto voorstel: Hulle kry byvoorbeeld die opdrag dat wanneer die sielkundige aan hulle arm vat, dit hulle sal help om van hul fobiese gevoelens te onthou, maar dat hulle nie weer deur die

gevoelens moet gaan nie. Kliënte moet slegs soveel van hierdie gevoelens met hulle saamneem totdat hulle `n veel jonger beeld van hulself sien. Kliënte moet hierdie jonger weergawe van hulself op `n afstand as `n foto met `n raam sien. Op hierdie wyse is dit makliker om die fobie te hanteer en te verwerk.

- Op hierdie stadium moet kliënte hulself daar sien sit, terwyl hulle na hul jonger weergawes kyk.
- Die foto moet dan in `n filmstrook verander word en daar moet daarna gekyk en geluister word: Terwyl kliënte na die film kyk, moet hulle sien wat met hulle gebeur het en daaruit nuwe gevolgtrekkings maak. Op hierdie wyse leer en verstaan kliënte beter wat met hulle gebeur het en besef hulle dat hulle nuwe keuses het.
- Herintegrasie: Op hierdie stadium moet kliënte hul nuwe gevoelens van krag en vindingrykheid herenig met hulle liggame wat bloot gesit en kyk het na die film.

### 3.3.2.2.4 Pragmagiese tegnieke

Die woord *pragmagie* is `n kombinasie van *pragmatisme* (die gedagte dat die waarde van `n idee bepaal word deur wat dit moontlik maak) en *magie* (die kontakmaking met bonatuurlike magte). As filosofiese stroming verkondig pragmatisme dat nuttigheid belangriker as die waarheid is. NLP sluit byvoorbeeld by pragmatisme aan deurdat konkrete, leerbare prosedures aangebied word om oortuigings te verander. Magie is "de kunst om geheime natuurkrachten (of geesten) te zijnen nutte aan te wenden " (Derks & Hollander, 2000:541-542,687). Deur bloot na die titel van Bandler en Grinder se eerste NLP-boeke, *The Structure of Magic I and II*, te kyk, bevestig reeds die vermoede dat magie moontlik deel van NLP kan uitmaak (vergelyk Bandler & Grinder, 1975; Grinder & Bandler, 1976). Pragmagie behels die modellering van nuttige magiese rituele. Die uitdryf van bose geeste vorm die kern van sodanige rituele en word veral deur towenaars, priesters, mediums, toordokters en sjamane gebruik. Voorts sluit pragmagie ook die aanwending van ritmiese oefeninge en danse in om mense in `n hipnotiese toestand te plaas sodat onbewuste belewings na vore kan kom. Pragmagie word in moderne kulture aangewend om psigotiese gedrag van mense te probeer genees (Derks & Hollander, 2000:534; Matzken, 1996:63; Steyn, 1994:29,32).

Vervolgens word `n paar pragmagiese tegnieke beskryf (Derks & Hollander, 2000:555-558,590-596; Steyn, 1994:29):

- Die kinestetiese hipnose (trans): `n Bewegingstrans word opgeroep deur herhaalde ritmiese bewegings wat `n ekstatiese meditasie tot gevolg het.
- TTT ("Terpsichore Trance Therapy"): `n Vorm van kinestetiese trans wat opgeroep word met ronddraaiende bewegings en hiperventilasie.
- Die sosiale reinigingsdans: Ook `n vorm van kinestetiese trans waar `n dans in `n groep uitgevoer word om frustrasie en aggressie te verwerk.
- Die spirituele panorama: `n Oorsig word gegee van alle gode, natuurkragte, voorouers, kosmiese energieë en ander nie-waarneembare entiteite waarin voorgestel word dat die persoon rondom hierdie gode staan.
- Orakelpatrone (voorspellings) sowel as danse word uitgevoer.
- Transendentiteit: Die persoon word deur `n opeenvolging van kinestetiese transe in kontak gebring met voorvaders, persone uit die eie leeftydfase en ook nasate. Sodoende word `n eie identiteit oor die generasies heen, gevorm.

Daar is huidig in die ontwikkeling van NLP `n neiging te bespeur in die rigting van spiritualiteit. Die pragmagie sluit ten nouste hierby aan. Vanuit `n psigo-opvoedkundige oogpunt bevraagteken die navorser egter die toepassing van NLP-esoteriese tegnieke, en veral pragmagiese tegnieke, op kinders.

## 3.4 GEVOLGTREKKINGS

In die beantwoording van die eerste probleemvraag van hierdie artikel is van die belangrikste NLP-vaardighede en -tegnieke blootgelê. Daar kan oor die algemeen tot die gevolgtrekking gekom word dat indien NLP-tegnieke op kinders toegepas sou word, dit nie op te `n vroeë ouderdom gedoen moet word nie, aangesien daar in die meeste gevalle van kinders vereis word dat hulle al vir langer periodes moet kan konsentreer. Dit blyk dat kinders eers skoolgaande ouderdom moet bereik voordat dit enigsins oorweeg kan word om NLP-tegnieke op hulle toe te pas.

Met die eerste oogopslag lyk dit asof NLP-tegnieke en -vaardighede heeltemal aanvaarbaar is vir toepassing op kinders, maar na deeglike beskouing blyk dit dat daar goed hieroor besin moet word. Die navorser het uiteindelik tot die gevolgtrekking gekom dat sielkundiges/onderwysers wat NLP-tegnieke en -vaardighede op kinders wil toepas, met groot

omsigtigheid te werk moet gaan om te voorkom dat hierdie tegnieke (veral NLP-esoteriese tegnieke) `n skadelike invloed op kinders sal hê. Die NLP-esoteriese tegnieke blyk vanuit `n Christelike standpunt heeltemal onaanvaarbaar te wees vir toepassing op kinders. Die toepassing van hierdie esoteriese tegnieke (veral pragmagiese tegnieke) kan daartoe lei dat kinders, wat baie vatbaar is vir invloede, met okkultiese bedrywighede in aanraking kom. Aangesien die toepassing van die meeste NLP-esoteriese tegnieke ook die beweging in `n hipnotiese toestand impliseer, behels dit dat kinders hulself blootstel deur hul bewussynsvlakke, en daardeur ook hul funksie van kritiese ontleding, te blokkeer. Na aanleiding van `n studie wat in Nederland oor die toepassing van NLP-tegnieke op kinders uitgevoer is, voer Steyn (1999:113,117) aan dat alhoewel die NLP-kommunikasietegnieke in sommige gevalle as manipulerend beskou kan word, wat `n demoraliserende uitwerking op kinders het en ook aan sielkundiges en onderwysers absolute mag gee om kinders te manipuleer, hierdie tegnieke tog met herinterpretasie moontlike positiewe resultate in terapie en skole kan lewer. Hierteenoor is uit die studie in Nederland afgelei dat NLP-esoteriese tegnieke (veral pragmagiese tegnieke) onaanvaarbaar blyk te wees vir toepassing op kinders. `n Geestelike wanbalans in die persoonlikheid van die kind en `n gepaardgaande versteurde persoonlikheid kan die gevolg wees van blootstelling aan die NLP-esoteriese tegnieke.

## 3.5 SAMEVATTING

Vanuit `n Christelike perspektief blyk NLP-kommunikasietegnieke meer aanvaarbaar te wees as NLP-esoteriese tegnieke wat oor die algemeen onaanvaarbaar blyk te wees vir toepassing op kinders, hetsy in terapie of in die onderwys. Childers (1989:204) verklaar dat die waarde van die toepassing van NLP-kommunikasietegnieke byvoorbeeld in die onderwys daartoe lei dat dit "turns the teacher from a passive presenter of information to a skilled behavioral technician". Met behulp van NLP-kommunikasiestegnieke, soos modellering, word die onderwyser van die nodige vaardighede voorsien om leerstrategieë, wat die mees effektiewe, universele leerstrategieë blyk te wees om spesifieke leerareas te bemeester, aan leerders te leer. Alhoewel NLP-kommunikasietegnieke moontlik deur onderwysers in die algemeen toegepas kan word, kan dit volgens Cleveland (1987:153) spesifiek ook suksesvol deur remediërende onderwysers gebruik word. Alvorens slegs op die positiewe toepassingswaarde van NLP-kommunikasietegnieke en -vaardighede gefokus kan word, is dit noodsaaklik om ook te vermeld dat navorsers soos Sharpley (1987:103) die geldigheid en effektiwiteit van sommige NLP-konsepte, -tegnieke en -vaardighede ernstig bevraagteken. Gevolglik is dit

noodsaaklik dat `n kritiese perspektief op die NLP-model in `n volgende artikel verskaf sal word (vergelyk Artikel 5).

## BIBLIOGRAFIE

Alder, H. 1997. *Neuro-linguistic Programming: The new art and science of getting what you want.* Reprinted. London: Judy Piatkus Publishers.

Andreas, S. & Faulkner, C. (Eds). 1998. *NLP: The new technology of achievement.* Reprinted. London: Nicholas Brealey Publishing.

Angell, B.G. 1996. Neurolinguistic Programming theory and social work treatment. In: Turner, F.J. (Ed.). *Social work treatment: Interlocking theoretical approaches.* New York, NY: The Free Press.

Bandler, R. & Grinder, J. 1975. *The structure of magic, Volume I: A book about language and therapy.* Palo Alto, CA: Science and Behaviour Books.

Beaver, R. 1989. Neuro-linguistic Programming as practiced by an educational psychologist. *Educational Psychology in Practice,* 5(2):87-90.

Beaver, D. 1998. *NLP for lazy learning: Superlearning strategies for business and personal development.* Revised edition. Dorset: Element Books Limited.

Blackerby, D.A. 1996. *Rediscover the joy of learning.* Oklahoma City, OK: Success Skills, Inc.

Bodenhamer, B.G. & Hall, L..M. 1999. *The user's manual for the brain: The complete manual for Neuro-linguistic Programming practitioner certificate.* Revised edition. Wales, United Kingdom: Crown House Publishing Limited.

Childers, J.H. 1989. Looking at yourself through loving eyes. *Elementary School Guidance and Counseling,* 23:204-209.

Cleveland, B.F. 1987. *Master teaching techniques: Neuro-linguistic Programming.* Fourth edition. Lawrenceville, GA: The Connecting Link Press.

Curreen, M. 1995. A simple hypnotically based NLP technique used with two clients in criminal justice. *Australian Journal of Clinical and Experiental Hypnosis,* 23(1):51-57.

Derks, L. & Hollander, J. 2000. *Essenties van NLP: Sleutels tot persoonlijke verandering.* Vijfde druk. Utrecht: Servire.

Dilts, R.B. 1998. *Modeling with NLP.* Capitola, CA: Meta Publications.

Dilts, R. & DeLozier, J. 2000. *Encyclopedia of systematic NLP and NLP new coding: Techniques.* [Online]. Available url: http://www.nlpuniversitypress.com/html3/TaTi07.html [Date of access: 23 February 2001]. 1395-1398.

Dilts, R.B., Grinder, J., Bandler, R. & DeLozier, J. 1980. *Neuro-linguistic programming: Volume I, The study of the structure of subjective experience.* Cupertino, CA: Meta Publications.

Gilliland, B.E., James, R.K. & Bowman, J.T. 1994. *Theories and strategies in counseling and psychotherapy.* Third edition. Needham Heights, MA: Allyn and Bacon.

Gordon, D., Cameron-Bandler, L. & Lebeau, M. 1987. *The Neuro-linguistic Programming Home Study Guide.* Boulder, CO: NLP Comprehensive.

Grinder, J. & Bandler, R. 1976. *The structure of magic, Volume II.* Palo Alto, CA: Science and Behaviour.

Hall, L.M. 1999. The surprising meta-level of metaphors. *NLP World: The Intercultural Journal on the Theory and Practice of Neuro-linguistic Programming*, 6(2):55-70.

Kamp, D. 1996. *The excellent trainer: Putting NLP to work.* Hampshire: Gower Publishing Company.

Knight, S. 1996. *NLP at work: The difference that makes a difference in business.* Reprinted. London: Nicholas Brealey Publishing.

Kruger, J.A. 1999. *NLP practitioner certificate program.* Unpublished guide for workshops. Pretoria: Success Sciences.

MacLean, M. 1986. The Neurolinguistic Programming model. In: Turner, F.J. (Ed.). *Social work treatment: Interlocking theoretical approaches.* Third edition. New York, NY: The Free Press.

Matzken, R.H. 1996. *Neuro-linguïstisch Programmeren in Bijbels perspectief.* Leiden: Uitgeverij J.J. Groen en Zoon.

Mills, J.C. & Crowley, R. 1986. *Therapeutic metaphors for children and the child within.* New York, NY: Brunner/Mazel Publishers.

Möller, O. 2000. *A changed destiny: You deserve it.* Company Profile: Life Skills Systems: The Course. Pretoria.

O'Conner, J. & McDermott, I. 1996. *Principles of NLP.* London: Thorsons.

O'Conner, J. & Seymour, J. 1990. *Introducing Neuro-linguistic Programming: The new psychology of personal excellence.* London: Haper Collins Publishers.

Robbins, A. 1997. *Unlimited power: The new science of personal achievement.* New York, NY: Simon & Schuster.

Sharpley, C.F. 1987. Research findings on Neurolinguistic Programming: Nonsupportive data or an untestable theory? *Journal of Counseling Psychology*, 34(1):103-107.

Steyn, J. 1994. *Die New Age-beweging in die onderwys.* Post-doktorale Navorsingsverslag. Vanderbijlpark: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Steyn, J. 1995. *Neuro-linguistic Programming: Revelation or fallacy.* Paper presented at the Edufuturum Conference, Bloemfontein: UOFS.

Steyn, J. 1999. A critical analysis of Neuro-linguistic Programming in the classroom. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 35(1-2):113-124.

Thalgott, M.R. 1986. Anchoring: A "cure" for epy. *Academic Therapy*, 21(3):347-352.

Yeager, J. 1985. *Thinking about thinking with NLP.* Cupertino, CA: Meta Publications.

Zastrow, C. 1992. *The practice of social work.* Fourth edition. Belmont, CA: Wadsworth Publishing Company.

# Artikel 4

# 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE TOEPASSING VAN NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING OP KINDERS IN DIE SUID-AFRIKAANSE TERAPEUTIESE KONTEKS

***Opsomming***

*Alhoewel Neuro-linguïstiese Programmering (NLP) al vir 'n paar dekades lank in oorsese lande as psigoterapeutiese model aangewend word, bestaan daar slegs bewerings dat Suid-Afrikaanse sielkundiges NLP in terapeutiese sessies gebruik. In hierdie artikel word gepoog om op 'n empiries verantwoordbare wyse meer lig te werp op die algemene bekendheid van NLP as psigoterapeutiese model onder Suid-Afrikaanse opvoedkundige sielkundiges in die besonder, asook onder sielkundiges oor die algemeen in Suid-Afrika. Vanuit 'n psigo-opvoedkundige perspektief sal daar ondersoek ingestel word na die mate waarin Suid-Afrikaanse sielkundiges NLP-tegnieke op spesifiek kinders in terapie toepas, watter tegnieke verkies word en waarom die NLP-model verkies (of nie verkies nie) word. 'n Vraelys is as navorsingsinstrument ontwikkel en aan 566 Suid-Afrikaanse sielkundiges as respondente gestuur. Die resultate en implikasies van die bevindings word bespreek.*

## 4.1 INLEIDING

Die Neuro-linguïstiese Programmeringsmodel (NLP-model) het sy ontstaan in die vroeë 1970's te danke aan twee Amerikaanse psigoloë, Richard Bandler en John Grinder. Hierdie twee grondleggers van NLP wou hoofsaaklik patrone identifiseer wat deur deskundiges in terapie aangewend word. Gevolglik het hulle die werkwyses van deskundiges in die psigologie bestudeer en dit gemodelleer. Uiteindelik is die sogenaamde NLP-model saamgestel wat aanvanklik in psigoterapie aangewend is, maar wat vandag op vele terreine aangewend word. NLP het vanaf die aanvanklike modelle in twee komplementêre rigtings ontwikkel: Eerstens, as proses om patrone van uitnemendheid in enige veld te ontdek, en tweedens, as die effektiewe wyses van denke en kommunikasie wat deur uitstaande persone aangewend word (O'Conner & Seymour, 1990:22-23).

NLP kan bondig gedefinieer word as "'n subjektiewe waarneming, bestudering, kodering en modellering van uitnemende menslike gedragspatrone" (Steyn, 1994:27). NLP is die proses waardeur bewuste en onbewuste subjektiewe ervaring van menslike sisteme gemodelleer word.

## 4.2 PROBLEEM- EN DOELSTELLING

NLP word vandag wêreldwyd aangewend en daar bestaan NLP-institute regoor die wêreld, ook in Suid-Afrika (Bodenhamer & Hall, 1999:xii). Gevolglik kan aanvaar word dat die NLP-model ook in 'n mate in Suid-Afrika bekend is. Die graad van algemene bekendheid en die mate waarin NLP in terapie deur spesifiek Suid-Afrikaanse sielkundiges toegepas word, was egter nog tot op hede onbekend. Steyn (1999:113,119) beweer dat NLP reeds in Suid-Afrika deur veral sielkundiges in terapeutiese sessies aangewend word, asook deur privaatonderwysers wat van NLP-tegnieke gebruik maak. Ter stawing van die feit dat NLP alreeds in 'n mate in Suid-Afrika bekend is, word NLP dan in 'n Suid-Afrikaanse advertensie in die Odyssey (1992:41) onder die opskrif "Counselling" met die volgende beskrywing geadverteer: "Safely and effectively change your life to what you want by changing the programmes of your brain and unconscious".

Die feit dat hierdie studie die eerste (empiriese) psigo-opvoedkundige ondersoek aangaande die bekendheid/gebruikmaking van die NLP-model in Suid-Afrika is, asook die omvattende aard van die NLP-model, het die navorser genoodsaak om die navorsingsterrein in so 'n mate af te baken dat slegs op sekere aspekte van die toepassing van hierdie model in Suid-Afrika gefokus kon word. Daar sal egter aanbevelings vir verdere studie aangaande die NLP-model verskaf word. Aangesien hierdie empiriese studie dus as 'n inleidende studie oor NLP as psigoterapeutiese model in Suid-Afrika beskou kan word, sal daar gepoog word om vas te stel in hoe 'n mate Suid-Afrikaanse sielkundiges bekend is met NLP en tot watter mate hulle NLP-tegnieke in hul terapie met kinders toepas.

Daar bestaan in oorsese lande 'n tendens dat persone wat nie goed in NLP opgelei is nie, poog om hierdie model in psigoterapie toe te pas. Gevolglik benadeel dit die algemene beskouing van NLP, lei dit uiteraard tot vele misverstande en het dit 'n nadelige uitwerking op kliënte (Hall, 1996:x). In aansluiting hierby sal daar in hierdie navorsing ook gepoog word om te

bepaal tot watter mate Suid-Afrikaanse sielkundiges wat NLP in hul terapie toepas, NLP-opleiding ondergaan het.

Die waarde van hierdie ondersoek lê in die feit dat daar slegs bewerings is dat NLP reeds as psigoterapeutiese model in Suid-Afrika aangewend word, maar dat dit nog nie deur middel van empiries verantwoordbare navorsing bewys is nie. Aangesien NLP 'n relatief nuwe psigoterapeutiese benadering in Suid-Afrika verteenwoordig, is dit nodig dat dit ook deur plaaslike psigo-opvoedkundige navorsers verken, verklaar, beskryf en beoordeel word. Na aanleiding van 'n deeglike literatuurstudie wat as voorafstudie onderneem is (prosedures soos voorgestel deur Ary, Jacobs en Razavieh, 1990:75-84) en 'n soektog wat deur die NRF (*National Research Foundation*) op die *Nexus*-databasis (lopende en afgehandelde Suid-Afrikaanse navorsing) uitgevoer is, is vasgestel dat geen proefskrif of verhandeling oor NLP in Suid-Afrika voltooi is nie. Daar is wel (hoewel in 'n beperkte mate) artikels aangaande hierdie onderwerp in Suid-Afrikaanse tydskrifte gepubliseer (vergelyk Steyn, 1999; Bester, Nainaar & Roodt, 2000).

Die navorsingsprobleem kan soos volg gestel word: Eerstens, in hoe 'n mate is Suid-Afrikaanse sielkundiges bekend met NLP as psigoterapeutiese model? Tweedens, in welke mate wend Suid-Afrikaanse sielkundiges NLP in hul terapie met kinders aan? Voortspruitend uit die probleemstelling is die doel van hierdie navorsing om vas te stel:

- tot watter mate Suid-Afrikaanse opvoedkundige sielkundiges in die besonder, asook sielkundiges in die algemeen, bekend is met NLP;
- tot watter mate Suid-Afrikaanse opvoedkundige sielkundiges in die besonder, asook sielkundiges in die algemeen, NLP in hul terapie met kinders aanwend;
- hoe gereeld NLP-tegnieke in terapie op kinders toegepas word, op kinders van watter ouderdomme NLP die meeste toegepas word, watter NLP-tegnieke gebruik word en ook watter probleme die vinnigste en positiefste met behulp van NLP-tegnieke opgelos word;
- waarom die NLP-model verkies (of nie verkies nie) word; en
- tot watter mate opleiding in NLP ondergaan is.

## 4.3 NAVORSINGSONTWERP

'n Empiriese ondersoek is dus hoofsaaklik uitgevoer om die bekendheid van NLP onder Suid-Afrikaanse sielkundiges vas te stel, asook om ondersoek in te stel na die mate wat hulle NLP in hul terapie met kinders aanwend.

### 4.3.1 Ondersoekgroep

Hoewel hierdie studie binne die psigo-opvoedkunde uitgevoer word, is besluit om nie net opvoedkundige sielkundiges daarby te betrek nie, maar alle Suid-Afrikaanse sielkundiges. Sodoende kon vasgestel word in hoe 'n mate opvoedkundige sielkundiges in die besonder, maar ook Suid-Afrikaanse sielkundiges in die algemeen, bekend is met NLP en of hulle daarvan in hul terapie met kinders gebruik maak. Die teikengroep (universum) is dus alle geregistreerde sielkundiges in Suid-Afrika in hul onderskeie kategorieë (opvoedkundige, kliniese, voorligting-, bedryf- en navorsingsielkundiges). By die Suid-Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoepe is uitgevind dat daar 4715 geregistreerde sielkundiges in Suid-Afrika is.

Ten aanvang is 'n vooraftoets of loodsstudie, waarvoor 1% uit elke kategorie van die totale teikengroep as respondente deur middel van eenvoudige ewekansige steekproefseleksie gekies is, uitgevoer om te verseker dat die vraelys wel geskik is vir die doel waarvoor dit aangewend sal word (Fouché, 1998:158). Hiervolgens is daar ongeveer 47 respondente by die voorafstudie betrek (vergelyk Strydom, 1998:179-188 vir meer besonderhede oor die vooraftoetsingsprosedure). Advies en inligting van die respondente ontvang, is vir verdere verbetering van die vraelys aangewend. Na afloop hiervan is daar ook 12% uit elke kategorie van die totale teikengroep as respondente, deur middel van eenvoudige ewekansige steekproeftrekking soos deur Huysamen (1994:40-42), Salkind (2000:87-90) en Strydom en De Vos (1998:195-196) verduidelik, vir die hoofondersoek geselekteer. Die bepaling van die steekproefgrootte is na aanleiding van riglyne, soos deur Strydom en De Vos (1998:19191-193) uiteengesit, gedoen. Die navorser het egter vooraf besluit om die grootte van die steekproef groter te maak as die getal wat normaalweg vir dié grootte teikengroep aanbeveel word. Daar is landswyd 566 vraelyste per pos uitgestuur.

### 4.3.2 Navorsingsinstrument

In die kwantitatiewe ondersoek is gebruik gemaak van 'n self-gestruktureerde vraelys wat, in ooreenstemming met prosedures soos aanbeveel deur Ary *et al.* (1990:422-433), Bless en

Higson-Smith (1995:115-124), Fouché (1998:156-165) en Salkind (2000:137-140), opgestel is. Die meeste vrae was van die formeel gestruktureerde tipe, met by elk 'n opsie om uit te brei onder die hofie "ander". Indien 'n respondent "ander" sou merk en uitgebrei het op die antwoord, sou die navorser hierdie opsie (indien dit nie nou aansluit by 'n gegewe moontlikheid nie) by die gegewe moontlikhede insluit. Die vraelys wat in hierdie studie gebruik is, is gebaseer op inligting (aangaande NLP) wat deur die navorser uit die voorafgaande literatuurondersoek geïdentifiseer is. Die vraelys bestaan uit drie afdelings: 'n biografiese afdeling, asook 'n afdeling oor respondente se algemene bekendheid met NLP en 'n afdeling wat slegs deur respondente ingevul moes word wat wel bekend is met NLP (vergelyk Bylae A).

### 4.3.3 Ontleding van data

Die navorser het 168 voltooide vraelyste (wat 'n respons van 29,68% verteenwoordig) sowel as 30 onvoltooide vraelyste (5,3%) (hoofsaaklik waar respondente verhuis of afgetree het) terugontvang. Na die insameling van die data het die navorser eers al die voltooide vraelyste gekontroleer ten einde na volledigheid en korrektheid om te sien. Hierna is die voltooide en korrek-gekodeerde vraelyste by die rekenaarsentrum van die Universiteit van die Vrystaat ingelewer vir die inponswerk van die data. Nadat 'n rekenaaruitdruk verkry is, wat die frekwensies van die verskillende antwoorde op die onderskeie vrae aangetoon het, is met die konsultasiediens van die Departement Wiskundige Statistiek geskakel. Die statistiese verwerkings wat in die studie opgeneem is, is deur die statistiese konsultant voorgestel.

## 4.4 RESULTATE

### 4.4.1 Verwerkingstrategie

Die statistiese verwerkings van die data is met behulp van die SPSS-programmatuurpakket ("Statistical Package for the Social Sciences") gedoen. Die volgende inligting is van die rekenaarsentrum aangevra:

- Frekwensietabelle (waardeur die verkreë data opgesom is): Dane (1990:197) definieer 'n frekwensietabel as "a tabulation of the number of times a given observation is made; in single-field analyses, it is a tabulation of the number of times a given code is detected in the data file".
- Kruistabelle (as eerste stap om verbande te ontdek en te verklaar): Graziano en Raulin (2000:420) definieer kruistabellering soos volg: "The procedure for organising frequency

data that displays the relationship between two or more nominal variables. A cross-tabulation table contains individual cells, with the number in each cell representing the frequency of participants who show that particular combination of characteristics". In hierdie studie is geïdentifiseerde onafhanklike veranderlikes met spesifieke afhanklike veranderlikes gekruistabelleer.

- Chi-kwadraatberekeninge: Dane (1990:238) verklaar dat "chi-square procedures can be used to determine whether a relationship exists between two or more categorical variables, or whether the categories obtained from one sample of individuals are similar to the categories obtained from another sample. Chi-square analyses are frequency analyses - they involve comparing the frequencies of various categories". Die chi-kwadraat is egter op sigself geen maatstaf om 'n verband tussen tellings te bepaal nie. Daar moet eers 'n nulhipotese gestel word. De Vos (1998:120) verklaar die nulhipotese soos volg: "A statistical position which states, essentially, that there is no relation between the variables (of the problem)". Die nulhipotese stel dus dat daar geen verband tussen twee groepe tellings bestaan nie en dat die steekproefvariansie die waargenome verband kan meebring. Huysamen (1988:65) stel dat "indien die nulhipotese verwerp word, word gesê dat die steekproefresultaat statisties beduidend is, of dat statistiese beduidenheid verkry is". Ten einde te bepaal of die nulhipotese verwerp word, al dan nie, moet die toepaslike beslissingsreël vir die gekose statistiek toegepas word. Die beslissingsreël wat in hierdie studie geld, is dat indien $p<0,05$ is, bestaan daar 'n beduidende verband tussen die betrokke veranderlikes (op die 95%-betroubaarheidspeil). Wanneer $p<0,01$ is, dui dit op 'n hoogs beduidende verband tussen die betrokke veranderlikes (op die 99%-betroubaarheidspeil). Die beslissing word dus gemaak dat die nulhipotese in bogenoemde gevalle verwerp word. Indien die teenoorgestelde geld, word die nulhipotese aanvaar, wat beteken dat daar geen statistiese verbande tussen die betrokke veranderlikes bestaan nie (De Wet, Monteith, Steyn & Venter, 1981:200). Die p-waarde (waarskynlikheidswaarde) is telkens deur die rekenaar vrygestel en dus hoef die navorser nie die chi-kwadraat ($X^2$) volgens die grade van vryheid van 'n gestandaardiseerde tabel af te bereken nie. In hierdie studie sal die chi-kwadraatgegewens telkens aan die hand van die volgende voorbeeld gedoen word, soos deur Du Plooy (1989:253) uiteengesit: $X^2$ (6) = 20,7; $p<0,05$. Hiervolgens lewer die chi-kwadraatberekening, met 6 grade van vryheid, 'n

waarde van 20,7. Die berekende p-waarde is daarvolgens kleiner as 0,05 en die nulhipotese kan dus verwerp word.

### 4.4.2 Bevindings

Daar sal vervolgens gepoog word om, na aanleiding van die empiriese studie aangaande die algemene bekendheid en toepassing van NLP as psigoterapeutiese model in Suid-Afrika, verslag te doen oor die bevindings van hierdie ondersoek. Weens die enorme omvang wat die studie sou aanneem indien die navorser al die frekwensietabelle en al die moontlike verbande (volgens die vraelys) tussen al die onafhanklike veranderlikes met al die afhanklike veranderlikes in die studie moes verreken, is besluit om die studie af te skaal. Na aanleiding van die doelstellings van hierdie studie sal daar slegs op enkele frekwensietabelle en 'n seleksie van verbande tussen sekere geïdentifiseerde onafhanklike veranderlikes met sekere afhanklike veranderlikes gekonsentreer word. Slegs enkele van die resultate word dus vervolgens in detail weergegee. In hierdie studie word onderskeidelik van beskrywende statistiek (om navorsingsresultate te kondenseer, op te som en tot enkele syfers te vereenvoudig) sowel as inferensiële statistiek (om tot sekere gevolgtrekkings te kom) gebruik gemaak:

#### 4.4.2.1 Beskrywende statistiek

Eerstens kan die biografiese data na aanleiding van die voltooide vraelyste soos volg opgesom word:

**Tabel 4.1: Frekwensie-ontleding van biografiese data van respondente (N = 168):**

| **1. Geslag** | **Frekwensie** | **Persentasie** |
|---|---|---|
| Manlik | 64 | 38,1 |
| Vroulik | 104 | 61,9 |
| Totaal | 168 | 100 |
| **2. Ouderdom** | **Frekwensie** | **Persentasie** |
| 20 - 30 jaar | 25 | 14,9 |
| 31 - 40 jaar | 48 | 28,6 |
| 41 - 50 jaar | 53 | 31,5 |
| 51 - 60 jaar | 32 | 19,0 |
| 60 jaar + | 10 | 6,0 |
| Totaal | 168 | 100 |

| **3. Huistaal** | **Frekwensie** | **Persentasie** |
|---|---|---|
| Afrikaans | 92 | 54,8 |
| Engels | 66 | 39,3 |
| Ander | 1 | 0,6 |
| Xhosa | 2 | 1,2 |
| Tswana | 1 | 0,6 |
| Zoeloe | 4 | 2,3 |
| Suid-Sotho | 2 | 1,2 |
| Totaal | 168 | 100 |
| **4. Streek** | **Frekwensie** | **Persentasie** |
| Gauteng | 75 | 44,6 |
| Noordelike Provinsie | 3 | 1,8 |
| Mpumalanga | 10 | 6,0 |
| Kwa-Zulu Natal | 20 | 11,9 |
| Oos-Kaap | 7 | 4,2 |
| Wes-Kaap | 33 | 19,6 |
| Noord-Kaap | 3 | 1,8 |
| Noordwestelike Provinsie | 5 | 3,0 |
| Vrystaat | 12 | 7,1 |
| Totaal | 168 | 100 |
| **5. Aantal jare psigoterapeutiese ondervinding** | **Frekwensie** | **Persentasie** |
| geen | 12 | 7,1 |
| 1 - 3 jaar | 32 | 19,1 |
| 4 - 8 jaar | 41 | 24,4 |
| 9 - 13 jaar | 37 | 22,0 |
| 14 - 18 jaar | 20 | 11,9 |
| 19 - 23 jaar | 11 | 6,5 |
| 24 - 28 jaar | 7 | 4,2 |
| 29 - 33 jaar | 3 | 1,8 |
| 34 jaar + | 3 | 1,8 |
| Geen respons | 2 | 1,2 |
| Totaal | 168 | 100 |
| **6. Kategorie** | **Frekwensie** | **Persentasie** |
| Opvoedkundige sielkundige | 46 | 27,4 |
| Kliniese sielkundige | 54 | 32,1 |
| Voorligtingsielkundige | 40 | 23,8 |
| Bedryfsielkundige | 20 | 11,9 |
| Navorsingsielkundige | 7 | 4,2 |
| Geen respons | 1 | 0,6 |
| Totaal | 168 | 100 |

In Tabel 4.1 blyk dit dat ongeveer 38,1% van die respondente manlik was, terwyl 61,9% vroulik was. Daar was 14,9% van die repondente wat in die jongste ouderdomgroep (20 tot 30 jaar) val en 6,0% wat in die oudste ouderdomsgroep (60+ jaar) val. Wat die huistaal van respondente betref, was die verteenwoordiging: Afrikaans 54,8%; Engels 39,3%; Xhosa 1,2%; Tswana 0,6%; Zoeloe 2,3%; Suid-Sotho 1,2% en 0,6% van die respondente praat 'n ander taal wat nie op die vraelys gespesifiseer is nie. Dit blyk duidelik dat die meeste respondente se moedertaal Afrikaans is. Wat die streek betref waar respondente woon, was die meeste respondente van Gauteng (44,6%) afkomstig en die minste van onderskeidelik die

Noordelike Provinsie (1,8%) en die Noord-Kaap (1,8%). Verder het die meeste respondente (24,4%), 4 tot 8 jaar psigoterapeutiese ondervinding, terwyl die minste respondente (1,8%) onderskeidelik 29 tot 33 en 34+ jaar ondervinding het. Wat die kategorie betref waarin respondente geregistreer is, was die indeling soos volg: opvoedkundige sielkundiges 27,4%; kliniese sielkundiges 32,1%; voorligtingsielkundiges 23,8%; bedryfsielkundiges 11,9%; navorsingsielkundiges 4,2% en een respondent het geen respons getoon nie (0,6%.).

**Tabel 4.2: Frekwensie-ontleding van die algemene bekendheid van Suid-Afrikaanse sielkundiges met NLP as psigoterapeutiese model:**

| Bekendheid met NLP | Frekwensie | Persentasie (%) | Geldige % |
|---|---|---|---|
| 1. Ek is bekend met NLP, weet presies wat dit behels en pas dit in my terapie toe | 14 | 8,3 | 8,4 |
| 2. Ek is bekend met NLP en weet presies wat dit behels, maar maak nie daarvan in my terapie gebruik nie | 20 | 11,9 | 12,0 |
| 3. Ek het bloot nog net gehoor van NLP, maar weet nie werklik wat dit behels nie | 111 | 66,1 | 66,4 |
| 4. Ek het nog nooit van NLP gehoor nie en is heeltemal onbekend daarmee | 22 | 13,1 | 13,2 |
| 5. Geen respons | 1 | 0,6 | |
| Totaal | 168 | 100,0 | 100,0 |

Uit Tabel 4.2 hierbo blyk dit duidelik dat die meeste respondente bloot nog net gehoor het van NLP (66,1%), maar nie weet wat dit presies behels nie. Daar is 20,2% (8,3% + 11,9%) van die respondente wat presies weet wat NLP behels, waarvan net 8,3% NLP in hul terapie gebruik, terwyl 11,9% van dié wat goed bekend is met NLP dit nie in hul terapie gebruik nie. Daar is ook 13,1% van die respondente wat nog nooit van die NLP-model gehoor het nie en dus heeltemal onbekend is daarmee.

Die feit dat slegs 'n klein persentasie van die totale aantal respondente die laaste afdeling van die vraelys (hierdie afdeling moes slegs deur respondente voltooi word indien hulle wel bekend is met NLP) voltooi het, dui daarop dat die meerderheid respondente nie 'n deeglike kennis aangaande NLP besit nie.

**Tabel 4.3: Frekwensie-ontleding van die NLP-tegnieke en -vaardighede wat oor die algemeen die meeste in terapie met kinders vereis (aangewend) word:**

| NLP-tegnieke en -vaardighede | Telling | Persentasie (%) van reaksie | Persentasie van gevalle |
|---|---|---|---|
| 1. Ankering | 6 | 9,5 | 42,9 |
| 2. Pasaangewing en leiding | 7 | 11,1 | 50,0 |
| 3. Herkadering | 7 | 11,1 | 50,0 |
| 4. Modellering | 8 | 12,7 | 57,2 |
| 5. Uitlokkingstrategieë deur predikate | 1 | 1,6 | 7,1 |
| 6. Uitlokkingstrategieë deur toegangsaanduidings | 2 | 3,2 | 14,3 |
| 7. Oogbewegings en ander nie-verbale aanduidings | 5 | 7,9 | 34,7 |
| 8. Weerspieëling | 6 | 9,5 | 42,9 |
| 9. Verandering van persoonlike geskiedenis | 4 | 6,3 | 29,6 |
| 10. Visueel-kinestetiese dissosiasie | 1 | 1,6 | 7,1 |
| 11. Lewens- of tydlynterapie | 3 | 4,8 | 21,4 |
| 12. Die Swish-patroon | 3 | 4,8 | 21,4 |
| 13. Die gebruikmaking van metafore | 10 | 15,9 | 71,4 |
| Totaal | 63 | 100,0 | 450,0 |

Die meeste respondente wat die vraag voltooi het van watter NLP-tegnieke en -vaardighede hulle in hul terapie met kinders gebruik, maak van meer as een NLP-tegniek en -vaardigheid gebruik, vandaar die verskil tussen die persentasie van reaksie en die persentasie van gevalle (Tabel 4.3). Uit Tabel 4.3 kan afgelei word dat die respondente wat hierdie vraag beantwoord het, meestal van die volgende NLP-tegnieke en -vaardighede in hul terapie met kinders gebruik maak: metafore (15,9%), modellering (12,7%) en ook van pasaangewing en leiding, sowel as herkadering (beide 11,1%).

**Tabel 4.4: Frekwensie-ontleding van hoe gereeld NLP in terapie met kinders gebruik word:**

| Aanwending van NLP | Frekwensie | Persentasie (%) | Geldige % |
|---|---|---|---|
| 1. Gereeld (2 - 3 keer per week) | 5 | 3,0 | 38,5 |
| 2. Selde (minder as 2 keer per maand) | 8 | 4,8 | 61,5 |
| 3. Geen respons | 155 | 92,2 | |
| Totaal | 168 | 100,0 | 100,0 |

Uit Tabel 4.4 blyk dit dat slegs 3,0% van die respondente wat terugvoer aangaande hierdie kwessie gegee het, gereeld (2 tot 3 keer per week) van NLP in hul terapie met kinders gebruik maak, terwyl 4,8% selde (minder as 2 keer per maand) van NLP in hul terapie met kinders aanwend. Die feit dat 92,2% van die respondente verkies het om nie hierdie vraag te beantwoord nie, dui op die feit dat respondente nog nie tot 'n groot mate van NLP in hul terapie met kinders gebruik maak nie.

**Tabel 4.5: Frekwensie-ontleding van die ouderdomme van kinders op wie sielkundiges NLP-tegnieke die meeste toepas:**

| Ouderdom | Frekwensie | Persentasie (%) | Geldige % |
|---|---|---|---|
| 1. 6 – 9 jaar | 2 | 1,2 | 16,7 |
| 2. 10 – 15 jaar | 6 | 3,6 | 50,0 |
| 3. 16 jaar en ouer | 4 | 2,4 | 33,3 |
| 4. Geen respons | 156 | 92,8 | |
| Totaal | 168 | 100,0 | 100,0 |

Volgens Tabel 4.5 pas 1,2% van die respondente NLP-tegnieke in terapie toe op kinders tussen 6 tot 9 jaar, 3,6% op kinders in die ouderdomsgroep 10 tot 15 jaar, en 2,4% op kinders van 16 jaar en ouer. In hierdie geval het 92,8% van die respondente geen reaksie getoon nie.

**Tabel 4.6: Frekwensie-ontleding van die probleme by kinders wat die vinnigste en positiefste in terapie deur die gebruikmaking van NLP-tegnieke opgelos word:**

| Probleme by kinders | Telling | Persentasie (%) van reaksie | Persentasie van gevalle |
|---|---|---|---|
| 1. Fobies en vrese | 7 | 25,9 | 50,0 |
| 2. Spanning | 8 | 29,7 | 57,2 |
| 3. Kinderdepressie | 3 | 11,1 | 21,4 |
| 4. Traumaverwerking | 9 | 33,3 | 64,3 |
| Totaal | 27 | 100,0 | 192,9 |

Volgens Tabel 4.6 het respondente aangetoon dat hulle traumaverwerking by kinders die vinnigste en positiefste deur middel van die toepassing van NLP-tegnieke oplos (33,3%), daarna spanning (29,7%), fobies en vrese (25,9%) en laastens kinderdepressie (11,1%). Die meeste respondente wat hierdie vraag voltooi het, het meer as een van die probleme wat positief deur NLP opgelos kan word, ingevul (vandaar die verskil tussen die persentasie van reaksie en die persentasie van gevalle).

**Tabel 4.7: Frekwensie-ontleding van waarom die NLP-model in terapie verkies word:**

| Positiewe elemente van NLP | Telling | Persentasie (%) van reaksie | Persentasie van gevalle |
|---|---|---|---|
| 1. Deur middel van die toepassing van NLP-tegnieke kan kliënte vinniger herstel as met meer tradisionele psigoterapeutiese tegnieke | 7 | 17,5 | 20,6 |
| 2. Hierdie model konsentreer op die behandeling van die mens in totaliteit | 7 | 17,5 | 20,6 |
| 3. Die NLP-model gaan van die vooronderstelling uit dat positiewe verandering kan plaasvind sonder om by die oorsake van die probleem stil te staan, maar om eerder te fokus op die identifikasie van wat die kliënt wil hê en om te help om hulpbronne te identifiseer (wat hy/sy reeds besit) asook maniere om sy/haar doelwitte te bereik | 13 | 32,5 | 38,2 |
| 4. NLP vooronderstel buigsaamheid as deel van die model self | 12 | 30,0 | 35,3 |
| 5. NLP-tegnieke kan gemaklik met ander psigoterapeutiese tegnieke geïntegreer word | 1 | 2,5 | 2,9 |
| Totaal | 40 | 100,0 | 117,6 |

Uit Tabel 4.7 blyk dit dat die meeste respondente die NLP-model verkies vanweë die feit dat daar eerder gefokus word op die identifisering van wat die kliënt wil hê as om by die oorsake van die probleem stil te staan, asook om te help om hulpbronne vir die kliënt te identifiseer (32,5%). Tweedens voel respondente dat dit positief is dat die NLP-model baie buigsaamheid veronderstel (30,0%) en derdens word gevoel dat dit positief is dat die NLP-model op die mens in totaliteit fokus (17,5%). 'n Verdere groep voel dat die toepassing van NLP-tegnieke daartoe lei dat kliënte vinniger herstel as met meer tradisionele metodes (17,5%). Laastens het een respondent gevoel dat NLP-tegnieke gemaklik met ander psigoterapeutiese tegnieke geïntegreer kan word (2,5%).

**Tabel 4.8: Frekwensie-ontleding van waarom die NLP-model nie in terapie met kinders verkies word nie:**

| Negatiewe elemente van NLP | Telling | Persentasie (%) van reaksie | Persentasie van gevalle |
|---|---|---|---|
| 1. NLP-tegnieke is nie geskik vir toepassing op kinders nie, aangesien dit by kinders tot versteurde persoonlikhede kan aanleiding gee | 2 | 7,7 | 7,7 |
| 2. Die NLP-model bevat baie kontradiksies en die geldigheid van sommige komponente van die NLP-model word ernstig bevraagteken | 1 | 3,8 | 3,8 |
| 3. Sekere NLP-tegnieke bevat skadelike elemente wat kinders negatief kan beïnvloed | 1 | 3,8 | 3,8 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4. Tradisionele terapeutiese tegnieke is meer geskik om op kinders toe te pas as NLP-tegnieke | 9 | 34,7 | 34,7 |
| 5. Nog nie vaardig genoeg om NLP op kinders toe te pas nie | 13 | 50,0 | 50,0 |
| Totaal | 26 | 100,0 | 100,0 |

Uit Tabel 4.8 blyk dit dat 50% van die respondente wat hierdie vraag voltooi het nie die NLP-model verkies nie, omdat hulle voel dat hulle nog nie vaardig genoeg is om dit op kinders toe te pas nie. 'n Verdere 34,7% voel dat tradisionele terapeutiese tegnieke meer geskik is om op kinders toe te pas as NLP-tegnieke, terwyl 7,7% van die respondente voel dat NLP-tegnieke bloot net nie geskik is vir toepassing op kinders nie, aangesien dit tot versteurde persoonlikhede by kinders kan aanleiding gee. Een respondent het gevoel dat die NLP-model baie kontradiksies bevat en dat die geldigheid van sommige NLP-komponente ernstig bevraagteken word (3,8%). 'n Ander respondent het gevoel dat NLP-tegnieke skadelike elemente bevat wat kinders negatief kan beïnvloed (3,8%).

**4.4.2.2 Inferensiële (afleidende) statistiek**

In hierdie onderafdeling word die geïdentifiseerde onafhanklike veranderlikes met geïdentifiseerde afhanklike veranderlikes gekruistabelleer. Die chi-kwadraat ($X^2$) word dan bereken. Hierna volg 'n uiteensetting van bogenoemde en die tabelle word telkens bespreek, ten einde gevolgtrekkings en/of afleidings te maak oor die verband (indien enige) wat tussen die veranderlikes bestaan.

Aangesien die mate van bekendheid van sielkundiges met NLP in Tabel 4.2 in duidelike besonderhede uiteengesit is, is daar in hierdie verband bloot in Tabel 4.9 onderskei tussen "bekend" en "onbekend" wanneer die verband tussen die bekendheid met NLP en die kategorie waarin sielkundiges geregistreer is, ondersoek word.

**Tabel 4.9: Die verband tussen die kategorie waarin respondente as sielkundiges geregistreer is en die algemene bekendheid met NLP:**

| Kategorie | Bekendheid met NLP | | |
|---|---|---|---|
| | **Bekend** | **Onbekend (het moontlik al gehoor van NLP, maar weet nie werklik wat dit behels nie)** | **Totaal** |
| 1. Opvoedkundige sielkundige | 9 (19,6) | 37 (80,4) | 46 (27,5) |
| 2. Kliniese sielkundige | 14 (25,9) | 40 (74,1) | 54 (32,3) |
| 3. Voorligting-, Bedryf- en Navorsingsielkundiges | 11 (16,4) | 56 (83,6) | 67 (40,2) |
| Totaal | 34 (20,4) | 133 (79,6) | 167 (100,0) |

Rapportering: $X^2$ (2) = 1,69; P>0,05. Op grond van die verkreë gegewens blyk dit asof daar geen statistiese verband tussen die twee genoemde veranderlikes (die kategorie waarin sielkundiges geregistreer is en die algemene bekendheid met NLP) is nie en die nulhipotese word derhalwe aanvaar. Uit Tabel 4.9 blyk dit duidelik dat die meerderheid respondente (79,6%) oor die algemeen onbekend is met NLP. Alhoewel hulle moontlik al van NLP gehoor het, weet hulle nie werklik wat dit behels nie. Van die opvoedkundige sielkundiges is 19,6% bekend met NLP, terwyl 80,4% onbekend is daarmee. In elke ander kategorie is dit ook die geval dat meer respondente onbekend met NLP is as bekend.

Tabel 4.10 is opgestel om vas te stel in hoe 'n mate Suid-Afrikaanse sielkundiges NLP in hul terapie met kinders toepas, asook of daar 'n verband is tussen die kategorie waarin sielkundiges geregistreer is en die toepassing van NLP op kinders:

**Tabel 4.10: Die verband tussen die kategorie waarin respondente as sielkundiges geregistreer is en die toepassing van NLP in terapie met kinders:**

| Kategorie | Toepassing van NLP in terapie met kinders | | |
|---|---|---|---|
| | **Ja** | **Nee** | **Totaal** |
| 1. Opvoedkundige sielkundige | 2 (11,8) | 15 (88,2) | 17 (38,6) |
| 2. Kliniese sielkundige | 5 (38,5) | 8 (61,5) | 13 (29,6) |
| 3. Voorligting-, Bedryf- en Navorsingsielkundiges | 6 (42,9) | 8 (57,1) | 14 (31,8) |
| Totaal | 13 (29,5) | 31 (70,5) | 44 (100,0) |

Rapportering: $X^2$ (2) = 4,27; P>0,05. Op grond hiervan word die nulhipotese aanvaar en tot die slotsom gekom dat daar geen statistiese verband tussen die kategorie waarin sielkundiges geregistreer is en of hulle NLP in hul terapie op kinders toepas, bestaan nie. Volgens Tabel 4.10 het slegs 44 van die totale aantal respondente (168) die vraag beantwoord of hulle NLP in hul terapie met kinders aanwend, al dan nie, dit wil sê 124 sielkundiges het verkies om dit glad nie in te vul nie. Uit hierdie tabel blyk dit duidelik dat slegs 11,8% van die opvoedkundige sielkundiges (van dié respondente wat op hierdie vraag gereageer het) NLP in hulle terapie met kinders gebruik, terwyl 88,2% dit nie doen nie. Van die kliniese sielkundiges pas 38,5% NLP in hul terapie met kinders toe en 42,9% van die voorligtings-, bedryf- en navorsingsielkundiges. Oor die algemeen maak die meerderheid respondente dus nie van NLP-tegnieke in hul terapie met kinders gebruik nie (70,5%).

**Tabel 4.11: Die verband tussen die kategorie waarin respondente as sielkundiges geregistreer is en of hulle NLP-opleiding ondergaan het:**

| **Kategorie** | **NLP-opleiding** | | |
|---|---|---|---|
| | **Ja** | **Nee** | **Totaal** |
| 1. Opvoedkundige sielkundige | 5 (26,3) | 14 (73,7) | 19 (32,8) |
| 2. Kliniese sielkundige | 8 (42,1) | 11 (57,9) | 19 (32,8) |
| 3. Voorligting-, Bedryf- en Navorsingsielkundiges | 6 (30,0) | 14 (70,0) | 20 (34,4) |
| Totaal | 19 (32,8) | 39 (67,2) | 58 (100,0) |

Rapportering: $X^2$ (2) = 1,19; P>0,05. Op grond hiervan word die nulhipotese aanvaar en tot die slotsom gekom dat daar geen statistiese verband tussen die kategorie waarin sielkundiges geregistreer is en of hulle NLP-opleiding ondergaan het, bestaan nie. Na aanleiding van Tabel 4.11 kan afgelei word dat slegs 58 van die totale aantal respondente aangedui het of hulle NLP-opleiding ondergaan het, al dan nie. Van hierdie respondente het 32,8% opleiding in NLP ontvang, terwyl 67,2% geen NLP-opleiding ondergaan het nie.

**Tabel 4.12: Die verband tussen die kategorie waarin respondente as sielkundiges geregistreer is en die hoogste NLP-kwalifikasie wat verwerf is:**

| Kategorie | Hoogste NLP-kwalifikasie | | |
|---|---|---|---|
| | **Vlak 1 - Praktisyn** | **Vlak 2 - Meesterpraktisyn** | **Totaal** |
| 1. Opvoedkundige sielkundige | 3 (26,3) | 0 (0, 0) | 3 (15,8) |
| 2. Kliniese sielkundige | 4 (50,0) | 4 (50,0) | 8 (42,1) |
| 3. Voorligting-, Bedryf- en Navorsingsielkundiges | 5 (62,5) | 3 (37,5) | 8 (42,1) |
| Totaal | 12 (63,2) | 7 (36,8) | 19 (100,0) |

Rapportering: $X^2$ (2) = 2,35; P>0,05. Op grond hiervan word die nulhipotese aanvaar en tot die slotsom gekom dat daar geen statistiese verband tussen die kategorie waarin sielkundiges geregistreer is en die hoogste NLP-kwalifikasie wat verwerf is, bestaan nie. Soos blyk uit Tabel 4.12 het slegs 19 respondente hierdie vraag voltooi. In hierdie geval is 63,2% van dié respondente opgelei as NLP-praktisyns (vlak 1) en 36,8% as NLP-meesterpraktisyns (vlak 2). Dit kan dus afgelei word dat 26,3% van die opvoedkundige sielkundiges praktisyns is en dat daar geen meesterpraktisyns is nie. Die helfte van die kliniese sielkundiges wat die vraag voltooi het, is praktisyns en die ander helfte meesterpraktisyns. Van die voorligtings-, bedryf- en navorsingsielkundiges wat NLP-opleiding ondergaan het, is 62,5% praktisyns en 37,5% meesterpraktisyns. Die meerderheid respondente wat hierdie vraag beantwoord het, het hulle dus net tot op die eerste vlak (naamlik as NLP-praktisyns) bekwaam.

**Tabel 4.13: Die verband tussen of sielkundiges NLP-opleiding ondergaan het en die toepassing van NLP op kinders in terapie:**

| NLP-opleiding | Toepassing van NLP in terapie met kinders | | |
|---|---|---|---|
| | **Ja** | **Nee** | **Totaal** |
| 1. Ja | 10 (55,6) | 8 (44,4) | 18 (41,9) |
| 2. Nee | 3 (12,0) | 22 (88,0) | 25 (58,1) |
| Totaal | 13 (30,2) | 30 (69,8) | 43 (100,0) |

Rapportering: $X^2$ (1) = 9,41; P<0,01. Op grond van die verkreë gegewens kan die uitspraak gemaak word dat daar 'n statisties hoogs beduidende verband (op die 99%-betroubaarheidspeil) tussen die twee veranderlikes bestaan, met ander woorde die kanse is kleiner as 1 uit 100 dat die nulhipotese waar is. Die nulhipotese word vervolgens verwerp.

Uit Tabel 4.13 kan afgelei word dat 55,6% van die respondente wat aangedui het dat hulle NLP in hul terapie met kinders gebruik, wel opleiding ondergaan het. Daar is egter 'n persentasie (12,1%) van die respondente wat wel NLP-tegnieke op kinders toepas, maar nie opleiding in NLP ontvang het nie. Daar moet ook gelet word op die feit dat 44,4% van die respondente wel opleiding ontvang het, maar nie NLP in hul terapie met kinders aanwend nie. Voorts is daar 88,0% van die respondente wat nie NLP in terapie met kinders aanwend nie en ook nie NLP-opleiding ondergaan het nie.

Vervolgens word die mees algemene kommentaar van respondente aangaande NLP, soos aangehaal uit response op die oop vraag aan die einde van die vraelys, voorgehou (vergelyk Bylae A):

"Die NLP-model bied oneindig baie opsies vir terapie en ek het reeds baie gedoen om NLP-opleiding in Suid-Afrika te bevorder."

"Daar is beslis 'n navorsingsbehoefte aangaande NLP in Suid-Afrika."

"Ek beskik nie oor genoegsame kennis aangaande NLP nie en sal graag meer daarvan te wete wil kom, maar NLP-opleiding is baie ontoeganklik en ongelooflik duur (in Suid-Afrika sowel as oorsee)."

"Van die min wat ek van NLP weet, glo ek daar is baie potensiaal in NLP en dat baie meer navorsing vir die Suid-Afrikaanse konteks gedoen moet word, asook dat publikasies oor NLP uitgebring moet word wat vir sielkundiges bruikbaar sal wees. NLP word nog nie genoegsaam in Suid-Afrika benut en ontgin nie ."

"My kritiek lê teen NLP-praktisyns wat persone oplei sonder om laasgenoemde se akademiese kwalifikasies en terapeutiese vermoëns in ag te neem. Gevolglik word 'n persepsie aangaande terapie geskep wat nie noodwendig korrek is nie. Van die persone wat in NLP opgelei is, maar nie oor die nodige terapeutiese agtergrond en voldoende kwalifikasies beskik nie, is in werklikheid uiters gevaarlik in terapie."

"Ek beskou NLP as 'n waardevolle toevoeging tot 'n sielkundige se 'gereedskap', maar sal wil sien dat meer navorsing in Suid-Afrika oor die geskiktheid van NLP as psigoterapeutiese model (spesifiek vir kinders in terapie) gedoen moet word."

"Alhoewel ek baie belangstel in NLP en graag daarin opleiding sou wou kry, weet ek nog te min om in soveel detail vrae daaroor te kan beantwoord."

"Ek gebruik slegs die basiese beginsels van NLP."

"Ek beskou NLP as 'n wetenskaplike proses en nie 'n geloof nie - enige vermenging van NLP met geloof is volgens my onaanvaarbaar."

## 4.5 BESPREKING VAN BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Uit die navorsingsresultate blyk dit duidelik dat die meeste Suid-Afrikaanse sielkundiges nog relatief onbekend is met NLP as psigoterapeutiese model. In elke kategorie van sielkundiges is daar meer respondente wat onbekend is met NLP as dié wat bekend is daarmee. Daar is 20,2% van die totale aantal respondente wat wel oor 'n deeglike kennis aangaande NLP beskik, terwyl net 8,3% NLP-tegnieke in hul terapie gebruik (vergelyk Tabel 4.2). Verder is in hierdie studie bevind dat daar in werklikheid 'n baie klein persentasie van die respondente is wat NLP-tegnieke in hul terapie met spesifiek kinders gebruik. Aangesien van die respondente volgens Tabel 4.8 aangedui het dat hulle onder andere nie verkies om NLP-tegnieke in hul terapie met kinders te gebruik nie, as gevolg van die moontlikheid dat die toepassing van NLP-tegnieke kinders negatief kan beïnvloed en tot versteurings in die persoonlikheid kan aanleiding gee, kan moontlik ook in verdere navorsing op die uitwerking van die toepassing van NLP-tegnieke op kinders in Suid-Afrika gefokus word. Daar is ook 'n klein persentasie van die respondente wat volgens Tabel 4.13, hoewel hulle nie NLP-opleiding ondergaan het nie, NLP-tegnieke op kinders in terapie toepas. Daar kan met kommer gevra word wat die uitwerking van hierdie moontlike onkunde op kinders in terapie is.

Die feit dat min respondente die afdeling voltooi het wat slegs deur persone ingevul moes word wat wel bekend is met die NLP-model, bevestig net die feit dat Suid-Afrikaanse opvoedkundige sielkundiges in die besonder, maar ook sielkundiges in die algemeen nog 'n gebrekkige kennis oor NLP het. Een van die redes vir die gebrekkige kennis van NLP kan beslis in die feit gesoek word dat baie min respondente NLP-opleiding ondergaan het. Daar word aanbeveel dat ook in verdere navorsing ondersoek moet word waarom so min sielkundiges NLP-opleiding ondergaan en waarom dit blyk (volgens die algemene kommentaar) dat NLP-opleiding nie so toeganklik in Suid-Afrika is nie. Aangesien daar aangeneem kan word dat respondente wat onbekend met NLP is, nie in hul opleiding as sielkundiges bekendgestel is aan die NLP-model nie, kan die vraag gevra word waarom

opleidingsinstansies (universiteite) nie ook alternatiewe psigoterapeutiese modelle en tegnieke by hul opleiding inkorporeer nie.

Volgens Einspruch en Forman (1985:594) is NLP `n komplekse model wat slegs deur middel van uitgebreide opleiding behoorlik begryp kan word. Hulle voer ook aan dat persone nie bloot net `n NLP-werkswinkel kan bywoon of `n boek oor NLP kan lees en dan kan aanneem dat hulle goed bekend met NLP is en NLP effektief in terapie sal kan toepas nie. Dit blyk egter die geval onder Suid-Afrikaanse sielkundiges te wees, aangesien daar `n verskil bestaan tussen die getal respondente wat laat blyk het dat hulle goed bekend is met die NLP-model (34 respondente volgens Tabelle 4.2 en 4.9) en dié wat aangedui het dat hulle NLP-opleiding ondergaan het (19 respondente volgens Tabel 4.11). Van die respondente wat beweer het dat hulle goed bekend is met die NLP-model, het dus nie deeglike NLP-opleiding ondergaan nie. Die onsekerheid aangaande NLP in Suid-Afrika blyk ook verder uit die uiteenlopende sienings wat hierbo in die algemene kommentaar aangestip is. Die navorser is voorts van mening dat `n groot persentasie van die respondente nie genoegsame kennis oor die NLP-model besit om `n oordeel te kon vel oor wat die positiewe en negatiewe elemente van hierdie model is nie.

Tog blyk dit asof daar oor die algemeen `n groter wordende bewustheid aangaande NLP in Suid-Afrika is. Een van die redes hiervoor is die feit dat *The Southern African Association of NLP* op 28 Junie 2000 gestig is (McIntosh, 2001:1). Daar kan net terloops vermeld word dat geen respondente positief geantwoord het op die vraag of hulle aan bogenoemde liggaam behoort nie. Na aanleiding hiervan kan die vraag dus gevra word of NLP nie moontlik eerder in Suid-Afrika op terreine buite die terapeutiese konteks (sielkundeprofessie) aangewend word nie. Hierdie moontlikheid is geensins vreemd nie. Blackerby (1996:189) en Dilts (1999:2) beweer dat daar sedert die ontstaansjare van die NLP-model vaardighede en gereedskap ontwikkel is, waardeur beter kommunikasie en verandering deur middel van NLP op `n wye verskeidenheid professionele terreine (ook buite die psigoterapeutiese raamwerk) bewerkstellig kan word, insluitend onderwys, berading, geneeskunde, kommunikasie, kreatiwiteit, bestuur, verkope, leierskap, sport, ouerskap en die regte. Aan die hand van Derks en Hollander (2000:115-116) se siening word `n paar kaders vervolgens genoem waarbinne NLP toegepas kan word:

- Terapie en individuele advies: Die tradisionele NLP-kader is dié van terapie waar 'n een-tot-een-relasie van toepassing is. In dié geval het kliënte 'n probleem (doel) en sielkundiges verleen hulp aan hulle.
- Organisasie-advies en spanbou: Wanneer die kliënt nie 'n individu is nie, maar 'n groep of organisasie, maak NLP-ers (hiermee word bedoel persone wat van NLP gebruik maak) gebruik van NLP om hulp aan die organisasie te verleen.
- Individuele selfontwikkeling ("selfhulp"): Persone kan ook selfstandig NLP-beginsels en -tegnieke toepas om verandering in hulself te bewerkstellig. In hierdie geval val die rolle van kliënte en NLP-ers saam. Persone gebruik die inligting wat hulle aangeleer het om doelgerig aan hulself te werk.
- Leidinggewing: By leidinggewing is daar nie 'n kliënt wat die probleem (doel) bepaal nie, maar wel die NLP-er wat die leiding gee.

Daar bestaan dus aan die een kant 'n teenstydigheid tussen die feit dat geen respondente (sielkundiges) aan *The Southern African Association of NLP* behoort nie, asook die bevinding dat relatief min sielkundiges NLP-tegnieke in hul terapie gebruik, en aan die ander kant die bewering (soos aan die begin van hierdie studie vermeld is) dat NLP hoofsaaklik in Suid-Afrika deur veral sielkundiges in terapeutiese sessies aangewend word. As aanbeveling vir verdere navorsing aangaande NLP, word voorgestel dat daar ondersoek ingestel moet word of NLP nie eerder in Suid-Afrika deur persone wat nie as sielkundiges geregistreer is nie (op ander terreine, maar selfs ook in terapie), toegepas word nie. Steyn (1999:113) het byvoorbeeld na aanleiding van 'n ondersoek oor NLP in Nederland bevind dat hierdie model ook "vry-algemeen as opvoedingsmetodes in skole en opvoedingsinstansies aangewend word". Sy verklaar dat daar moontlik vanuit die Nederlandse situasie versigtig geëkstrapoleer mag word na die Suid-Afrikaanse onderwyskonteks. Soos reeds in 'n vorige artikel genoem, kan die toepassing van NLP-tegnieke byvoorbeeld in die onderwys tot doeltreffende identifisering van en hulpverlening ten opsigte van leerprobleme by kinders lei (Andreas & Andreas, 1987:x; Blackerby, 1996:151). Tog het Steyn (1995:1,5; 1999:113) na aanleiding van hierdie studie in Nederland, tot sekere gevolgtrekkings aangaande die NLP-model gekom. Sy het na 'n deeglike beoordeling van NLP-tegnieke tot die gevolgtrekking gekom dat sommige NLP-tegnieke moontlik met positiewe resultate in skole aangewend kan word, maar dat ander NLP-tegnieke 'n skadelike invloed op kinders kan hê. Daar moet dus in verdere empiriese navorsing aangaande NLP ondersoek word of die NLP-model ook reeds in

Suid-Afrikaanse skole toegepas word en, indien wel, wat die uitwerking daarvan op die leerders is.

Moontlike tekortkominge wat in die studie geïdentifiseer is, word vervolgens genoem: Eerstens, alhoewel daar by elke vraag in die vraelys vir respondente voorsiening gemaak is om onder die hofie "ander" uit te brei indien hulle so sou verkies, kon hulle dalk voel dat hulle in die beantwoording van vrae tot die gegewe opsies by elke vraag beperk word. Huysamen (1994:133) voer aan dat bogenoemde een van die nadele van formeel gestruktureerde of meerkeusige vrae is, naamlik dat respondente geïrriteerd voel omdat hierdie vrae hulle beperk tot antwoorde wat geen voorsiening vir hul uniekheid maak nie en hulle kan dus die vryheid om hulself in oop vrae uit te druk, verkies. Hierdie vraagtipe kon ook moontlik tot gevolg hê dat respondente (wat nie so bekend met die onderwerp onder bespreking is nie) hulle deur die gegewe opsies by vrae kon laat beïnvloed het en nie hul eerlike opinie voorgehou het nie. Ten tweede, weens die enorme omvang wat die studie sou aanneem indien die navorser al die moontlike verbande in die studie sou moes verreken, is (soos reeds genoem) besluit om die studie af te skaal na slegs 'n seleksie van verbande tussen sekere onafhanklike veranderlikes met sekere afhanklike veranderlikes. Alhoewel daar dus nog insiggewende en belangrike data is wat verwerk kon word, kon dit nie in hierdie artikel geïnkorporeer word nie.

## 4.6 SAMEVATTING

Die bevindings van hierdie navorsing kan 'n bydrae lewer om duidelikheid oor die mate van bekendheid en gebruikmaking van die NLP-model deur sielkundiges in Suid-Afrika te verskaf. Die navorser gaan van die oortuiging uit dat daar nog tot 'n groot mate onsekerheid onder die meerderheid Suid-Afrikaanse sielkundiges bestaan oor presies wat NLP as psigoterapeutiese model behels.

Ten slotte is dit noodsaaklik om te vermeld dat sommige navorsers egter die geldigheid van sekere NLP-konsepte bevraagteken (Lichtenberg & Moffitt, 1994:547; Rawlins, Eberly & Rawlins, 1991:111; Sharpley, 1987:106), terwyl ander meen dat navorsing rakende NLP bloot onvoldoende was en dat daadwerklike pogings aangewend moet word om betroubare en metodologiese navorsing uit te voer (Einspruch & Forman, 1985:589). Daar bestaan oor die algemeen 'n behoefte aan betroubare wetenskaplike navorsing aangaande die NLP-model. Zastrow (1992:494) verklaar dat relatief min navorsing nog oor die algemeen gedoen is om

die geldigheid van NLP-beginsels en -konsepte te toets. Hierdie is egter nie net 'n tendens wat oorsee bestaan nie, maar na aanleiding van hierdie studie kon die navorser aflei dat daar beslis ook (soos in die algemene kommentaar hierbo aangestip) 'n navorsingsbehoefte onder Suid-Afrikaanse sielkundiges bestaan om die NLP-model te ondersoek. Aangesien dit nie binne die bestek van hierdie studie val om die geldigheid van NLP-konsepte en -tegnieke te bepaal nie, kan dit as 'n moontlike aanbeveling vir verdere studie rakende die NLP-model dien.

## BIBLIOGRAFIE


Andreas, S. & Andreas, C. 1987. *Change your mind – and keep the change: Advanced NLP submodalities interventions*. Moab, UT: Real People Press.

Ary, D., Jacobs, L.C. & Razavieh, A. 1990. *Introduction to research in education*. London: Holt, Rinehart and Winston, Inc.

Bester, P.C., Nainaar, K. & Roodt, G. 2000. Die meting van Neuro-linguïstiese Programmering se verteenwoordigende stelsels: 'n Eksploratiewe studie. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde*, 26(1):46-54.

Blackerby, D.A. 1996. *Rediscover the joy of learning*. Oklahoma City, OK: Success Skills, Inc.

Bless, C. & Higson-Smith, S. 1995. *Fundamentals of social research methods: An African perspective*. Second edition. Kenwyn: Juta and Co.

Bodenhamer, B.G. & Hall, L.M. 1999. *The user's manual for the brain: The complete manual for Neuro-linguistic Programming practitioner certificate*. Revised edition. Wales, United Kingdom: Crown House Publishing Limited.

Dane, F.S. 1990. *Research methods*. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole Publishing Company.

Derks, L. & Hollander, J. 2000. *Essenties van NLP: Sleutels tot persoonlijke verandering*. Vijfde druk. Utrecht: Servire.

De Vos, A.S. 1998. Conceptualisation and operationalisation. In: De Vos, A.S. (Ed.). *Research at grass roots: A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

De Wet, J.J., Monteith, JL de K.,. Steyn, H.S. & Venter, P.A. 1981. *Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde: 'n Inleiding tot empiriese navorsing*. Pretoria: Butterworth & Kie.

Dilts, R.B. 1999. *What is NLP?* [Online]. Available url: http://www.nlpu.com/whatnlp.htm [Date of access: 25 July 2000].

Du Plooy, J. 1989. Die houding van diensdoenende onderwysers teenoor bestaande evalueringspraktyke, met spesiale verwysing na die situasie in die Oranje-Vrystaat - 'n Empiriese ondersoek. Bloemfontein: Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif. Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Einspruch, E.L. & Forman, B.D. 1985. Observations concerning literature on Neuro-linguistic Programming. *Journal of Counseling Psychology*, 32(4):589-596.

Fouché, C.B. 1998. Data collection methods. In: De Vos, A.S. (Ed.). *Research at grass roots: A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

Graziano, A.M. & Raulin, M.L. 2000. *Reasearch methods: A process of inquiry.* Fourth edition. Needham Heights, MA: Allyn and Bacon..

Hall, L.M. 1996. *The spirit of NLP: The process, meaning and criteria for mastering NLP.* Wales, United Kingdom: Crown House Publishers.

Huysamen, G.K. 1988. *Inferensiële statistiek en navorsingsontwerp: 'n Inleiding.* Tweede druk. Pretoria: Academica.

Huysamen, G.K. 1994. *Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe.* Eerste uitgawe, tweede druk. Kaapstad: Southern Boek-uitgewers Beperk.

Kruger, J.A. 1999. *NLP practitioner certificate program.* Unpublished guide for workshops. Pretoria: Success Sciences.

Lichtenberg, J.W. & Moffitt, W.A. 1994. The effect of predicate matching on perceived understanding and factual recall. *Journal of Counselling & Development,* 72(5):544-548.

McIntosh, O. 2001. *NLPSA - The Southern African Association of NLP's list group.* [Online]. Available url: http://groups.yahoo.com/group/NLPSA [Date of access: 29 May 2001].

O'Conner, J. & Seymour, J. 1990. *Introducing Neuro-linguistic Programming: The new psychology of personal excellence.* London: Haper Collins Publishers.

Odyssey. 1992. *Advertisement: Counselling - astrology, I Ching, personal growth, past lives regression and Neuro-linguistic Programming.* January:41.

Rawlins, M., Eberly, C.G. & Rawlins, L.D. 1991. Infusing counseling skills in test interpretation. *Counselor Education and Supervision,* 23(2):109-120.

Salkind, N.J. 2000. *Exploring research.* Fourth edition. Upper Saddle River, NJ: Prentice Hall.

Sharpley, C.F. 1987. Research findings on Neurolinguistic Programming: Nonsupportive data or an untestable theory? *Journal of Counseling Psychology,* 34(1):103-107.

Steyn, J. 1994. *Die New Age-beweging in die onderwys.* Post-doktorale Navorsingsverslag. Vanderbijlpark: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Steyn, J. 1995. *Neuro-linguistic Programming: Revelation or fallacy.* Paper presented at the Edufuturum Conference, Bloemfontein: UOFS.

Steyn, J. 1999. A critical analysis of Neuro-linguistic Programming in the classroom. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* 35(1-2):113-124.

Strydom, H. 1998. The pilot study. In: De Vos, A.S. (Ed.). *Research at grass roots: A primer for the caring professions.* Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

Strydom, H. & De Vos, A.S. 1998. Sampling and sampling methods. In: De Vos, A.S. (Ed.). *Research at grass roots: A primer for the caring professions.* Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

Zastrow, C. 1992. *The practice of social work.* Fourth edition. Belmont, CA: Wadsworth Publishing Company.

Artikel 5

# NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING: `N KRITIESE EVALUERING


***Opsomming***

*Voor die ontwikkeling van die Neuro-linguïstiese Programmeringsmodel (NLP-model) was daar reeds `n tendens, wat later as die 'New Age'-tydperk bestempel is, om weg te begin beweeg vanaf die wetenskap en rasionele denke in die rigting van magiese denke. Met die ontstaan van die 'New Age'-beweging het verskillende strominge op mekaar ingewerk en die basis vir die sogenaamde 'nuwe denke' gevorm. As aanloop tot die kritiese evaluering van die NLP-model, met as grondslag hierdié 'nuwe denke', word eers op `n bespreking van die grondliggende strominge aangaande die NLP-model gefokus. In samehang hiermee is dit noodsaaklik om, vanweë uiteenlopende sienings aangaande die geldigheid van die NLP-model, die positiewe en negatiewe aspekte van hierdie model uit te lig. Vanuit `n psigo-opvoedkundige oogpunt word met die kritiese ontleding van die NLP-model gepoog om vas te stel of hierdie model in Suid-Afrika op kinders toegepas behoort te word.*


## 5.1 INLEIDING

Steyn (1994:27) som Neuro-linguïstiese Programmering (NLP) bondig op as "`n subjektiewe waarneming, bestudering, kodering en modellering van uitnemende menslike gedragspatrone". Hierdie model is in die 1970's deur Richard Bandler en John Grinder ontwikkel en is aanvanklik in psigoterapie met kinders en volwassenes aangewend. Die toepassingsmoontlikhede van die NLP-model het egter uitgebrei en dit word vandag, volgens Bester, Nainaar en Roodt (2000:46) en Blackerby (1996:189), reeds suksesvol op `n wye verskeidenheid terreine aangewend, waarvan onderwys, berading, sport, geneeskunde, die regte en die sakewêreld enkeles is.

## 5.2 PROBLEEM- EN DOELSTELLING

Christensen, Levinson en Grinder (1990:526) beweer dat daar hoegenaamd nie eenstemmigheid onder navorsers bestaan oor die geldigheid van die NLP-model nie. Kruger (1999:2,8), 'n kliniese sielkundige wat NLP in Suid-Afrika gebruik, huldig byvoorbeeld 'n uiters positiewe siening rakende die toepassing van NLP en is van mening dat dit met groot sukses in die psigoterapeutiese proses aangewend kan word om doelgerigte kommunikasie, persoonlike groei en positiewe selfbelewing te bewerkstellig. Hierteenoor het Steyn (1999:113) egter bevind dat die toepassing van sommige NLP-tegnieke 'n uiters negatiewe uitwerking op kinders, nie alleen in terapie nie, maar ook in skole kan hê. Vanweë hierdie teenstrydighede en die feit dat Suid-Afrikaanse sielkundiges ook reeds tot 'n mate NLP-tegnieke in hul terapie met kinders gebruik (hoewel huidig nog tot 'n beperkte mate soos in Artikel 4 bevind is), en moontlik onwetend tegnieke kan toepas wat 'n skadelike invloed op kinders mag hê, is dit noodsaaklik dat die NLP-model ook krities deur plaaslike psigo-opvoedkundige navorsers in oënskou geneem word. Gevolglik berus die navorsingsprobleem wat aangespreek sal word op die volgende probleemvrae: Wat is die belangrikste positiewe en negatiewe aspekte van die NLP-model? Watter perspektiewe word in navorsingsliteratuur oor die geldigheid van die NLP-model gehuldig? Tot watter mate besit die NLP-model positiewe toepassingswaarde vir kinders in veral terapeutiese situasies (maar ook in die onderwys)? Alhoewel in hierdie reeks van artikels meer spesifiek op NLP as psigoterapeutiese model gefokus word, blyk dit uit vorige artikels dat die NLP-model nie net oor toepassingswaarde vir kinders in terapie beskik nie, maar ook in die onderwys.

Die hoofdoel van hierdie artikel is om na aanleiding van 'n deeglike literatuurstudie die NLP-model krities vanuit 'n psigo-opvoedkundige perspektief te beoordeel. Die voorafgaande artikels in hierdie reeks van artikels rakende die psigo-opvoedkundige ondersoek na NLP kan as agtergrond vir hierdie studie beskou word. As aanloop tot die kritiese evaluering van die NLP-model, is dit noodsaaklik om vervolgens eers op die grondliggende strominge van die NLP-model te fokus.

## 5.3 GRONDLIGGENDE STROMINGE VAN DIE NLP-MODEL

Singer en Lalich (1996:202) voer aan dat daar reeds voor die 1970's 'n tendens was om weg te begin beweeg vanaf die wetenskap en rasionele denke in die rigting van magiese denke. Met die ontstaan van hierdie *New Age*-tydperk, het verskillende strominge op mekaar

ingewerk en die basis vir die sogenaamde 'nuwe denke' gevorm. Van Niekerk en Meier (1994:70) stel dit dat die *New Age*-filosofie hoofsaaklik die samevoeging van drie vertikale strominge is, naamlik die alternatiewe Westerse religieuse tradisies (waarvan okkultiese bedrywighede soos toekomsvoorspelling, telepatie, heldersiendheid, hipnose, transendentale meditasie, joga, towery, satanisme, spiritualisme en astrologie 'n deel uitmaak), Oosterse filosofieë en die sogenaamde menslike-potensiaalbeweging met as oorsprong, die humanistiese en transpersonale sielkunde. Steyn (1994:32) is van mening dat daar 'n duidelike ooreenkoms in die filosofie van NLP en die *New Age*-beweging bestaan. Matzken (1996:20) voer aan dat NLP ontstaan het weens die wederkerige beïnvloeding en samevoeging van 'n aantal strominge, soos die anti-reduksionisme, postmodernisme, neo-gnostisime, Jungiaanse denke en pragmatisme. In die volgende gedeelte sal net kortliks op die verband van NLP met van hierdie strominge gefokus word. Daar sal geensins gepoog word om 'n volledige uiteensetting van elke stroming te gee nie.

### 5.3.1 Die postmodernisme

Die begrip *postmodernisme* (gekenmerk deur anti-reduksionisme) het te make met die reaksie op die fundamentele tekortkominge van die verligtingsdenke wat onder meer van die reduksionisme uitgegaan het. Wat die postmodernisme betref, was daar sedert die tagtigerjare 'n terugkeer van die materialisme na die spiritualisme (Matzken, 1996:20). Volgens Derks en Hollander (2000:19,599) het ook die grense van dít waarmee NLP-ers (hiermee word bedoel persone wat van NLP gebruik maak) hul besig hou veral in die negentigerjare in die rigting van spiritualiteit verskuif. In NLP word geen prinsipiële besware ervaar ten opsigte van 'n wêreldmodel waarin spirtituele entiteite voorkom nie. Die NLP-pragmagiese tegnieke sluit baie nou hierby aan.

### 5.3.2 Die neo-gnostisisme

Die woord *gnostisisme* is afgelei van die Griekse woord *gnosis* wat kennis of insig beteken (Jonas, 1992:32). Volgens Van Wersch (1990:17) kan gnostisisme omskryf word as "een zelfstandige religie die zich kenmerkt door de mythische uitdrukking van zelfervaring die voortkomt uit het bewustzijn dat er zich in de godheid een tragische splitsing heeft voorgedaan".

Van Wersch (1990:175) voer ook aan dat die moderne tydsgees (neo-gnostisisme) romanties-gnosties van aard is. Opvattings wat nog twintig jaar gelede as bygeloof, vae Oosterse mistiek en onwetenskaplike onwaarskynlikhede afgemaak is, is vandag `n werklikheid. Daar bestaan `n gevoeligheid vir geestelike bewuswordingstegnieke, magiese praktyke, reïnkarnasie-ervarings en paranormale verskynsels (volgens Ouweneel [1992:5] wys paranormale verskynsels op dít wat afwyk van die normale, byvoorbeeld verskynsels soos heldersiendheid en telepatie). Voorts beteken reïnkarnasie onderskeidelik volgens Van Niekerk en Meier (1994:72) dat mense se bestaan die somtotaal is van hulle vorige lewens en volgens Ouweneel (1992:6) dat dit `n vorm van religieuse bevrediging is, aangesien dit `n heerlike gedagte is dat alles met die dood nie verby is nie, maar dat persone nog weer `n nuwe lewe mag begin. Steyn (1994:31) verklaar dat die gnostisisme die groeibodem vir die *New Age*-beweging was. NLP het hierop voortgebou en as sogenaamde "neo-gnostisisme" ontwikkel, waarvolgens die mens moet 'ken'. In ooreenstemming met Van Wersch (1990:108) is die belangrikste kenmerke van die neo-gnostisisme die volgende:

- daar word van die oortuiging uitgegaan dat die hele werklikheid teruggevoer kan word na een oerprinsipe en dat God nie die Skepper is wat uit niks skep nie, maar dat alles ontstaan volgens `n beginsel van uitdying;
- die mens word pessimisties beskou as vervreemd (op `n tragiese wyse) van die oerprinsipe;
- die menslike 'Ek' staan sentraal en verkry `n goddelike status;
- die waarneembare werklikheid is nie die volle waarheid nie, maar `n bedrieglike werklikheid en daar bestaan `n geringskatting van empiriese kennis;
- mense kan uit hulle eie krag verlos word;
- hierdie denke ruim `n plek vir die fantasiekrag van die mens in;
- daar bestaan `n sterk aantrekkingskrag tot die irrasionele en die okkulte;
- die herlewing in en belewing van `n animistiese besielde wêreld speel `n rol; en
- daar bestaan `n ondertoon van verset teen alle eksterne gesagsbronne, ongeag of dit van goddelike of menslike herkoms is.

Samevattend kan gestel word dat die ou gnostisisme en neo-gnostisisme (waaronder NLP val) onder andere (soos uit bostaande kenmerke blyk) mense as sentraal sien en in staat om hulself in hul eie krag te verlos. Die humanistiese invloed geld dus hier. Vanuit `n Christelike

oogpunt is God egter die middelpunt van die mens se bestaan en word elke handeling daaraan getoets of dit God-vererend of God-onterend is.

### 5.3.3 Die diepte-psigologie van Jung

Carl Gustav Jung (1875-1961) het aanvanklik nou saam met Sigmund Freud (vader van die psigo-analistiese skool) gewerk. Jung het `n groot deel van sy werk as `n verlengstuk van Freud, wat in der waarheid sy leermeester was, se leringe beskou. Toe hy egter later van Freud se psigo-analise weggebreek het, het hy sy sielkunde die "analitiese sielkunde" genoem waarin hy meer op die kollektiewe "onbewuste" gekonsentreer het (Fordham, 1956:11; Smit, 1971:2,62).

Volgens Fordham (1956:12,82) hou Jung se diepte-psigologie ook verband met die Chinese mistisisme en het dit bygedra tot Jung se beskouing van die argetipes van die kollektiewe onbewuste. Steyn (1994:18) verklaar dat die begrip *argetipe* afgelei is van die Griekse woorde *arche* wat "eerste" en *tupos* wat "vorm" beteken. Die argetipe dui op `n tipe wetsbeskouing waar daar iewers (buite die wêreld in God se gedagtes) ideale voorbeelde bestaan wat in die werklikheid op onvolmaakte wyse verbesonder word. Matzken (1993:32) voer aan dat die argetipe volgens Jung "onbewuste, geperformeerde beelden uit het eerste stadium van ontwikkeling van de dierlijke en menslijke voorouders en daarom 'primitief'" is.

Jung se beskouing van die kollektiewe onbewuste, die "self" en God, selfverwesenliking en die transendente funksie van die mens kan weer teruggevind word (hoewel met sekere veranderings) in die kenteorie van die *New Age*-beweging (Heelas, 1997:46). Daar kan twee strominge in die *New Age*-beweging onderskei word, naamlik die holistiese eenheidsidee van alle godsdienste ėn die latere beklemtoning van esoteriese belewinge. Die esoteriese belewinge veronderstel `n konsentrasie op die kollektiewe onbewuste van die mens. In NLP word die idee van die kollektiewe onbewuste deur middel van esoteriese tegnieke (wat later in hierdie artikel ondersoek sal word) verder uitgebou (Steyn, 1994:18-19,27).

Opsommerderwys gee Matzken (1993:20-45; 1996:23-24) Jung se kenmerke van die kollektiewe onbewuste as volg weer:

- Die onbewuste rus nooit nie, dit is nooit stagnant nie en leef en werk in voortdurende interaksie met die bewuste (vergelyk Jung, 1954:51).

- Primitiewe, dierlike en paganistiese eienskappe vorm deel van die onbewuste wat weer deel vorm van die argetipe van die onbewuste.
- Die argetipes van die kollektiewe onbewuste het 'n transendente krag wat die persoonlikheid transformeer deur die positiewe idees van die bewuste met die negatiewe idees van die kollektiewe onbewuste te verenig.
- 'n Argetipe verander voortdurend van vorm en reageer positief of negatief. Hierdie eienskap is afhanklik van die mens se vrye, bewuste wil - mense moet die keuse uitoefen of hulle die argetipes wil toelaat om die bewuste (ego) totaal en al te oorheers. Hierin is byvoorbeeld die verklaring vir sataniese perversie terug te vind.
- Die simbole van argetipes wat by die mens voorkom, is skaduwees, die anima/animoes (gees-beelde), die wyse ou man, die heks, die aardmoeder, die sirkel/vierkant/vierhoek. Dieresimbole soos die slang, leeu en beer en insekte en plante kom ook voor.
- Die argetipes openbaar hulself in drome, aktiewe fantasie en wanbeelde. Laasgenoemde kom veral by paranoïse gevalle voor.
- Die argetipes is latent in die onbewuste totdat 'n situasie ontstaan waarin die argetipe geaktiveer word. Die dryfkrag kan dan ontstaan wat groter is as die rede en wil van die mens.
- Dié dominante kragte kan sodanig ontwikkel dat dit die psigiese lewe van die mens oorheers.
- Dié potensiële energie veroorsaak verder 'n plofbare toestand, wat ook tydens massabyeenkomste, wanneer 'n massapsigose van die mens besit neem, na vore kom.
- Argetipes word slegs bewuste idees wanneer idees en beelde so georganiseer word dat hulle deur die bewuste herken kan word.
- Die argetipes is 'n eenheid van gevoelens en gedagtes, waarsonder die psigiese lewe nie kan bestaan nie.
- Die bewuste of ego van die mens moet inhoud gee aan die argetipes voordat dit van betekenis kan wees, waardeur die argetipes vorm het, maar nie inhoud nie.
- Die argetipes is ook die beskermer van die mens. As beskermer stel dit mense in staat om die gevoel van gevaar te ervaar voor die werklike krisisoomblik, sodat hulle vroegtydig daarop kan reageer.

- Hoe meer daar op die onbewuste gekonsentreer word (byvoorbeeld deur fantasie, meditasie en joga), hoe meer word die potensiële energie van die onbewuste ontsluit en vorm dan later 'n substituut vir realiteit.
- Die beplanning van die toekoms, selfs al sou dit nadelige elemente bevat, is reeds in die prehistoriese verlede van die onbewuste aanwesig. Die *New Age*-beweging (en NLP) wend byvoorbeeld hierdie sogenaamde magiese kragte vir toekomsvoorspelling aan.
- Die onbewuste het 'n intellektuele vermoë en doelgerigtheid wat die bewuste by verre oortref.
- Die onbewuste het natuurlikerwys 'n aanvullende verhouding tot die bewuste, wat veroorsaak dat die funksies van die mens relatief is.

James en Woodsmall (1988:95) voer aan dat daar beslis 'n ooreenstemming tussen Jung se model en die NLP-model bestaan. Aangesien Venter (1990:63) verklaar dat daar duidelike trekke van die okkultisme in Jung se werk sigbaar is, is die moontlikheid nie uitgesluit dat okkultiese bedrywighede ook deel van die NLP-model kan uitmaak nie.

### 5.3.4 Die pragmatisme

Pragmatisme beklemtoon die suksesvolle, nuttige en praktiese, werkende handelinge van mense wat hulle gedrag voortdurend by die omgewing moet aanpas. Alleenlik dít wat direk en effektief in en deur die praktyk (ervaring) bevestig kan word, word as waarheid aanvaar (Van Wyk, 1985:ii,36 e.v.).

Matzken (1996:21) voer aan dat die pragmatistiese denke in die tagtigerjare die wetenskaplike, reduksionistiese en empiriese denke vervang het. Jung het ook inherent hierdie tendens bevorder deur sy integrering van die sogenaamde "Wiederverzauberung" (die Middeleeuse tyd van gode en geeste, van hekse, towenaars en waarsegsters) met die wetenskappe. Matzken (1996:26) verklaar voorts dat daar in talle NLP-kursusse en -beoefening nadruk gelê word op die belangrikheid van "een puur-pragmatische aanpak". Besware teen 'religieuse' onderdele in die NLP-model word normaalweg deur NLP-ers met twee argumente afgemaak:

- Eerstens, dat NLP nie religieus of onchristelik is nie, maar suiwer as 'n tegniek beskou moet word en dat tegnieke tog immers neutraal is; en

- ten tweede, met alle bestaande wetenskaplike metodes sou dit onmoontlik gewees het om die resultate te bereik wat reeds met NLP bereik is en dít op sigself is alreeds 'n wetenskaplike bewys.

Volgens Derks en Hollander (2000:608-609) is dit volgens die pragmatisme, en dus ook volgens NLP, sinvol om eers te ondersoek wat (byvoorbeeld in terapie) bereik moet word "om vervolgens de daarvoor noodzakelijke overtuigingen te 'nemen'. De enige toetssteen voor een overtuiging is daarbij niet de 'waarheid', maar de wesenlijkheid van het effecten".

Na aanleiding van bogenoemde bespreking wil dit dus blyk asof die NLP-model deel van die sogenaamde 'nuwe denke' is wat met die *New Age*-tydperk verband hou. Wanneer bloot na die titel van Bandler en Grinder se boeke *The Structure of Magic I and II* gekyk word, bevestig dit reeds die vermoede dat magie moontlik deel van NLP uitmaak (vergelyk Bandler & Grinder, 1975; Grinder & Bandler, 1976).

## 5.4 KRITIESE EVALUERING VAN NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING

Met die voorafgaande bespreking in gedagte, sal eerstens 'n evaluering van NLP-tegnieke voorgehou word. Daarna sal daar (weens die uiteenlopende sienings wat aangaande die toepassingswaarde van die NLP-model gehuldig word) op die algemene positiewe en negatiewe aspekte van hierdie model gefokus word.

### 5.4.1 Evaluering van NLP-tegnieke

In Artikel 3 is 'n volledige beskrywing van die belangrikste NLP-tegnieke verskaf wat as agtergrond vir hierdie bespreking beskou moet word. Daar is bevind dat NLP-tegnieke in twee hoofgroepe ingedeel kan word, naamlik NLP-kommunikasietegnieke en NLP-esoteriese tegnieke. Gevolglik sal hierdie twee groepe tegnieke bloot oor die algemeen krities beoordeel word.

#### 5.4.1.1 NLP-kommunikasietegnieke

Alhoewel NLP-kommunikasietegnieke tot 'n mate geneig is om manipulerend te wees, kan vanuit 'n Christelike standpunt verklaar word dat hierdie tegnieke met herinterpretasie positiewe resultate in terapie met kinders en ook in skole kan lewer. Hierdie NLP-

kommunikasietegnieke kan gedefinieer word as "a model that focuses on the verbal and non-verbal behaviour as well as on structures and processes of human subjectivity" (Steyn, 1995:5; 1999:113,115-116,119). Woerner en Stonehouse (1988:517) verklaar dat NLP-kommunikasietegnieke 'n model vir leersukses bied waardeur leerders op alle vlakke gemotiveer en onderrig kan word, asook om leerprobleme te identifiseer. Volgens Blackerby (1996:151,152) kan leerders wat byvoorbeeld disleksie- en aandagtekortprobleme ondervind deur middel van NLP-kommunikasietegnieke gehelp word om hul leergeremdhede te bowe te kom. NLP bied vaardighede en prosesse waardeur die innerlike verwerking van inligting deur leerders met probleme blootgelê kan word. Die toepassing van die NLP-model kan ook behulpsaam wees om te ontdek hoe hierdie leerders se benadering tot leer van ander leerders se leerstrategieë verskil, waarna aan hierdie leerders verskillende wyses getoon kan word om beter te leer. Waldheim (1987:307) stel byvoorbeeld voor dat onderwysers (asook sielkundiges) 'n model moet gebruik wat al drie die voorstellingsisteme (visuele, ouditiewe en kinestetiese) insluit, om sodoende te verseker dat alle leerders leer. Indien onderwys 'n multi-sensoriese ervaring is, sal dit interessanter wees en ook voorsiening maak vir die voorkeur van elke leerder, deurdat van al die voorstellingsisteme gebruik gemaak word. Sogenaamde "stadige" leerders leer dikwels net anders en vind dat die huidige onderwysstyl nie vir hulle voorsiening maak nie.

Voorts kan onderwysers van NLP-kommunikasietegnieke, soos modellering, gebruik maak om effektiewe leerstrategieë te identifiseer en dit aan hulle leerders te onderrig. NLP kan ook in die klassituasie aangewend word om onderwysers sowel as leerders se kommunikasievaardighede te verbeter, veral in die lig van groot klasse, dissipline en kontrole van leerders en bendegeweld (Helm, 1994:625). Spesifieke NLP-kommunikasietegnieke kan voorts aangewend word om onderwysers en sielkundiges in staat te stel om goeie kontak met kinders te bewerkstellig. Aangesien die belangrikheid van 'n gesonde selfbeeld ook nooit oorbeklemtoon kan word nie, bestaan daar byvoorbeeld 'n effektiewe NLP-tegniek, "Looking at yourself with loving eyes", wat in 'n verskeidenheid omgewings, insluitende tydens individuele terapie, groepsterapie en in die klaskamer, aangewend kan word om die selfbeeld van skoolgaande kinders te verhoog (vergelyk Childers, 1989:204-205). NLP-kommunikasietegnieke (so wil dit blyk) het veelvuldige toepassingsmoontlikhede op kinders in terapie en in die onderwys.

### 5.4.1.2 NLP-esoteriese tegnieke

Soos reeds genoem, bestaan daar 'n ooreenkoms tussen die filosofieë van NLP en die *New Age*-beweging. Hall (1996:x) verdedig egter enige negatiewe sienings aangaande die NLP-model deur te beweer dat persone wat nie goed in NLP opgelei en onderlê is nie, poog om hierdie model toe te pas deur byvoorbeeld seminare daaroor aan te bied en dit in psigoterapie te gebruik. Gevolglik benadeel dit die algemene beskouing aangaande NLP en gee dit 'n slegte reputasie aan dié model. Bogenoemde lei dus uiteraard ook volgens Hall (1996:x) tot vele misverstande en 'n direkte uitvloeisel hiervan is dan die volgende aannames: "NLP is part of the New Age religion", "NLP is manipulative mind-control" en "NLP is mysticism".

Vervolgens word, in ooreenstemming met Steyn (1999:117-118), 'n verduideliking van NLP-esoteriese tegnieke gegee: Die toepassing van hierdie tegnieke impliseer die beweging van persone van hulle bewuste na die onbewuste wat met esoteriese en okkultiese inisiasies gelykgestel kan word. In samehang met Jung se diepte-psigologiese beskouing aangaande die onbewuste, is die allesomvattende doel met die toepassing van die esoteriese tegnieke om die funksies van die onbewuste te ontwikkel en om 'n dieper vlak van bewustheid ten opsigte van die onbewuste te verkry. Om met die onbewuste kontak te maak, beteken om in 'n hipnotiese toestand in te gaan. 'n Hipnotiese toestand is 'n metode waardeur persone hulself oopstel deur hul bewussynsvlakke en daardeur ook hul funksie van kritiese ontleding te blokkeer. Hierdie blokkering kan tot 'n toestand van psigologiese introversie aanleiding gee. Die Christen se kognitiewe funksie van kritiese ontleding moet egter altyd bewustelik funksioneer (vergelyk Die Bybel: Rom. 12:2; 1 Joh. 5:21). Tydlynterapie (vergelyk Matzken, 1996:50-51) en pragmagie (vergelyk Derks & Hollander, 2000:555-558,590-596) is voorbeelde van NLP-esoteriese tegnieke wat die beweging in 'n hipnotiese toestand impliseer. Pragmagie behels 'n samevoeging tussen pragmatisme en magie. Matzken (1996:66) voer aan dat die wêreldmodel van NLP wat gebruik maak van die primitiewe wêreldmodel van animisme en spiritualisme "kent een wereld van goden en machten buiten de mens, die door middel van tussenpersonen aan beide kante (bijv. avatars en geleidengeesten resp. priesters en mediums) trachten een kosmisch evenwicht in stand te houden". Vanuit 'n Christelike standpunt blyk die toepassing van hierdie pragmagiese tegnieke in die besonder, maar ook esoteriese tegnieke in die algemeen op kinders (en selfs volwassenes) heeltemal onaanvaarbaar te wees.

Alhoewel Steyn (1999:117-119,121-122) toegee dat NLP-kommunikasietegnieke positiewe resultate kan lewer, blyk dit uit die bestudering van NLP-tegnieke dat die esoteriese tegnieke egter onaanvaarbaar en geensins veilig is om op kinders te gebruik nie. 'n Geestelike wanbalans in die persoonlikheid en 'n gepaardgaande versteurde persoonlikheid kan die gevolg wees wat 'n negatiewe invloed op byvoorbeeld leerders se ontwikkelende kognitiewe funksie van kritiese ontleding kan uitoefen. Hierdie esoteriese tegnieke maak kinders ook vatbaar en oop vir die okkultiese bedrywighede wat heeltemal teenstrydig met Christelike beginsels is (vergelyk Die Bybel: Gal. 5:19-20). 'n "Buite-die-liggaam"-ervaring is algemeen in baie NLP-esoteriese tegnieke. Hierdie wegsinking in die onbewuste bring dissosiasie met die werklikheid mee wat strydig is met die Christelike siening van voortdurende onderworpenheid aan God se wil (vergelyk Die Bybel: Deut. 18:9-14).

Aangesien hierdie studie vanuit 'n psigo-opvoedkundige raamwerk gedoen word, moet in gedagte gehou word dat die begrippe *mens(e), persoon(e)* en *kliënt(e)* telkens ook kinders, en nie net volwassenes nie, insluit.

### 5.4.2 Positiewe toepassingswaarde van NLP

Alhoewel sommige NLP-tegnieke as negatief beskou word vir toepassing op kinders en by implikasie ook vir volwassenes, sal vervolgens op verskeie navorsers en skrywers se sienings gefokus word wat beweer dat NLP, veral in die psigoterapeutiese konteks, oor positiewe waarde beskik. Aan die positiewe kant, voer Yeager (1985:201) optimisties aan dat "NLP has discovered more of therapeutic value in the last ten years than the field of behavioral science has in the last hundred years. NLP is truly a major breakthrough". Beaver (1989:87) se siening neig om hiermee ooreen te stem op grond van 'n aantal gevallestudies wat voorgehou word waarin NLP-tegnieke en -vaardighede besonder effektief aangewend is om kinders met probleme te help. Hierin bewys Beaver (1989:90) dat die toepassing van die NLP-model ook relevant is in die werk van opvoedkundige sielkundiges.

Volgens Blackerby (1996:189) kan NLP uiters suksesvol deur sielkundiges aangewend word om byvoorbeeld kinders te help om persoonlike probleme soos die volgende te oorkom, naamlik fobies, angsaanvalle, dwelmmisbruik en verhoudingsprobleme. Zastrow (1992:495) en Zastrow, Dotson en Koch (1987:38) se sienings sluit hierby aan deurdat hulle aanvoer dat NLP-beginsels en -tegnieke veral bruikbaar is as stimulerende toevoeging (eerder as 'n

vervanging) tot ander teorieë om emosionele probleme en disfunksionele gedrag te assesseer en te behandel. Knight (1996:5) verklaar dat hoewel baie van die idees en konsepte wat in NLP vervat is reeds bestaan het en nie noodwendig heeltemal nuut was nie, die grondleggers van NLP dit op 'n besondere wyse saamgevoeg het onder die opskrif "NLP". Bandler en Grinder het hul begrip van die opeenvolging van denk- en taalpatrone gebruik om uitnemendheid (waarop die NLP-model grotendeels gemik is) te kodeer en het tydens hierdie proses ook tot hul eie gevolgtrekkings gekom. Hiervolgens kan die toepassing van die NLP-model daartoe lei dat meer blywende verandering in persone bewerkstellig kan word as met ander modelle.

Bodenhamer en Hall (1999:xvii) dui daarop dat die kern van NLP is dat persone beheer oor hulself, en spesifiek hul eie gedagtes en ervarings, moet neem. Volgens Knight (1996:2-3) kan NLP positief aangewend word om persone (ook kinders) onder andere spesifiek in staat stel om:

- hulle vermoë om te leer te versnel, sodat hulle nie net verandering kan bewerkstellig nie, maar dit ook kan inisieer;
- noodsaaklike uitkomste vir hulself te stel;
- hoë kwaliteit verhoudings met ander mense om hulle te bou;
- hulle sensitiwiteit ten opsigte van ander en hulself te verhoog, sodat hulle in staat sal wees om bewus te word van subtiele veranderings in gedrag en houdings en die gevolg daarvan op die wyse waarop hulle kommunikeer;
- buigsaamheid te ontwikkel sodat hulle meer keuses en gevolglik meer invloed oor situasies in hul lewens het;
- hulle vermoë te verbeter om samewerking en entoesiasme in die mense om hulle te wek; en
- hul denke en gevoelens op so 'n wyse te beheer dat hulle in beheer van hul emosies sal wees.

Indien die bogenoemde vaardighede en denke wat met die toepassing van die NLP-model bereik kan word waar is, wil dit blyk asof persone hulle ervarings in alle soorte situasies kan aanpas en verander. Knight (1996:3) verklaar dat "NLP is the difference that makes the difference in communication, motivation, influence, negotiation, leadership, empowerment,

self-development, goal setting ... the list is endless. You will find your own applications - that is the real joy of NLP".

**5.4.2.1 Die uitdaging van NLP**

Vir sommige skrywers, soos Kamp (1996:25-28), is die NLP-benadering `n groot uitdaging vir tradisionele denke ten opsigte van hoe mense word wie en wat hulle is:

- Menslike potensiaal: Mense word soms verkeerdelik gelei om te glo dat hulle vermoëns beperk is. Hierteenoor gaan die NLP-benadering van die vooronderstelling uit dat alle persone uitnemend in hulle gedrag en reaksies kan wees, indien hulle die gereedskap gegee word om so op te tree. Wanneer persone sê dat hulle iets nie kan doen nie, moet gekontroleer word of dit beteken dat hulle dit nie wil doen nie en of hulle bloot net nie weet hoe om dit te doen nie. Wanneer iemand iets *wil* aanleer, is dit moontlik om dit aan te leer. NLP kan aangewend word om mense te help om die gereedskap te verwerf waardeur bewustelike keuses gemaak kan word om meer veranderings te bewerkstellig.
- Die oplossing: Die tweede wyse waarop NLP tradisionele denke uitdaag, geskied deur middel van die uitgangspunt dat daar meer aan die oplossing van `n probleem as aan die probleem self aandag geskenk moet word.
- Natuurlike leer: Die NLP-model is ook gebaseer op die feit dat mense normaalweg maklik en op `n natuurlike wyse leer. Die grondleggers van NLP verklaar dat die aanname dikwels in formele onderwyssisteme gemaak word dat leer moeilik is. NLP-ers wys daarop dat die mens `n enorme hoeveelheid dinge (byvoorbeeld taal, beweging, gedrag en gesindhede) kan leer sonder veel inspanning. Wanneer kinders byvoorbeeld gemotiveerd is om iets aan te leer en wanneer die relevante inligting op `n wyse aangebied word wat hulle pas, sal hulle maklik kan leer.

**5.4.2.2 NLP as konstruktivistiese model**

Volgens Winter (1996:223) word NLP as `n eksperimentele konstruktivistiese model beskou, aangesien die klem op die proses val waardeur persone hulle wêrelde verstaan, eerder as op die inhoud van wat hulle verstaan. In NLP word eerder gefokus op "Hoe?" as "Waarom?" Gevolglik het NLP `n meer uitkomsgebaseerde benadering as baie ander terapieë. Winter (1996:219) verklaar dat konstruktivisme in psigologie verwys na "a family of theories that share the assertion that human knowledge and experience entail the (pro)active participation

of the individual". In hierdie konteks glo die konstruktivis (en dus ook die NLP-er) dat mense aktief hul eie wêrelde konstrueer.

Zastrow *et al.* (1987:37) voer aan dat tradisionele psigoterapeutiese benaderings baie tyd spandeer om die oorsake van 'n kliënt se problematiese gedrag te identifiseer. In teenstelling hiermee gaan die NLP-model (soos reeds genoem) van die vooronderstelling uit dat positiewe verandering kan plaasvind sonder om by die oorsake van die probleem stil te staan. Deur middel van die studie van uitnemendheid, het die grondleggers van NLP ontdek dat uitnemende persone meer op die uitkoms wat hulle wil bereik, as op die probleem self, konsentreer. By NLP word die fokus dus eerstens geplaas op die identifisering van wat kliënte wil hê. Daarna word daarop gekonsentreer om kliënte te help om die hulpbronne te identifiseer (wat hulle alreeds besit) en op die maniere om hulle doelwitte te bereik. Die navorser bevraagteken egter tot 'n mate hierdie NLP-beskouing, aangesien daar in psigoterapie tog op die oorsake van probleme gefokus moet word om werklik die probleme van kliënte te verstaan.

**5.4.2.3 Merkbare resultate binne 'n kort tyd**

Volgens Andreas en Andreas (1992:34) voorsien NLP "a wonderful, varied, and detailed set of methods for rapid and respectful personal change, as well as a solid pragmatic foundation from which we can go on to develop additional methods". Alder (1997:8) voer ook aan dat NLP in dié opsig van ander terapieë wat met persoonlike gedrag gemoeid is, verskil deurdat merkbare resultate in 'n baie kort tyd gelewer word. Yeager (1985:179) en Singer en Lalich (1996:169) bevestig bogenoemde deur te beweer dat ernstige emosionele toestande soos angstigheid, depressie en fobies by kinders binne 'n kort tyd blywend en bevredigend verander kan word deur van NLP-prosedures gebruik te maak. Leerders se kognitiewe werkverrigting soos spelling, lees, skryf en wiskunde verbeter ook vinnig met die toepassing van NLP-tegnieke. Tog is bogenoemde net bewerings en lewer die skrywers geen geldige bewyse vir hulle uitsprake aangaande die positiewe toepassing van die NLP-model nie.

Hoewel Druckman en Swets (1988:145) skepties is oor die NLP-aanspraak dat die effektiewe behandeling van byvoorbeeld fobies by kliënte in 'n paar minute bewerkstellig kan word en aanvoer dat daar weinig studies uitgevoer is om dié aanspraak te bevestig, verskaf Andreas en Andreas (1992:16-22) 'n voorbeeld van 'n gevallestudie waarin 'n fobie vir bye binne sewe

minute suksevol behandel is. Hall, Penaylillo, Bodenhamer en Kean (1997:3) waarsku egter daarteen dat die aanname dat NLP alle probleme in 'n kwessie van 'n paar minute kan oplos, nie oordryf moet word nie, maar stem tog saam dat NLP in die meeste gevalle vinniger verandering kan bewerkstellig as tradisionele psigoterapeutiese benaderings.

### 5.4.3 Algemene kritiekpunte teen NLP

Alhoewel die toepassing van die NLP-model moontlik positiewe gevolge inhou, is dit noodsaaklik om te vermeld dat sommige persone ook baie negatiewe aspekte daarin raaksien. Singer en Lalich (1996:xi,167) bespreek NLP as een van die "crazy therapies" (of alternatiewe terapeutiese modelle) in hulle boek, aangesien hulle dit beskou as een van die vinnige, maklike en skynbare magiese wyses van psigologiese behandeling waarvoor daar weinig bewyse van wetenskaplike geldigheid en professionele aanvaarbaarheid bestaan. Volgens Singer en Lalich (1996:18-20) het hierdie "crazy therapies" (waarvan NLP een is) sekere algemene kenmerke waarvan 'n paar vervolgens genoem word:

- Hierdie terapieë is gebaseer op mite en fantasie en nie op wetenskaplike studies wat die voordelige uitwerkings daarvan vir kliënte aandui nie.
- Daar bestaan 'n misbruiking en oorgebruikmaking van hipnotiese tegnieke en oefeninge.
- Kliënte is geneig om hulle tyd en geld op hierdie sogenaamde "gier"-terapieë te mors, aangesien hulle oorspronklike probleme nie aandag geniet nie en nuwe probleme dikwels ontwikkel as gevolg van hierdie terapieë.
- In sommige gevalle word kliënte gelei om religieuse/spirituele begrippe, soos byvoorbeeld die reïnkarnasie-idee, waarin hulle voorheen geen belangstelling getoon het nie, aan te neem.

Vanuit 'n Christelike standpunt is die feit dat sekere tegnieke van die NLP-model (as een van die alternatiewe terapeutiese modelle) op magiese praktyke gebaseer is, totaal onaanvaarbaar.

Van die mees algemene kritiekpunte teen die NLP-model word vervolgens kortliks verwoord:

- Die feit dat NLP met "programmering" te make het, lok die reaksie uit dat mense nie soos rekenaars geprogrammeer kan word nie. Terselfdertyd word NLP-tegnieke gekritiseer dat dit manipulerend is deurdat dit deur een persoon gebruik word om 'n ander persoon te beïnvloed (programmering) (Derks & Hollander, 2000:604,617). Volgens die Christelike siening doen enige manipulasie afbreuk aan 'n ware Christelike antropologie. Zastrow

(1992:494) verklaar dat NLP te make het met pasaangewing waar sielkundiges by kliënte "aansluit" en poog om hulle in 'n positiewe rigting te "lei". "Aansluiting" en "lei" kan as essensiële komponente beskou word om beïnvloeding en manipulering te bewerkstellig.

- Die NLP-model beskik oor geen wetenskaplike onderbou nie: As voorbeeld kan genoem word dat, alhoewel daar in die sestigerjare 'n verband tussen aandagspatrone en horisontale oogbewegings ontdek is, daar nog heelwat onsekerheid in dié verband bestaan het (Derks & Hollander, 2000:606). Tog meld Bandler en Grinder (1979:24) in die sewentigerjare dat hulle weet wat die verskillende oogbewegingsrigtings beteken, sonder om enige bronverwysings en sodoende ook 'n wetenskaplike onderbou vir die NLP-aanname aangaande oogbewegings, net soos met baie ander NLP-aannames, te verskaf.
- Relatief min wetenskaplik-verantwoordbare navorsing is nog gedoen om NLP-beginsels en -konsepte te toets. Zastrow (1992:494) beskou NLP as 'n model wat nie onafhanklik gebruik kan word om die oorsake van emosionele en gedragsprobleme te assesseer nie. Die NLP-beginsels en -konsepte kan slegs gesien word as toevoegings tot ander teorieë vir assessering en verandering van menslike gedrag.
- Benewens die klaarblyklike sukses wat Bandler en Grinder met NLP bereik het, blyk dit asof hulle charismaties, dramaties en selfversekerd was. Mercier en Johnson (1984:167) spreek die mening uit dat dit soms moeilik is om te bepaal of beweerde positiewe resultate wat met NLP bereik word, werklik te danke is aan die effektiwiteit van die NLP-model, en of dit eerder van die persoonlikheid en effektiwiteit van die persone (byvoorbeeld sielkundiges) wat dit toepas, afhang. Hulle spreek kommer uit dat persone wat nie oor hierdie persoonlikheidseienskappe beskik nie, moontlik nie dieselfde resultate met NLP kan bereik nie.
- Hall *et al.* (1997:4) voer as verdere kritiekpunt aan dat dit blyk asof enige persoon tot NLP-opleiding toegelaat word en dat daar geen voorvereistes gestel word nie. Hierdie praktyk lei uiteraard daartoe dat NLP byvoorbeeld in terapie toegepas word deur persone wat geensins enige kwalifikasie as sielkundige het nie.

Darling (1988:40) verklaar dat daar 'n tendens onder NLP-ers bestaan om soms die positiewe resultate wat met NLP bereik kan word, heeltemal te oordryf, wat dan ook uit die volgende aanhalings aangaande die NLP-model blyk:

- "We can reproduce the organization of experience so explicitly that anyone can acquire another's skill at performing a task as well as even his 'talent' for it. Those of us involved

in the study of strategies have not been able to find limits to their application" (Lankton, 1980:147).

- "Anchoring is ... straight conditioning. It constitutes, in my opinion, one of the most powerful tools that you can use as a therapist or as a communicator. It will get you almost everything" (Bandler & Grinder, 1979:85).
- "We claim that if any human can do anything, so you can. All you need is the intervention of a modeler who has the requisite sensory experience to observe what the talented person actually does - not their report - and then package it so that you can learn it" (Bandler & Grinder, 1979:36).

Uit die voorafgaande bespreking van die positiewe en negatiewe sienings van die NLP-model, wil dit blyk asof daar uiteenlopende sienings aangaande hierdie model gehuldig word.

### 5.4.4 Perspektiewe op navorsingsliteratuur aangaande die NLP-model

As verdere uitbreiding van die bespreking oor die positiewe en negatiewe aspekte van NLP word perspektiewe op navorsingsliteratuur aangaande NLP vervolgens verskaf. Alhoewel Angell (1996:499) beweer dat daar 'n betekenisvolle hoeveelheid navorsing oor die doeltreffendheid van NLP gedoen is, het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat die bevindings oor die geldigheid van NLP uiteenlopend en onoortuigend is en dat nog geen langtermynstudies oor die gevolge van behandelings waarin NLP toegepas is, uitgevoer is nie. Sommige navorsers kan geen ondersteuning vir die basiese NLP-konsepte en -tegnieke wat hulle getoets het, vind nie (vergelyk onder andere Elich, Thompson & Miller, 1985:624; Fromme & Daniell, 1984:390; Sharpley, 1987:106), terwyl ander bevind dat NLP-konsepte en -tegnieke doeltreffend aangewend kan word om 'n wye verskeidenheid probleme by kliënte op te los (Graunke & Roberts, 1985:529; Davis, 1990:69,76).

Christensen *et al.* (1990:526) het bevind dat die meerderheid studies (meer as 60%) wat oor die NLP-model uitgevoer is, nie hierdie model ondersteun nie. Sekere navorsers glo dat NLP ongegrond is, terwyl ander weer beweer dat navorsing oor NLP aan bande gelê word deur metodologiese beperkings wat dit oneffektief maak om die komplekse stel NLP-vaardighede in die dinamiese wisselwerking-konteks waarin dit voorkom, te evalueer. Die gebrek aan metodologiese navorsing oor NLP dui ook moontlik op die relatiewe nuutheid hiervan in die

menslike kommunikasie-tegnologie. Druckman en Swets (1988:143) kon egter min of geen empiriese bewyse vind wat die aannames en die effektiwiteit van NLP ondersteun nie.

Dilts en Green (1982:242) verklaar dat baie navorsers wat die NLP-model ondersoek, geneig is om sekere patrone daarvan te isoleer en dit as onafhanklike patrone te ondersoek. Om die bruikbaarheid van NLP te kan evalueer, is dit klaarblyklik nodig dat daar op al die aspekte daarvan as 'n geheel gekonsentreer word. Pasztor (1998:97) en Einspruch en Forman (1985:590-593) dui kortliks ses kategorieë van metodologiese foute aan wat begaan word in empiriese navorsing aangaande NLP:

- gebrek om patroonherkenningskonsepte te verstaan en onvoldoende beheer oor die konteks wat 'n belangrike rol speel in die bepaling van die betekenis sowel as die struktuur van enige kommunikasie;
- mislukking om die NLP-model as 'n benadering tot terapie te verstaan;
- mislukking om die NLP-"meta-model" van kommunikasie te verstaan;
- mislukking om die rol van die stimulus-respons-assosiasies in aanmerking te neem (volgens Dilts, Hallbom en Smith [1993:61] is ankers byvoorbeeld stimulus-respons-prosesse waar sekere eksterne stimuli met 'n interne toestand geassosieer word);
- onvoldoende opleiding van onderhoudvoerders en die aard van rapportskepping (goeie kontak) in terapeutiese verband; en
- logistiese foute.

Einspruch en Forman (1985:594) beweer dat NLP 'n komplekse model van menslike kognisie en gedrag is, asook 'n model van hoe gedrags- en kommunikasiepatrone geïdentifiseer kan word en hoe om hierdie patrone op 'n doelbewuste wyse te onderbreek om voorspelbare uitkomste te bereik. Vanweë die komplekse aard van NLP, word aanbeveel dat enige persoon wat 'n geldige studie van die NLP-model wil onderneem, eers uitgebreide opleiding in NLP moet ondergaan. Ter verbetering van navorsingsontwerpe aangaande NLP moet voornemende navorsers dus deeglik deur bevoegde NLP-praktisyns oor 'n redelike tyd opgelei word. Opleiding moet patroonherkenningsvaardighede insluit, asook 'n grondslag van die vooronderstellings van NLP om sodoende 'n voldoende raamwerk te verskaf om NLP as 'n terapeutiese benadering te verstaan.

Behalwe dat Einspruch en Forman (1985:589) verklaar dat sommige navorsers oor onvoldoende kennis aangaande die NLP-model beskik en metodologiese foute in hul ondersoeke begaan, blyk dit asof nog twee hoofredes aangevoer kan word waarom NLP moontlik nie deur sommige navorsers ondersteun word nie. Sharpley (1987:103) vat dan ook hierdie redes in die opskrif van sy artikel saam deur die vraag te vra, "Research findings on NLP: Nonsupportive data or an untestable theory?" In hierdie verband reageer Sharpley (1987:105) op Einspruch en Forman (1985:589-596) se bevindings waar hulle die resultate van 39 studies aangaande die NLP-model betwis en as rede aanvoer dat die navorsers nie die beginsels van NLP verstaan nie. Hy voer aan dat dit byna onmoontlik is dat nie een van hierdie studies uitgevoer is deur persone wat oor voldoende kennis van NLP beskik nie. Aangesien weinig van hierdie navorsers die NLP-model ondersteun, kan die geldigheid van NLP-konsepte dus eerder bevraagteken word. Tog voer Sharpley (1987:105) aan dat NLP nie noodwendig vanweë bogenoemde gereduseer moet word tot waardeloos vir die toepassing in terapeutiese sessies nie. Hy is van mening dat die vooronderstellings van NLP moontlik nie geskik is vir empiriese evaluasie nie en hy vergelyk hierdie model met die psigo-analise wat moeilik empiries geëvalueer kan word. Elke terapie hoef nie noodwendig die nougesette toetsing wat kenmerkend van die gedragswetenskaplike benaderings tot terapie is, te ondergaan nie. Tog bring die mislukking om data te vind wat 'n spesifieke teorie (na aanleiding van gekontroleerde studies) ondersteun mee dat die teorie bevraagteken sal word in terme van professionele toerekeningsvatbaarheid.

In Singer en Lalich (1996:174) verklaar 'n NLP-opleidingsinstituutdirekteur dat NLP-konsepte wel deeglik getoets is en op spesifieke bewyse gebaseer is wat die effektiwiteit daarvan bevestig. Tog kan die navorser nie hierdie bewyse in NLP-literatuur vind nie. Druckman en Swets (1988:148) het aan die einde van die tagtigerjare, na aanleiding van 'n uitgebreide ondersoek van die *National Academy of Science (USA)* onder andere die volgende aangaande die NLP-model bevind: "... the absence of any evaluation of the effectiveness of NLP and the lack of any scientific basis for it constitute serious reservations against using it for expert modeling purposes... The committee cannot recommend the employment of such invalidated technique".

Vervolgens word kritiek op perspektiewe van enkele belangrike NLP-konsepte, soos dit na aanleiding van NLP-navorsingsliteratuur blyk, gelewer.

### 5.4.4.1 Voorstellingsisteme

Die NLP-term *voorstellingsisteem* het ontstaan as gevolg van die feit dat die mens inligting hoofsaaklik visueel, ouditief en kinesteties *voorstel* (Falzett, 1981:305). In hierdie verband beklemtoon Bester *et al.* (2000:53) dat die mens 'n geïntegreerde wese is en bevind hulle in hul studie aangaande die meting van voorstellingsisteme dat daar tydens kommunikasie en beïnvloeding aan alle voorstellingsisteme aandag gegee moet word. Wilbur en Roberts-Wilbur (1987:875) verklaar dat elke persoon van voorstellingsisteme gebruik maak om innerlike voorstellings van die wêreld te bou, om inligting te verwerk en om gedrag te lei. In 'n studie oor voorstellingsisteme het Wilbur en Roberts-Wilbur (1987:884) tot die gevolgtrekking gekom dat voorstellingsisteme wel bestaan en dat voorstellingsisteme objektief gekategoriseer kan word in die verskillende wyses waarop inligting ontvang word. Hierteenoor verwerp Dorn (1983:154) die algehele bestaan van voorstellingsisteme.

Alhoewel mense al hulle sintuie gebruik, voer Alder (1997:48) aan dat die meeste mense 'n primêre voorstellingsisteem besit, wat meer as enige ander sisteem gebruik word om hul ervarings in sekere situasies te organiseer. Hossack en Standidge (1993:266) beweer dat effektiewe kommunikasie en vertroue tussen kliënt en sielkundige bevorder kan word indien die sielkundige die primêre voorstellingsisteem van die kliënt kan aflei en in terapie daarby kan aanpas. Vanuit 'n psigo-opvoedkundige perspektief verklaar Helm (1989:255) dat onderwysers ook moet bepaal of hulle leerders oorwegend die visuele, ouditiewe of kinestetiese kommunikasie- of leermodaliteit gebruik en hulle dan dienooreenkomstig in groepe verdeel.

Daar bestaan ook nie eenstemmigheid oor die NLP-siening van 'n primêre voorstellingsisteem nie. Na aanleiding van 'n studie aangaande die primêre voorstellingsisteem bevestig Falzett (1981:308) dat die primêre voorstellingsisteemmodel daartoe lei dat sielkundiges hul kliënte beter verstaan en dat die vertrouensverhouding in die terapeutiese situasie bevorder word deur by kliënte se primêre voorstellingsisteme aan te pas. In hierdie verband kon Lichtenberg en Moffitt (1994:547), volgens die resultate in hul studie, slegs minimale steun vind vir die feit dat, wanneer twee gespreksgenote se primêre voorstellingsisteeme dieselfde is, dit die begrip tussen hulle bevorder. Dorn (1983:154) kon glad nie die bestaan van 'n primêre voorstellingsisteem by proefpersone identifiseer nie. Coe en Scharcoff (1985:315) kon ook nie ondersteuning vir die NLP-aanname vind dat mense inligting van 'n sensoriese modaliteit

waaraan hulle voorkeur gee (primêre voorstellingsisteem), gebruik om hul sienings van die wêreld saam te stel nie. Na aanleiding van die bestudering van 44 navorsingsartikels aangaande NLP in die tagtigerjare, som Sharpley (1987:105) in sy bevindings die algemene siening aangaande die primêre voorstellingsisteem soos volg op:

- daar bestaan nie werklik betroubare metodes om die primêre voorstellingsisteem deeglik te assesseer nie;
- wanneer die primêre voorstellingsisteem egter wel geassesseer kan word, blyk dit dat dit nie konsekwent is nie;
- daarom bestaan daar nie werklik sekerheid of die primêre voorstellingsisteem wel bestaan nie; en
- die aanpassing van sielkundiges by kliënte se primêre voorstellingsisteme blyk nie vir sielkundiges van betekenisvolle waarde te wees nie.

Steyn (1999:121) oefen kritiek uit ten opsigte van bogenoemde deur te verklaar dat daar in NLP gekonsentreer word op die mens as 'n perseptuele wese deurdat persepsies gedefinieer word in terme van visuele, ouditiewe en kinestetiese sisteme. Die definiëring van persepsies in hierdie sisteme lei egter tot die reduksionisme van die mens tot 'n perseptuele wese. Vanuit 'n Christelike siening kan die navorser aanvoer dat mense egter as 'n geheel funksioneer en geensins gereduseer kan word tot perseptuele wesens nie.

**5.4.4.2 Predikate en oogbewegings as toegangsaanduidings**

Die NLP-model gaan van die vooronderstelling uit dat persone se primêre voorstellingsisteme onbewustelik op subtiele wyses deur hulle verbale (predikate) en nie-verbale (byvoorbeeld oogbewegings) gedrag weerspieël word. NLP-ers glo dat deurdat persone se oogbewegings onder andere waargeneem word, onmiddellik afgelei kan word watter voorstellingsisteem hulle op 'n spesifieke tydstip gebruik (House, 1994:64).

Elich *et al.* (1985:622) kon egter geen verband tussen die primêre voorstellingsisteem van persone en hulle oogbewegings of woordgebruik vind nie. Daarenteen bevind Falzett (1981:308) dat oogbewegings 'n betroubare aanduiding van kliënte se primêre voorstellingsisteme blyk te wees, maar dat predikate misleidend kan wees. Graunke en Roberts (1985:529) kom weer tot die gevolgtrekking dat die predikate wat 'n persoon gebruik wel die betrokke voorstellingsisteem weerspieël. Yapko (1981:174) bevind dat

kommunikasie bevorder word wanneer die sielkundige tydens terapie die kliënt se primêre voorstellingsisteempredikate identifiseer en daarby aanpas. Volgens Mills en Crowley (1986:129) is dit ook noodsaaklik en betekenisvol om die oogbewegings van kinders wat hul probleme tydens terapie bespreek, waar te neem. Hiervolgens sal kinders se oë in die verskillende rigtings beweeg (volgens die NLP-siening van oogbewegings) wanneer hulle praat, wat dan die sensoriese kanale waarvan hulle op daardie stadium gebruik maak, voorstel (vergelyk Mills & Crowley, 1986:112-115 vir besonderhede oor 'n gevallestudie hieromtrent).

In die tagtigerjare is baie studies uitgevoer om die geldigheid van die NLP-aanspraak aangaande oogbewegings te ondersoek. Die meeste van hierdie studies kon nie die NLP-siening van oogbewegings staaf nie (vergelyk Baddeley & Predebon, 1991:5 vir 'n opsommende tabel aangaande hierdie studies). Volgens Bradley en Biederman (1985:61,62) het Bandler en Grinder geweier om die behoefte aan empiriese navorsing aangaande NLP te erken. Hulle het van die standpunt uitgegaan dat hulle nie geïnteresseerd is in die ontdekking van die waarheid nie, maar net in dít wat "werk". Bandler en Grinder het alleenlik persoonlike getuienis aangaande die effektiwiteit van hul teorie gegee, maar geen empiriese bewyse daarvoor gelewer nie. Op hierdie stadium wil dit blyk asof daar oor die algemeen 'n groot gaping tussen die aansprake van NLP-aanhangers en navorsingsbevindings bestaan.

**5.4.4.3 Samevattende perspektiewe**

Ten spyte van hierdie algemene onsekerheid aangaande die waarde van die NLP-model, glo Emerick (1999:40) egter steeds onwrikbaar dat NLP ontsaglik baie moontlikhede bied waarvan die waarde nie besef word nie: "Consider the great promise of, 'if one person can do it, then another person can too ... and we can learn how it's done and teach others to do it too'. How many amazing behaviors are just waiting for us to come explore?"

Dilts en Green (1982:242) verdedig die feit dat daar weinig ondersteuning vir die NLP-model gevind kan word deur te verklaar dat NLP gemoeid is met die identifisering en gebruikmaking van gedragspatrone en dat statistiese bewyse as onnodig beskou word. Alhoewel bogenoemde moontlik waar is, kan die navorser aanvoer dat byvoorbeeld sielkundiges wat goed in NLP opgelei is, niks kan verloor deur geldige bewyse te lewer om hul bewerings dat NLP effektief in terapie aangewend kan word, te staaf nie. Om hierdie saak te ignoreer, sal slegs die

suspisie bevestig dat NLP nie as psigoterapeutiese model, maar ook op ander terreine, bruikbaar is nie.

In die tagtigerjare het Elich *et al.* (1985:625) NLP afgemaak as nog 'n sielkundige "gier" wat baie vinnig deur 'n volgende sielkundige "gier" vervang sal word. Tog blyk dit nou, 16 jaar nadat bogenoemde uitspraak gemaak is, asof NLP steeds in die terapeutiese konteks en ook op ander terreine aangewend word. Elich *et al.* (1985:625) maak ook die uitspraak dat daar geen klinkklare bewyse is dat NLP 'n effektiewe psigoterapeutiese model is nie. Vandag blyk dit steeds asof daar onsekerheid bestaan oor die geldigheid van NLP-konsepte en -tegnieke. Samevattend kan verklaar word dat die meeste studies aangaande NLP moontlik nie omvangryk genoeg is om wetenskaplike bewyse vir hierdie model te verskaf nie. Hierdie studies verskaf alleenlik rede vir verdere navorsing aangaande die NLP-model. Die situasie bly dus onveranderd soos Einspruch en Forman (1985:590) dit opgesom het na aanleiding van 'n oorsig oor navorsing rakende die NLP-model, "... many skilled NLP practitioners have a wealth of clinical data indicating that this model is highly effective. Clearly these practitioners would provide a service to the field by presenting their data in the literature so they may be critically evaluated".

## 5.5 GEVOLGTREKKINGS

Na aanleiding van die bespreking van die onderliggende strominge aan die NLP-model, is bevind dat NLP in die gees van die *New Age*-beweging ontstaan het en gevolglik daarmee verband hou. Voortspruitend hieruit wil dit blyk asof die NLP-model na sy oorsprong humanisties van aard is, wat inhou dat mense ook hier as sentraal gesien word en in staat is om hulself te verlos. Tipies humanisties, gaan die NLP-model byvoorbeeld van die vooronderstelling uit dat alles vir die mens moontlik is. Vanuit 'n Christelike oogpunt is hierdie NLP-standpunt heeltemal onaanvaarbaar, aangesien die mens slegs beperkte mag en krag het in verhouding tot God se almagtigheid.

Vanuit 'n psigo-opvoedkundige Christelike standpunt is bevind dat NLP-kommunikasietegnieke moontlik met herinterpretasie op kinders in terapie en in skole toegepas kan word, maar dat NLP-esoteriese tegnieke nie veilig blyk te wees. Alhoewel laasgenoemde heeltemal onaanvaarbaar vir Christene in hulle bemoeienis met die kind blyk te wees en dus heeltemal verwerp behoort te word, word aanbeveel dat ook sommige NLP-

kommunikasietegnieke krities benader en vanuit 'n Christelike mensbeskouing herbedink moet word (aangesien dit tot 'n mate as manipulerend beskou kan word).

Weens die feit dat baie navorsers die geldigheid van belangrike NLP-konsepte waarop die NLP-model berus, bevraagteken, kan in hierdie navorsing tot die gevolgtrekking gekom word dat die NLP-model in totaliteit met groot omsigtigheid hanteer moet word. Daar word aanbeveel dat navorsers die groot behoefte aangaande objektiewe verantwoordbare wetenskaplike navorsing aangaande die NLP-model moet aanspreek. Voordat hierdie behoefte nie bevredigend vanuit 'n Christelike perspektief vervul is nie, kan die NLP-model nie met absolute veiligheid in die Suid-Afrikaanse psigo-opvoedkundige konteks toegepas word nie.

## 5.6 SAMEVATTING

Vanweë die skynbare teenstrydighede en onoortuigende resultate aangaande die toepassingswaarde en geldigheid van die NLP-model, is die navorser dus geneig om saam met verskeie outeurs (wat oor 'n lang periode reeds die behoefte uitspreek) te stem dat verdere wetenskaplik-verantwoordbare navorsing aangaande die NLP-model gedoen moet word om onderliggende aannames en konsepte van NLP te toets (Coe en Scharcoff, 1985:316; Pasztor, 1998:90; Sandhu, Reeves & Portes, 1993:115; Sharpley, 1987:105). Hoewel perspektiewe op reeds bestaande NLP-navorsingliteratuur verskaf kon word, kon in hierdie psigo-opvoedkundige studie min of geen klinkklare wetenskaplike bewyse vir die positiewe toepassingswaarde van die NLP-model op kinders in terapie en in skole gevind word nie. Baie skrywers verskaf net blote bewerings aangaande die positiewe toepassingsmoontlikhede van die NLP-model sonder om wetenskaplike bewyse daarvoor te lewer.

## BIBLIOGRAFIE

Alder, H. 1997. *Neuro-linguistic Programming: The new art and science of getting what you want.* Reprinted. London: Judy Piatkus Publishers.

Andreas, S. & Andreas, C. 1992. Neuro-linguistic Programming. In: Budman, S.H., Hoyt, M.F. & Friedman, S. (Eds). *The first session in brief therapy.* London: The Guilford Press.

Angell, B.G. 1996. Neurolinguistic Programming theory and social work treatment. In: Turner, F.J. (Ed.). *Social work treatment: Interlocking theoretical approaches.* New York, NY: The Free Press.

Baddeley, M.B. & Predebon, J. 1991. "Do the eyes have it?" A test of Neurolinguistic Programming's eye-movement hypothesis. *The Australian Journal of Clinical Hypnotherapy and Hypnosis*, 12(1):1-23.

Bandler, R. & Grinder, J. 1975. *The structure of magic, Volume I: A book about language and therapy*. Palo Alto, CA: Science and Behaviour Books.

Bandler, R. & Grinder, J. 1979. *Frogs into princes: Neuro-linguistic Programming*. Moab, UT: Real People Press.

Beaver, R. 1989. Neuro-linguistic Programming as practised by an educational psychologist. *Educational Psychology in Practice*, 5(2):87-90.

Bester, P.C., Nainaar, K. & Roodt, G. 2000. Die meting van Neuro-linguïstiese Programmering se verteenwoordigende stelsels: 'n Eksploratiewe studie. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde*, 26(1):46-54.

Blackerby, D.A. 1996. *Rediscover the joy of learning*. Oklahoma City, OK: Success Skills, Inc.

Bodenhamer, B.G. & Hall, L..M. 1999. *The user's manual for the brain: The complete manual for Neuro-linguistic Programming practitioner certificate*. Revised edition. Wales, United Kingdom: Crown House Publishing Limited.

Bradley, E.J. & Biedermann, H. 1985. Bandler and Grinder's Neurolinguistic Programming: Its historical context and contribution. *Psychotherapy*, 22(1):59-62.

Childers, J.H. 1989. Looking at yourself through loving eyes. *Elementary School Guidance and Counseling*, 23:204-209.

Christensen, J.F., Levinson, W. & Grinder, M. 1990. Applications of Neurolinguistic Programming to medicine. *Journal of General Internal Medicine*, 5:522-527.

Coe, W.C. & Scharcoff, J.A. 1985. An empirical evaluation of the Neurolinguistic Programming model. *The International Journal of Clinical and Experimental Hypnosis*, 33(4):310-318.

Darling, M. 1988. A second look at NLP. *Training*, 25:38-42.

Davis, D.I. 1990. Neuro-linguistic Programming and the family in alcoholism treatment. In: Sterman, C.M. (Ed.). *Neuro-linguistic Programming in alcoholism treatment*. London: The Haworth Press.

Derks, L. & Hollander, J. 2000. *Essenties van NLP: Sleutels tot persoonlijke verandering*. Vijfde druk. Utrecht: Servire.

Die Bybel. 1987. *Nuwe vertaling*. Derde uitgawe. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

Dilts, R.B. & Green, J.D. 1982. Applications of Neuro-linguistic Programming in family therapy. In: Horne, A.M. & Ohlse, M.M. *Family counseling and therapy*. Itasca, IL: F.E. Peacock Publishers.

Dilts, R., Hallbom, T. & Smith, S. 1993. *Beliefs: Pathways to health & well-being*. Sixth printing. Portland, OR: Metamorphous Press.

Dorn, F.J. 1983. Assessing primary representational system (PRS) preference for Neurolinguistic Programming (NLP) using three Methods. *Counselor Education and Supervision*, 23(2):149-156.

Druckman, D. & Swets, J.A. 1988. *Enhancing human performance: Issues, theories and techniques*. Washington, D.C.: National Academic Press.

Einspruch, E.L. & Forman, B.D. 1985. Observations concerning literature on Neuro-linguistic Programming. *Journal of Counseling Psychology*, 32(4):589-596.

Elich, M., Thompson, R.W. & Miller, L. 1985. Mental imagery as revealed by eye movements and spoken predicates: A test of Neurolinguistic Programming. *Journal of Counseling Psychology*, 32(4):622-625.

Emerick, J.J. 1999. What is NLP? A very important question. *NLP World: The Intercultural Journal on the Theory and Practice of Neuro-linguistic Programming*, 6(2):20-40.

Falzett, W.C. 1981. Matched versus unmatched primary representational systems and their relationship to perceived trustworthiness in a counseling analogue. *Journal of Counselling & Development*, 28(4):305-308.

Fordham, F. 1956. *An introduction to Jung's psychology*. Reprinted with revisions. Toronto: Penguin Books.

Fromme, D.K. & Daniell, J. 1984. Neurolinguistic Programming examined: Imagery, sensory mode, and communication. *Journal of Counseling Psychology*, 31(3):387-390.

Graunke, B. & Roberts, T.K. 1985. Neurolinguistic Programming: The impact of imagery tasks on sensory predicate usage. *Journal of Counseling Psychology*, 32(4):525-530.

Grinder, J. & Bandler, R. 1976. *The structure of magic, Volume II.* Palo Alto, CA: Science and Behaviour.

Hall, L.M. 1996. *The spirit of NLP: The process, meaning and criteria for mastering NLP.* Wales, United Kingdom: Crown House Publishers.

Hall, L.M., Penaylillo, N., Bodenheimer, B.G. & Kean, P.F. 1997. *Dealing with the downside of NLP.* [Online]. Available url: http://www.neurosemantics.com/Articles/DownsideOfNLP.htm [Date of access: 15 January 2001].

Heelas, P. 1997. *The New Age movement: The celebration of the self and the sacralization of modernity.* Reprinted. Malden, MA: Blackwell Publishers.

Helm, D.J. 1989. The wagon train to the stars: It's time to "jump start" learning through NLP. *Education*, 110(2):254-256.

Helm, D.J. 1994. Neuro-linguistic Programming: Establishing rapport between school administrators and students, staff, and community. *Education*, 114(4):625-627.

Hossack, A. & Standidge, K. 1993. Using an imagery scrapbook for Neurolinguistic Programming in the aftermath of a clinical depression: A case history. *The Gerontologist*, 33(2):265-268.

House, S. 1994. Blending NLP representational systems with the RT counseling environment. *Journal of Reality Therapy*, 14(1):61-65.

James, T. & Woodsmall, W. 1988. *Time line therapy and the basis of personality.* Cupertino, CA: Meta Publications.

Jonas, H. 1992. *The gnostic religion: The message of the alien God and the beginnings of Christianity.* Second, revised edition. London: Routledge.

Jung, C.G. 1954. *The collected works of C.G. Jung: The development of personality, Vol. 17.* Second printing, with corrections. Translated by Hull, R.F.C. London: Routledge & Kegan Paul Limited.

Kamp, D. 1996. *The excellent trainer. Putting NLP to work.* Hampshire: Gower Publishing Company.

Knight, S. 1996. *NLP at work: The difference that makes a difference in business.* Reprinted. London: Nicholas Brealey Publishing.

Kruger, J.A. 1999. *NLP practitioner certificate program.* Unpublished guide for workshops.

Lankton, S.R. 1980. *Practical magic: A translation of basic Neuro-linguistic Programming into clinical psychotherapy.* Cupertino, CA: Meta Publications.

Lichtenberg, J.W. & Moffitt, W.A. 1994. The effect of predicate matching on perceived understanding and factual recall. *Journal of Counselling & Development*, 72(5):544-548.

Matzken, R.H. 1993. *Charisma uit die diepte: Oorzaken en gevolgen van het moderne pastoraat.* Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

Matzken, R.H. 1996. *Neuro-linguïstisch Programmeren in Bijbels perspectief.* Leiden: Uitgeverij J.J. Groen en Zoon.

Mercier, M.A. & Johnson, M. 1984. Representational system predicate use and convergence in counseling: Gloria revisited. *Journal of Counseling Psychology*, 31(2):161-168.

Mills, J.C. & Crowley, R. 1986. *Therapeutic metaphors for children and the child within.* New York, NY: Brunner/Mazel Publishers.

Ouweneel, W.J. 1992. *Paranormale, okkulte en demoniese verskynsels.* Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, Reeks F1, no. 293. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

Pasztor, A. 1998. Subjective experience divided and conquered. *Communication & Cognition*, 31(1):73-102.

Sandhu, D.S, Reeves, T.G & Portes, P.R. 1993. Cross-cultural counseling and neurolinguistic mirroring with native American adolescents. *Journal of Multicultural Counseling and Development*, 21(2):106-118.

Sharpley, C.F. 1987. Research findings on Neurolinguistic Programming: Nonsupportive data or an untestable theory? *Journal of Counseling Psychology*, 34(1):103-107.

Singer, M.T. & Lalich, J. 1996. *"Crazy" therapies. What are they? Do they work?* San Francisco, CA: Jossey-Bass Publishers.

Smit, J.H. 1971. 'n Krities-wysgerige ondersoek van die dieptesielkunde, Volume 1. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Steyn, J. 1994. *Die New Age-beweging in die onderwys.* Post-doktorale Navorsingsverslag. Vanderbijlpark: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Steyn, J. 1995. *Neuro-linguistic Programming: Revelation or fallacy.* Paper presented at the Edufuturum Conference, Bloemfontein: UOFS.

Steyn, J. 1999. A critical analysis of Neuro-linguistic Programming in the classroom. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 35(1-2):113-124.

Van Niekerk, L. & Meier, C. 1994. Die invloed van die *New Age*-beweging op die onderwysagenda van die toekoms. *Koers*, 59(1):69-84.

Van Wersch, S. 1990. *De gnostisch-occulte vloedgolf van Simon de Tovenaar tot New Age, een kritische beoordeling.* Amsterdam: J.H. Kok & Kampen.

Van Wyk, J.H. 1985. *Strominge in die opvoedingsteorie: Enkele kosmosentriese opvoedings- en opvoedkundebeskouings.* Hersiene uitgawe. Versamel deur J.L. van der Walt. Durban: Butterworth-Uitgewers Beperk.

Venter, J.J. 1990. 'n Filosofiese perspektief op die *New Age*-beweging. In: Van der Walt, B.J., Fowler, S. & Venter, J.J. *Die "New Age"-beweging.* Reeks F1, no. 273/274:51-79. Potchefstroom: IRS.

Waldheim, G.P. 1987. Understanding how students understand: A prerequisite to planning effective teaching-learning methods. *Engineering Education*, February:306-308.

Wilbur, M.P. & Roberts-Wilbur, J. 1987. Categorizing sensory reception in four modes: Support for representational systems. *Perceptual and Motor Skills*, 64:875-886.

Winter, D.A. 1996. The constructivist paradigm. In: Woolfe, R. & Dryden, W. (Eds). *Handbook of counselling psychology*. Thousand Oaks, CA: SAGE Publications.

Woerner, J.J. & Stonehouse, H.B. 1988. The use of the Neurolinguistic Programming model for learning success. *School Science and Mathematics*, 88(6):516-524.

Yapko, M.D. 1981. The effect of matching primary representational system predicates on hypnotic relaxation. *The American Journal of Clinical Hypnosis*, 23(3):169-175.

Yeager, J. 1985. *Thinking about thinking with NLP*. Cupertino, CA: Meta Publications.

Zastrow, C. 1992. *The practice of social work*. Fourth edition. Belmont, CA: Wadsworth Publishing Company.

Zastrow, C., Dotson, V. & Koch, M. 1987. The Neuro-linguistic Programming treatment approach. *Journal of Independent Social Work*, 1(1):29-38.

# Bylae A

Leon Roodtstraat 6
Universitasrif
Bloemfontein 9301
6 Februarie 2001

Geagte Respondent

**NAVORSING TEN OPSIGTE VAN NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING (NLP) AS PSIGOTERAPEUTIESE MODEL IN SUID-AFRIKA**

Ek is tans besig met navorsing oor bogenoemde onderwerp vir doeleindes van 'n Ph.D.-graad aan die Universiteit van die Vrystaat onder promotorskap van prof. Johann du Plooy (Departement: Psigo-Opvoedkunde). Alhoewel die Neuro-linguïstiese Programmeringsmodel (NLP-model) moontlik nog 'n relatief onbekende verskynsel in Suid-Afrika is, blyk dit uit verskeie bronne dat NLP reeds deur veral Suid-Afrikaanse psigoterapeute in terapeutiese sessies aangewend word. Die hoofdoel van hierdie navorsing is dus om eerstens ondersoek in te stel na die algemene bekendheid van NLP as psigoterapeutiese model in Suid-Afrika, asook tweedens of u NLP in u terapie aanwend en in welke mate u NLP in u terapie met volwassenes en/of kinders toepas. Aangesien NLP 'n nuwe psigoterapeutiese benadering in Suid-Afrika verteenwoordig, is dit nodig dat dit deur plaaslike navorsers verken, verklaar, beskryf en beoordeel word. Aanbevelings wat uit die navorsing spruit, kan vir psigoterapeute van waarde wees sodat aanpassings, indien nodig, gemaak kan word. Sodoende kan die relevansie van die NLP-model vir die Suid-Afrikaanse psigoterapeutiese konteks verseker word.

U is as geregistreerde lid van die Suid-Afrikaanse Beroepsraad vir Sielkundiges deur middel van ewekansige steekproefneming geselekteer om aan hierdie navorsing deel te neem. Ek sal dit hoog op prys stel indien u my met hierdie navorsing kan help deur die meegaande vraelys te voltooi en onverwyld, voor **15 Maart 2001**, in die geadresseerde gefrankeerde koevert (hierby ingesluit) aan my terug te stuur. Die voltooiing van die vraelys behoort nie meer as 30 minute van u tyd in beslag te neem nie. Die inligting sal streng vertroulik en anoniem hanteer word. Aangesien u as psigoterapeut ook sal baat vind by hierdie studie, is dit van die allergrootste belang dat u hieraan deelneem. Ek hoop om in goedgekeurde sielkunde- en opvoedkundige tydskrifte oor hierdie navorsing verslag te doen.

By voorbaat dankie vir u samewerking en bereidwilligheid om my in hierdie ondersoek behulpsaam te wees.

Vriendelike groete
Die uwe

Me Carna Vorster
Tel: 051-4461559 (H)
051-4442684 (W)
E-pos adres: carna@xsinet.co.za

Prof. Johann du Plooy (promotor)
Tel: 401-2954 (W)
E-pos: duPlooyJ@OPV.UOVS.ac.za

6 Leon Roodt Street
Universitasrif
Bloemfontein 9301
6 February 2001

Dear Respondent

**RESEARCH IN RESPECT OF NEURO-LINGUISTIC PROGRAMMING (NLP) IN SOUTH AFRICA AS PSYCHO-THERAPEUTIC MODEL**

I am currently doing research with regard to the above-mentioned topic aimed at a Ph.D. degree at the University of the Free State. My promoter is Prof. Johann du Plooy (Department of Psycho-Education). Although the Neuro-linguistic Programming Model (NLP model) still is a relatively unfamiliar phenomenon in South Africa, it does seem, from various sources, that it is used, especially by South African psychotherapists in therapeutic sessions. The main aim of this research thus is to investigate, in the first place, how well-known the NLP is as psychotherapeutic model in South Africa, and, in the second instance, to determine whether you use NLP in your therapy, as well as the extent to which you use the model for adults and/or children. As NLP represents a new psycho-therapeutic approach in South Africa, it is necessary that local researchers should investigate, explain, describe and assess the model. Recommendations emanating from the research may be of value to psychotherapists, in order for them to make adjustments, if required. Thus the relevance of the NLP model in the South African context can be ensured.

As registered member of the South African Professional Council for Psychologists you have been selected by means of random selection to participate in this investigation. I shall appreciate it highly if you would be willing to assist me in this survey by completing the enclosed questionnaire and sending it back immediately in the enclosed addressed, stamped envelope to reach me before **15 March 2001**. Completing the questionnaire should not take up more than thirty minutes of your time. The information will be treated strictly confidentially and anonymously. As you as psycho-therapist will also gain by this study, it is of utmost importance that you participate. I hope to eventually report on the research in accredited psychology and educational journals.

Thank you in anticipation for your willingness to support me in this study.

Yours sincerely

Ms Carna Vorster
Tel: 051-4461559 (H)
051-4442684 (W)
E-mail: carna@xsinet.co.za

Prof Johann du Plooy (promoter)
Tel: 401-2954 (W)
E-mail: duPlooyJ@OPV.UOVS.ac.za

**Vir amptelike gebruik / *For office use***

Kaart / *Card* 1

| | | |
|---|---|---|
| | | |
| 1 | 2 | 3 |

# VRAELYS AANGAANDE NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING (NLP) AS PSIGOTERAPEUTIESE MODEL / *QUESTIONAIRRE CONCERNING NEURO-LINGUISITC PROGRAMMING (NLP) AS PSYCHOTHERAPEUTIC MODEL*:

**RIGLYNE VIR DIE INVUL VAN DIE VRAELYS / *GUIDELINESS FOR COMPLETION OF QUESTIONNAIRE***

Voltooi vrae in Afdelings A en B, maar voltooi slegs Afdeling C indien u bekend is met Neuro-linguïstiese Programmering. Merk met 'n X waar van toepassing in blokkies. / *Complete questions in Sections A and B, but only complete Section C if you are familiar with Neuro-linguistic programming (NLP). Mark with an X in applicable box.*

**AFDELING A - BIOGRAFIESE INLIGTING / *SECTION A - BIOGRAPHICAL INFORMATION*:**

Hierdie afdeling handel oor algemene besonderhede van respondente. Merk asseblief soos aangedui: / *This section deals with general information of respondents. Please indicate:*

1. Geslag / *Gender*:

| | |
|---|---|
| 1.1 Manlik / *Male* | |
| 1.2 Vroulik / *Female* | |

4

2. Wat is u huidige ouderdom? / *What is your present age?*

| | |
|---|---|
| 2.1 20 – 30 jaar / *years* | |
| 2.2 31 – 40 jaar / *years* | |
| 2.3 41 – 50 jaar / *years* | |
| 2.4 51 – 60 jaar / *years* | |
| 2.5 61 jaar + / *years* + | |

5

3. Wat is u huistaal? / *What is your home language?*

| | |
|---|---|
| 3.1 Afrikaans / *Afrikaans* | |
| 3.2 Engels / *English* | |
| 3.3 Venda | |
| 3.4 Xhosa | |
| 3.5 Tswana | |
| 3.6 Zulu | |
| 3.7 Sotho | |
| 3.8 Tsonga | |
| 3.9 Ndebele | |
| 3.10 Swati | |
| 3.11 Pedi | |
| 3.12 Ander / *Other* | |
| 3.13 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

6 7

4. Dui u kerkverband aan. / *Indicate your religious denomination.*

| | |
|---|---|
| 4.1 Een van die Susterskerke (Nederduits-Gereformeerde, Gereformeerde of Nederduits-Hervormde Kerk / *One of the Sister churches (Dutch Reformed, Reformed or Dutch Reformed Church)* | |
| 4.2 Rooms-Katolieke Kerk / *Roman Catholic Church* | |
| 4.3 Ander / *Other* | |
| 4.4 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

8 9

5. In watter stad/dorp woon u? / *In which city/town do you live?* ____________________

10 11 12

6. In watter streek (provinsie) woon u? / *In which region (province) do you live?*

| | |
|---|---|
| 6.1 Gauteng / *Gauteng* | |
| 6.2 Noordelike Provinsie / *Northern Province* | |
| 6.3 Mpumalanga / *Mpumalanga* | |
| 6.4 Kwa-Zulu Natal / *Kwa-Zulu Natal* | |
| 6.5 Oos-Kaap / *Eastern Cape* | |
| 6.6 Wes-Kaap / *Western Cape* | |
| 6.7 Noord-Kaap / *Northern Cape* | |
| 6.8 Noordwestelike Provinsie / *Northwestern Province* | |
| 6.9 Vrystaat / *Free State* | |

13

7. Dui u hoogste akademiese kwalifikasie aan. / *Indicate your highest academic qualification.*

| | |
|---|---|
| 7.1 Meestersgraad / *Master's* Degree | |
| 7.2 Doktorsgraad / *Doctorate* | |
| 7.3 Ander / *Other* | |
| 7.4 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

14 15

8. By watter universiteit het u u hoogste akademiese kwalifikasie behaal? / *At which university did you achieve your highest qualification?* ____________________

16 17

9. By watter geakkrediteerde opleidingsinstansie het u u internskap gedoen? / *At which accredited training institution did you do your internship?* ____________________

18 19 20

10. Hoeveel jare psigoterapeutiese ondervinding het u? / *How many years of psychotherapeutic experience do you have?*

| | |
|---|---|
| 10.1 geen / *none* | |
| 10.2 1 - 3 jaar / *years* | |
| 10.3 4 - 8 jaar / *years* | |
| 10.4 9 – 13 jaar / *years* | |
| 10.5 14 – 18 jaar / *years* | |
| 10.6 19 – 23 jaar / *years* | |
| 10.7 24 – 28 jaar / *years* | |
| 10.8 29 - 33 jaar / *years* | |
| 10.9 34 jaar + / *years* + | |

21

11. Dui aan in watter kategorie u by die Suid-Afrikaanse Beroepsraad vir Sielkundiges geregistreer is. / *Indicate in which category you are registered with the Professional Council of Psychologists of South Africa.*

| | |
|---|---|
| 11.1 Opvoedkundige sielkundige / *Educational psychologist* | |
| 11.2 Kliniese sielkundige / *Clinical psychologist* | |
| 11.3 Voorligtingsielkundige / *Counselling psychologist* | |
| 11.4 Bedryfsielkundige / *Industrial psychologist* | |
| 11.5 Navorsingsielkundige / *Research psychologist* | |
| 11.6 Ander / *Other* | |
| 11.7 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

22 23

12. Bly u op die hoogte van die nuutste verwikkelinge in u professie? / *Do you keep yourself up to date with the newest developments in your profession?*

| | |
|---|---|
| 12.1 Ja / *Yes* | |
| 12.2 Nee / *No* | |

24

13. Indien "Ja" by vraag 12, op watter wyse(s)? (Indien "Nee" by vraag 12, laat hierdie vraag uit) / *If "Yes" to question 12, how? (If "No" to question 12, leave this question)*

| | |
|---|---|
| 13.1 Verdere akademiese opleiding / *Further academic training* | |
| 13.2 Indiensopleidingskursusse en –seminare / *In-service training and seminars* | |
| 13.3 Internet, vaktydskrifte, boeke en kollegas / *Internet, professional journals, books and colleques* | |
| 13.4 Ander / *Other* | |
| 13.5 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

25-34

**AFDELING B - ALGEMENE BEKENDHEID MET NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING /**
***SECTION B - GENERAL ACQUAINTANCE WITH NEURO-LINGUISTIC PROGRAMMING*:**

1. Merk die stelling wat u algemene bekendheid met Neuro-linguïstiese Programmering die beste verduidelik. / *Indicate the statement that explains your acquaintance with Neuro-linguistic Programming best.*

| | |
|---|---|
| 1.1 Ek is bekend met Neuro-linguïstiese Programmering, weet presies wat dit behels en pas dit in my terapie toe / *I am familiar with Neuro-linguistic Programming, know exactly what it includes and use it in my therapy* | |
| 1.2 Ek is bekend met Neuro-linguïstiese Programmering en weet presies wat dit behels, maar maak nie daarvan in my terapie gebruik nie / *I am familiar with Neuro-linguistic Programming, know exactly what it includes, but do not make use of it in my therapy* | |
| 1.3 Ek het bloot nog net gehoor van Neuro-linguïstiese Programmering, maar weet nie werklik wat dit behels nie / *I've only heard about Neuro-linguistic Programming, but do not actually know what it entails* | |
| 1.4 Ek het nog nooit van Neuro-linguïstiese Programmering gehoor nie en is heeltemal onbekend daarmee / *I've never heard of Neuro-linguistic Programming and am not familiar with it* | |
| 1.5 Ander / *Other* | |
| 1.6 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

35 36

2. Indien u bekend is met Neuro-linguïstiese Programmering, waar het u daarmee kennis gemaak? (Indien onbekend met NLP, laat vraag 2 uit en vul vraag 3 in) / *If you are familiar with Neuro-linguistic Programming, where did you learn about it? (If unfamiliar with NLP, leave question 2 and fill in question 3)*

| | |
|---|---|
| 2.1 Universiteit tydens studies / *University when studied* | |
| 2.2 NLP-opleidingseminare en –kursusse / *NLP training seminars and courses* | |
| 2.3 Kollegas / *Colleagues* | |
| 2.4 Boeke, artikels of advertensies rakende Neuro-linguïstiese Programmering / *Books, articles or advertisements on Neuro-linguistic Programming* | |
| 2.5 Ander / *Other* | |
| 2.6 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

37-48

3. Indien u onbekend met Neuro-linguïstiese Programmering is, kies **een** van die volgende redes waarom u onbekend is daarmee. (Laat uit indien u vraag 2 voltooi het) / *If unfamiliar with Neuro-linguistic Programming, choose* ***one*** *of the following reasons why you're not familiar with it. (Leave out if you have completed question 2)*

| | |
|---|---|
| 3.1 Ek stel nie genoeg in Neuro-linguïstiese Programmering belang om meer daaroor uit te vind nie / *I'm not interested enough in Neuro-linguistic Programmering to find out more about it* | |
| 3.2 Ek het nog nooit die geleentheid gehad om met Neuro-linguïstiese Programmering in aanraking te kom nie/ *I've never had the opportunity to come into contact with Neuro-linguistic Programming* | |
| 3.3 Ek is nie in my studies aan Neuro-linguïstiese Programmering blootgestel nie / *I wasn't exposed to Neuro-linguistic Programming during my studies* | |
| 3.4 Ek het nog nooit die geleentheid gehad om opleiding in NLP te ontvang nie (finansiële en tydsbeperkinge) / *I've never had the opportunity to get trained in NLP (financial and time limitations)* | |
| 3.5 Ander / *Other* | |
| 3.6 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

49 50

**AFDELING C - INDIEN U WEL BEKEND IS MET NEURO-LINGUÏSTIESE PROGRAMMERING, VUL AFDELING C IN /** ***SECTION C - IF YOU ARE FAMILIAR WITH NEURO-LINGUISTIC PROGRAMMING, FILL IN SECTION C:***

1. Hoe lank is u al bekend met Neuro-linguïstiese Programmering? / *How long have you known about Neuro-linguistic Programming?*

| | |
|---|---|
| 1.1 1 - 2 jaar / *years* | |
| 1.2 3 - 5 jaar / *years* | |
| 1.3 6 - 9 jaar / *years* | |
| 1.4 10 - 15 jaar / *years* | |
| 1.5 16 - 20 jaar / *years* | |
| 1.6 21 - 24 jaar / *years* | |
| 1.7 25 jaar + / *years +* | |

51

2. Het u enige opleiding in Neuro-linguïstiese Programmering ontvang? / *Did you receive any training in Neuro-linguistic Programming*

| | |
|---|---|
| 2.1 Ja / *Yes* | |
| 2.2 Nee / *No* | |

52

3. Indien "Ja" by vraag 2, kies **een** van die volgende redes wat daartoe aanleiding gegee dat u NLP-opleiding ondergaan het. (Indien "Nee" by vraag 2, laat hierdie vraag uit) / *If "Yes" to question 2, choose* ***one*** *of the reasons why you went for NLP training. (If "No" to question 2, leave this question)*

| | |
|---|---|
| 3.1 Ek stel baie belang in NLP / *I am very interested in NLP* | |
| 3.2 Ek wil graag op die hoogte bly van die nuutste verwikkelinge in my veld / *I want to stay up to date with the latest developments in my field* | |
| 3.3 Ek wil myself kwalifiseer om NLP-tegnieke in my terapie te gebruik / *I want to qualify myself to use NLP techniques in my therapy* | |
| 3.4 Ek wil self ook NLP-opleidingskursusse aanbied / *I want to offer NLP training courses myself* | |
| 3.5 Ander / *Other* | |
| 3.6 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

53 54

4. Indien "Ja" by vraag 2, waar het u u opleiding in Neuro-linguïstiese Programmering ontvang? (Indien "Nee" by vraag 2, laat hierdie vraag uit) / *If "Yes" to question 2, where did you receive your training in Neuro-linguistic Programming? (If "No" to question 2, leave this question)*

| | |
|---|---|
| 4.1 Universiteit / *University* | |
| 4.2 NLP-opleidingseminare en –kursusse / *NLP-training seminars and courses* | |
| 4.3 Ander / *Other* | |
| 4.4 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

55-62

5. Indien "Ja" by vraag 2, in watter land het u u opleiding in Neuro-linguïstiese Programmering ontvang? (Indien "Nee" by vraag 2, laat hierdie vraag uit) / *If "Yes" to question 2, in which country did you receive your training in Neuro-linguistic Programming? (If "No" to question 2, leave this question)*

| | |
|---|---|
| 5.1 Suid-Afrika / *South Africa* | |
| 5.2 Oorsee / *Overseas* | |

63

6. Indien in Suid-Afrika, in watter dorp en streek? (Indien u antwoord by vraag 5 "Oorsee" is, laat hierdie hele vraag uit) / *If you received your training in NLP in South Africa, in which town and region? (If your answer to question 5 is "Overseas", leave this whole question)*

6.1 Dorp of stad / *Town or city*: ______________________________

64 65

6.2 Streek (Provinsie) / *Region (Province):*

| | |
|---|---|
| 6.2.1 Gauteng / *Gauteng* | |
| 6.2.2 Noordelike Provinsie / *Northern Province* | |
| 6.2.3 Mpumalanga / *Mpumalanga* | |
| 6.2.4 Kwa-Zulu Natal / *Kwa-Zulu Natal* | |
| 6.2.5 Oos-Kaap / *Eastern Cape* | |
| 6.2.6 Wes-Kaap / *Western Cape* | |
| 6.2.7 Noord-Kaap / *Northern Cape* | |
| 6.2.8 Noordwestelike Provinsie / *Northwestern Province* | |
| 6.2.9 Vrystaat / *Free State* | |

66

7. Indien u u NLP-opleiding oorsee ontvang het, dui aan in watter land en stad? (Indien u antwoord by vraag 5 "Suid-Afrika" was, laat hierdie vraag uit) / *If you received your NLP training overseas, indicate in which country and city? (If your answer to question 5 was "South Africa", then leave this question)*

7.1 Land / *Country*: ______________________________

67 68

7.2 Stad / *City:* ______________________________

69 70

8. Indien "Ja" by vraag 2, wat is u hoogste kwalifikasie ten opsigte van Neuro-linguïstiese Programmering? (Indien "Nee" by vraag 2, laat hierdie vraag uit) / *If "Yes" to question 2, what is your highest qualification in Neuro-linguistic Programming? (If "No" to question 2, leave this question)*

| | |
|---|---|
| 8.1 Vlak 1 – Praktisyn / *Level 1 – Practitioner* | |
| 8.2 Vlak 2 – Meesterpraktisyn / *Level 2 – Master Practitioner* | |
| 8.3 Vlak 3 – Opleier / *Level 3 – Trainer* | |
| 8.4 Ander / *Other* | |
| 8.5 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

71 72

Kaart / *Card* 2

9. Is u bekend met die vooronderstellings waarop die Neuro-linguïstiese Programmeringsmodel berus? / *Are you familiar with the presuppositions of the Neuro-linguistic Programming model?*

| | |
|---|---|
| 9.1 Ja / *Yes* | |
| 9.2 Nee / *No* | |

1

10. Indien "Ja" by vraag 9, op watter **enkele** belangrikste vooronderstelling berus Neuro-linguïstiese Programmering volgens u? (Indien "Nee" by vraag 9, laat hierdie vraag uit) / *If "Yes" to question 9, on which* ***most important*** *presupposition is Neuro-linguistic Programming based, according to you? (If "No" to questions 9, leave this question)*

| | |
|---|---|
| 10.1 Die kaart is nie die gebied nie/ *The map is not the territory* | |
| 10.2 Indien een persoon iets kan doen, kan enige persoon leer om dit te doen / *If one person can do something, another person can learn to do it* | |
| 10.3 Alle gedrag het 'n positiewe bedoeling in 'n spesifieke konteks / *All behaviour has a positive intention in a specific context* | |
| 10.4 Die betekenis van enige kommunikasie lê in die reaksie wat dit uitlok / *The meaning of any communication is the response you get* | |
| 10.5 Daar bestaan geen mislukking nie, slegs terugvoering/ *There is no failure, only feedback* | |
| 10.6 Elke mens besit reeds die nodige innerlike hulpbronne om enige verlangde doelwitte te bereik / *Each person has all the resources he/she needs to achieve any objectives he/she wants to* | |
| 10.7 Wanneer 'n persoon 'n handeling uitvoer, gebruik hy die beste keuses wat hy op dié tydstip tot sy beskikking het / *When a person performs an action, he/she makes use of the best choices he/she has at the time* | |
| 10.8 Die mens verwerk alle inligting deur die sintuie / *Man processes all information through the senses* | |
| 10.9 Ander / *Other* | |
| 10.10 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

2 3

11. Is u bekend met die hoofkomponente van die Neuro-linguïstiese Programmeringsmodel? / *Are you familiar with the main components of the Neuro-linguistic Programming model?*

| | |
|---|---|
| 11.1 Ja / *Yes* | |
| 11.2 Nee / *No* | |

4

12. Indien "Ja" by vraag 11, watter van die volgende beskou u as die belangrikste hoofkomponente van Neuro-linguïstiese Programmering? (Indien "Nee" by vraag 11, laat hierdie vraag uit) / *If "Yes" to question 11, which of the following are the most important/main components of Neuro-linguistic Programming? (If "No" to question 11, leave this question)*

| | |
|---|---|
| 12.1 Modellering / *Modelling* | |
| 12.2 Voorstellings van modelle ("die kaart is nie die gebied nie") / *Representations of models ("the map is not the territory")* | |
| 12.3 Voorstellingsisteme / *Representational systems* | |
| 12.4 Toegangsaanduidings / *Accessing cues* | |
| 12.5 Submodaliteite / *Sub-modalities* | |
| 12.6 Die Meta-model in terapie / *The Meta-model in therapy* | |
| 12.7 Ander / *Other* | |
| 12.8 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

5-20

13. Pas u NLP spesifiek in u terapie toe? / *Do you specifically use NLP in your therapy?*

| | |
|---|---|
| 13.1 Ja / *Yes* | |
| 13.2 Nee / *No* | |

21

14. Indien "Ja" by vraag 13, hoe lank gebruik u al Neuro-linguïstiese Programmering in u terapie? (Indien "Nee" by vraag 13, laat hierdie vraag uit) / *How long have you already been using Neuro-linguistic Programming in your therapy? (If "No" to question 13, leave this question)*

| | |
|---|---|
| 14.1 1 - 2 jaar / *years* | |
| 14.2 3 - 5 jaar / *years* | |
| 14.3 6 - 9 jaar / *years* | |
| 14.4 10 - 15 jaar / *years* | |
| 14.5 16 - 20 jaar / *years* | |
| 14.6 21 - 24 jaar / *years* | |
| 14.7 25 jaar + / *years* + | |

22

15. Indien "Ja" by vraag 13, waarom verkies u NLP-tegnieke in u terapie? (Indien "Nee" by vraag 13, laat hierdie vraag uit) / *If "Yes" to question 13, why do you prefer NLP techniques in your therapy? (If "No" to question 13, leave this question)*

| | |
|---|---|
| 15.1 Deur middel van die toepassing van NLP-tegnieke kan kliënte in terapie baie vinniger herstel as met meer tradisionele psigoterapeutiese tegnieke / *By means of the application of NLP techniques, clients in therapy can recover much faster than with more traditional psychotherapeutic techniques* | |
| 15.2 NLP-tegnieke is maklik toepasbaar / *NLP techniques are easily applied* | |
| 15.3 NLP-tegnieke lok vinniger die gewenste uitwerking by kliënte uit as wat die geval met die meer tradisionele psigoterapeutiese tegnieke is / *With NLP techniques appropriate reactions are elicited much faster than with more traditional psychotherapeutic techniques* | |
| 15.4 Die NLP-model bied 'n groter verskeidenheid tegnieke as meer tradisionele terapeutiese modelle / *The NLP model offers a much bigger variety of techniques than more traditional therapeutic models* | |
| 15.5 Ander / *Other* | |
| 15.6 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

23-34

16. Indien "Ja" by vraag 13, hoe gereeld gebruik u Neuro-linguïstiese Programmering in u terapie met kliënte? (Indien "Nee" by vraag 13, laat hierdie vraag uit) / *If "Yes" to question 13, how often do you use Neuro-linguistic Programming in your therapy with clients? (If "No" to question 13, leave this question)*

| | |
|---|---|
| 16.1 Daagliks / *Daily* | |
| 16.2 Gereeld (2-3 keer per week) / *Often (2-3 times per week)* | |
| 16.3 Selde (minder as 2 keer per maand) / *Seldom (less than 2 times per month)* | |
| 16.4 Ander / *Other* | |
| 16.5 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | |

35 36

17. Indien "Ja" by vraag 13, merk watter NLP-tegnieke en -vaardighede u oor die algemeen in u terapie gebruik. (Indien "Nee" by vraag 13, laat hierdie vraag uit) / *If "Yes" to question 13, indicate which NLP techniques and skills do you use in general in your therapy. (If "No" to question 13, leave this question)*

| | |
|---|---|
| 17.1 Ankering / *Anchoring* | |
| 17.2 Pasaangewing en leiding / *Pacing and leading* | |
| 17.3 Herkadering / *Reframing* | |
| 17.4 Modellering / *Modelling* | |
| 17.5 Uitlokkingstrategieë deur predikate / *Eliciting strategies through predicates* | |
| 17.6 Uitlokkingstrategieë deur toegangsaanduidings / *Eliciting strategies through accessing cues* | |
| 17.7 Oogbewegings en ander nie-verbale aanduidings / *Eye movements and other non-verbal cues* | |
| 17.8 Weerspieëling / *Mirroring* | |
| 17.9 Verandering van persoonlike geskiedenis / *Changing personal history* | |
| 17.10 Visueel-kinestetiese dissosiasie (ontbinding of skeiding) / *Visual kinaesthetic dissociation* | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 17.11 Lewens- of tydlynterapie / *Life- or timeline therapy* | | | | |
| 17.12 Die Swish-patroon / *The Swish pattern* | | | | |
| 17.13 Die gebruikmaking van metafore / *The use of metaphors* | | | | |
| 17.14 Pragmagiese tegnieke / *Pragmagic techniques* | | | | |
| 17.15 Ander / *Other* | | | | |
| 17.16 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | | | | |

37-68

18. Indien u NLP-tegnieke en -vaardigehde in u terapie toepas, op watter wyse gebruik u dit oor die algemeen? (Indien u nie van NLP-tegnieke gebruik maak nie, laat hierdie vraag uit) / *If you use NLP techniques and skills in your therapy, in which way do you use it in general? (If you don't use NLP techniques, leave this question)*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 18.1 NLP-tegnieke in samehang met ander psigoterapeutiese tegnieke / *NLP techniques in connection with other psychotherapeutic techniques* | | | | |
| 18.2 NLP-tegnieke afsonderlik / *NLP techniques separately* | | | | |
| 18.3 Verskillende NLP-tegnieke in samehang met mekaar / *Different NLP techniques in combination* | | | | |
| 18.4 Ander / *Other* | | | | |
| 18.5 Indien ANDER gemerk, spesifiseer: / *If marked OTHER, specify:* | | | | |

69-78

